

Openbaring





Vers vir vers

Regina Torre

Bybelstudie in Afrikaans

Blog: www.reginatorre.com

Facebook: Bybelstudie in Afrikaans Groep



Inleiding	5
Openbaring 1	6
Openbaring 2	14
- Efese	16
- Smirna.....	19
- Pergamus.....	22
- Thiatire	25
Openbaring 3	29
- Sardis	29
- Filadelfia	32
- Laodicense	36
Openbaring 4	39
- Wat gebeur tussen Openbaring 3 & 4	39
- Die Wegraving	52
- Die Troonkamer van God	58
Openbaring 5	63
Openbaring 6	69
Openbaring 7	79
Openbaring 8	86
Openbaring 9	92
Openbaring 10.....	100
Openbaring 11.....	105
Openbaring 12.....	113
Openbaring 13.....	120
Openabring 14.....	128
Openbaring 15.....	136
Openbaring 16.....	140
Openbaring 17.....	147
Openbaring 18.....	155

Openbaring 19.....	161
Openbaring 20.....	172
Openbaring 21.....	181
Openbaring 22.....	190

Inleiding

Ek glo die volgende:

- Die Bybel is die ware Woord van God.
- Die Bybel is 'n aaneenlopende verhaal wat begin in Genesis en eindig in Openbaring.
- Wanneer 'n konsep nie in Openbaring verduidelik word nie, sal ons noodgedwonge moet teruggaan na die vorige boeke in die Ou en Nuwe Testamente.
- Ek glo in 'n letterlike interpretasie van die Woord van God, want die Bybel 'means what it says, and says what it means!'

Reëls vir interpretasie van die boek Openbaring:

- Lees die woorde soos dit daar staan, moet nie 'n ander betekenis soek om te spekuleer oor wat die skrywer bedoel het nie.
- Kyk na die werklike betekenis van woorde tensy die Skrif dit duidelik vir ons anders stel.
- Simbole word meestal in die Skrif self verduidelik. Soms in dieselfde hoofstuk, soms terugwerkend in dieselfde boek, of soms sal ons elders in die Bybel vir die betekenis gaan soek, maar ons maak nie ons eie betekenis op nie.
- Daar sal tye wees wat ons nie weet wat 'n woord of begrip beteken nie, dan sal ek dit so stel.

Tensy anders vermeld gebruik ek die AFR53 vertaling van die Bybel, maar ons gaan beslis na ander vertalings en ook die Engelse vertalings kyk om begrippe duideliker te maak.

Openbaring 1



OPENBARING 1:1 AFR53

“Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het,”

Die Openbaring - enkelvoud, een openbaring of bekendmaking. Grieks, apokalupsis

Wie se openbaring - Jesus Christus se openbaring wat God aan Hom gegee het.

Diensknegte - Grieks, doulos = ‘n Lewenslange, vrywillige slaaf vir ‘n goeie meester. As Christene is ons vrywillige slawe van Jesus Christus ons goeie Meester.

Te kenne gegee - ‘n Ongeseelde openbaring wat die hoorder moet verstaan. Nie geseël soos Daniel se profesieë nie.

Te laat sien (afr 83) - Johannes het die gebeure gesien, soos ‘n flik wat voor hom afspeel.

Gou moet gebeur - beteken hier dat wanneer die profesie begin dan gaan as wat moet gebeur vinnig op mekaar volg.

Engel - Die engel is die tussenganger of boodskapper tussen Jesus en Johannes.

OPENBARING 1:2 AFR53

“wat getuig het van die woord van God en die getuienis van Jesus Christus — alles wat hy gesien het.”

Johannes kyk terug en getuig oor wat hy gesien het. Dit wat Johannes gesien het, het hy in die brief Openbaring geskryf.

OPENBARING 1:3 AFR53

“Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby.”

Salig beteken geseënd! Lees, hoor & bewaar: Openbaring is die enigste boek in die Bybel wat sê dat as jy die drie goed doen met betrekking tot dié brief, dan sal jy geseën word!

OPENBARING 1:4 AFR53

“Johannes aan die sewe gemeentes in Asië: Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is,”

Johannes - geen titel of vêrdere beskrywing om hom voor te stel nie. Hy was wel bekend onder die gemeentes in Asië.

Sewe gemeentes - sewe is die volmaaktheids getal in die Bybel. Die sewe gemeentes is dus ‘n voorstelling van al die gemeentes wat in Jesus glo. Soos ons in hoofstuk 2 & 3 gaan sien ook al die gemeentes van Johannes se tyd tot en met die eindtye.

Genade en vrede - dit was die algemene Griekse groet.

Van Hom wat is, wat was en wat kom - God wat van die begin daar was, vandag nog by ons is, en tot in ewigheid by ons sal wees.

Sewe Geeste - 100% van die Heilige Gees. Ons sal in hoofstuk 4 sien hoekom dit 100% is.

OPENBARING 1:5 AFR53

“en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed”

Jesus Christus - die tweede van die drie-enige Godheid.

die getroue getuie - Jesus was God se perfekte ambassadeur op aarde

eersgeborene uit die dode - Jesus is die eerste van al die Christene wat uit die dood opgestaan het, om nie weer te sterf nie. Die eerste vrugte van die wat opstaan uit die dood. Paulus verduidelik mooi:

“Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het.” I KORINTHIËRS 15:20 AFR53

God het vir Moses in Levitikus 23, sewe feeste gegee wat tot vandag deur die Joodse volk gevier word. Jesus se opstanding word deur die derde fees uitgebeeld wat die Fees van Eerste Vrugte genoem word en ‘n Ou Testament profesie is van Jesus se opstanding.

“Spreek met die kinders van Israel en sê aan hulle: As julle in die land kom wat Ek julle gee en sy opbrings oes, moet julle die eerstelingsgerf van julle oes na die priester bring.”

LEVÍTIKUS 23:10 AFR53

Aan Hom wat ons liefgehad het - “Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.” JOHANNES 3:16 AFR53

Ons sondes gewas het in Sy bloed - Jesus se kruisiging waar Hy met Sy bloed vir elkeen van ons sondes betaal het.

OPENBARING 1:6 AFR53

“en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen.”

Omdat Jesus se bloed ons skoon gewas het van ons sondes, sal ons konings en priesters wees in die ewigheid.

“Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig.” I PETRUS 2:9 AFR53

Aan God kom toe al die heerlikheid en die krag tot in ewigheid, Amen - dieselfde as die einde van die Onse Vader gebed.

OPENBARING 1:7 AFR53

“Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!”

Hierdie vers verwys na Jesus se tweede koms en nie die wegraping nie. Jesus gaan kom soos wat Hy gegaan het, met die wolke soos ons in Handelinge herinner word.

“En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle, wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.” HANDELINGE 1:10-11 AFR53

Die Ou Testament profete het ook die profesie gesien en neergeskryf.

“Ek het gesien in die naggestigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom.” DANIËL 7:13 AFR53

“Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smeking; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos 'n mens rouklaag oor 'n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind.” SAGARÍA 12:10 AFR53

OPENBARING 1:8 AFR53

“Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.”

Alfa en Omega is die eerste en laaste letters van die Griekse alfabet, en dui aan die begin en die einde soos die vers uitbeeld.

Die drie-enige God was daar van die begin en sal tot in ewigheid nog steeds daar wees. Ons lees in Johannes van God en Jesus (die Woord) wat van die begin daar was en ons lees in Genesis 1:2 van die Gees van God wat oor die waters gesweef het.

“In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God.” JOHANNES 1:1-2 AFR53

“In die begin het God die hemel en die aarde geskape. En die aarde was woest en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters.”
GÉNESIS 1:1-2 AFR53

OPENBARING 1:9 AFR53

“Ek, Johannes, julle broeder en deelgenoot in die verdrukking en in die koninkryk en lydsaamheid van Jesus Christus, was op die eiland wat Patmos genoem word, ter wille van die woord van God en om die getuienis van Jesus Christus.”

Johannes was verban na die eiland van Patmos van ongeveer 86AD tot 96AD. Hy was die jongste van al die dissipels en was moontlik 80 jaar oud toe hy die Openbaring gekry en neergeskryf het. Johannes was welbekend onder die gemeentes en daarom spreek hy homself aan as julle broeder. Die volgelinge van Jesus was almal vervolgd onder keiser Domitianus, so met die brief lig hy net uit dat hy soos sy broeders ook in verdrukking is ter wille van die getuienis van Jesus Christus.

OPENBARING 1:10 AFR53

“Ek was in die Gees op die dag van die Here, en ek het agter my 'n groot stem gehoor, soos van 'n basuin,”

In die Griekse vertaling is die woorde ‘dag van die Here’ ‘n byvoeglike naamwoord of ‘n beskrywende woord. So anders gestel was Johannes in die Gees op ‘n Goddelike dag. Johannes was dus ernstig besig met die dinge van God toe hy ‘n groot stem, wat klink soos ‘n basuin of ‘n trompet, agter hom hoor.

OPENBARING 1:11 AFR53

“wat sê: Ek is die Alfa en die Oméga, die eerste en die laaste, en skryf wat jy sien in 'n boek en stuur dit na die sewe gemeentes wat in Asië is: na Éfese en Smirna en Pérgamus en Thiatíre en Sardis en Filadelfía en Laodicéa.”

Die stem agter Johannes sê hy moet neerskryf wat hy sien en dan die boek stuur na sewe gemeentes in Asië wat ons vandag ken as Turkeie. Let op dat hy moet skryf wat hy sien en nie wat hy hoor nie. Die sewe gemeentes is: 1. Efese, 2. Smirna, 3. Pergamus, 4. Thiatire, 5. Sardis, 6. Filadelfia en 7. Laodicea.

OPENBARING 1:12 AFR53

“Toe draai ek my om, om te sien watter stem met my gespreek het; en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars,”

Nou vir die eerste keer draai Johannes om, om te sien wie met hom praat en die eerste wat hy sien toe hy omdraai is sewe goue kandelaars. Die kandelaars word nie omskryf nie maar wanneer die Bybel van kandelaars praat word daar verwys na die menorah . Die menorah is ‘n goue kandelaar met sewe lampe en was die enigste lig in die tempel van God. Johannes sien sewe van die kandelaars toe hy omdraai. Die betekenis van die kandelaars sal wel later in die hoofstuk uitgelig word.

In 2 Kronieke lees ons hoe Salomo die kandelaars reggemaak het vir sy tempel. In Salomo se tempel was daar elf van die kandelaars, waar daar net een kandelaar was in Moses se tabernakel.

“En Salomo het al die voorwerpe gemaak wat in die huis van God was: die goue altaar en die tafels waar die toonbrode op moes lê, en die kandelaars met hulle lampe om volgens voorskrif voor die binneste vertrek te brand, van fyn goud,” II KRONIEKE 4:19-20 AFR53

OPENBARING 1:13 AFR53

“en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met 'n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel.”

Een soos die Seun van die mens - dit is 'n verwysing na Jesus.

Kleed aan wat tot op voete hang

“wat Usself omhul met die lig soos met 'n kleed, wat die hemel uitspan soos 'n tentdoek;” PSALMS 104:2 AFR53

“het ek my oë opgeslaan, en daar sien ek 'n man met linne bekleed, en sy heupe was omgord met goud van Ufas.” DANIËL 10:5 AFR53

gegord om die bors met 'n goue gordel

“En geregtigheid sal die gordel van sy lendene en trou die gordel van sy heupe wees.” JESAJA 11:5 AFR53

OPENBARING 1:14 AFR53

“Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos 'n vuurvlam,”

“Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en 'n Oue van dae gaan sit het; sy kleed was wit soos sneeu en die hare van sy hoof soos skoon wol; sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan 'n brandende vuur;” DANIËL 7:9 AFR53

“En sy liggaam was soos chrisoliet, en sy aangesig soos die geflikker van bliksem en sy oë soos fakkels van vuur” DANIËL 10:6 AFR53

OPENBARING 1:15 AFR53

“en sy voete soos blink koper wat gloei soos in 'n oond, en sy stem soos die stem van baie waters.”

“.....en sy arms en sy voete soos blink geskuurde koper en die geluid van sy woorde soos die gedruis van 'n menigte.” DANIËL 10:6 AFR53

OPENBARING 1:16 AFR53

“En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag.”

Sewe sterre in God se regterhand - ons sal aan die einde van die hoofstuk sien wat die beteken.

Skerp tweesnydende swaard uit Sy mond - die Woord van God!

“Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.” HEBREËRS 4:12 AFR53

“En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees — dit is die woord van God —” EFÉSIËRS 6:17 AFR53

Aangesig soos son wat skyn

“En ná ses dae het Jesus vir Petrus en Jakobus en Johannes, sy broer, saamgeneem en hulle op 'n hoë berg in die eensaamheid gebring. En Hy het voor hulle van gedaante verander, en sy aangesig het geblink soos die son, en sy klere het wit geword soos die lig.” MATTHÉÛS 17:1-2 AFR53

OPENBARING 1:17 AFR53

“En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste”

Johannes se optrede om soos 'n dooie neer te val voor die aangesig van God is dieselfde as ander persone in die Bybel wat soortgelyke ondervindings gehad het.
God praat met Joshua -

“En terwyl Josua by Jériqo was, slaan hy sy oë op en kyk, en daar staan 'n man teenoor hom met 'n ontblote swaard in sy hand; en Josua het na hom gegaan en hom gevra: Behoort U by ons of by ons vyande? En Hy sê: Nee, maar Ek is die leërowerste van die Here; Ek het nou gekom. Toe val Josua met sy aangesig op die grond en buig hom neer en

God praat met Daniel -

“Toe kom hy by my staanplek; en toe hy kom, het ek geskrik en op my aangesig geval. En hy het vir my gesê: Let op, mensekind, want die gesig sien op die tyd van die einde. En terwyl hy met my spreek, het ek bewusteloos met my aangesig op die grond geval; toe het hy my aangeroen en my op my staanplek opgerig” DANIËL 8:17-18 AFR53

Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste - Jesus sê vir Johannes dat hy nie bang moet wees nie en beskryf Homself aan Johannes sodat hy weet dat dit Jesus is.

OPENBARING 1:18 AFR53

“en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood.”

Jesus bevestig wat Johannes weet. Dat Hy uit die dood opgestaan het en leef tot in ewigheid, en dat Hy die mag oor die dood en die doderyk het. Als om vir Johannes wat hom boeglam geskrik het gerus te stel en te bevestig dat Jesus met hom praat.

OPENBARING 1:19 AFR53

“Skryf die dinge op wat jy gesien het, die wat is sowel as die wat gaan gebeur;”

Revelation 1:19 KJV

“Write the things which thou hast seen, and the things which are, and the things which shall be hereafter;”

Weereens moet Johannes skryf wat hy sien, nie wat hy hoor nie!

Die vers gee vir ons die tydlyn wat in drie dele opgedeel is.

Deel 1. Die dinge wat jy gesien het / thou hast seen

- Als wat Johannes in Hoofstuk 1 tot en met hier gesien het.

Deel 2. Die wat is / things which are

- Hoofstuk 2 en 3
- Hierdie is die sewe briewe aan die sewe kerke.
- Tot vandag toe is ons nog steeds in die tydperk.

Deel 3. Sowel as die wat gaan gebeur / things which shall be hereafter

- wat gaan gebeur ná ‘dit wat is’
- Hoofstuk 4 begin met ‘na hierdie dinge’ - dit wat volg na die kerke!

“Na hierdie dinge het ek gesien OPENBARING 4:1 AFR53

“After these things I looked, Revelation 4:1 NKJV

OPENBARING 1:20 AFR53

“die verborgenheid van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, en die sewe goue kandelaars: die sewe sterre is die engele van die sewe gemeentes, en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes.”

Hier word ons nou vertel wat die sewe sterre (van vers 16) en die sewe goue kandelaars (van vers 12) beteken.

Die sewe goue kandelaars - dit is die sewe gemeentes: 1. Efese, 2. Smirna, 3. Pergamus, 4. Thiatire, 5. Sardis, 6. Filadelfia en 7. Laodacea.

Die sewe sterre - die engele van die sewe gemeentes.

Wie is die engele? In die konteks beteken die woord - 'n boodskapper, gesant, een wat gestuur word, 'n engel, 'n boodskapper van God.

“En aan watter een van die engele het Hy ooit gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete? Is hulle nie almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die saligheid sal beërwe nie?” HEBREËRS 1:13-14 AFR53

Die sewes van hoofstuk 1

1. Sewe gemeentes - 1: 4,11,20
2. Sewe goue kandelaars - 1:12,13,20
3. Sewe sterre - 1:16,20
4. Sewe Geeste 1:4 - die sewe Geeste word vir ons in Jesaja omskryf:
 1. “en op Hom sal die Gees van die Here rus,
 2. die Gees van wysheid en
 3. verstand,
 4. die Gees van raad en
 5. sterkte,
 6. die Gees van kennis en
 7. van die vrees van die Here.” JESAJA 11:2 AFR53

Openbaring 2



Inleiding

“Skryf die dinge op wat jy gesien het, die wat is sowel as die wat gaan gebeur;” - OPENBARING 1:19 AFR53

Ons het geleer dat die vers vir ons ‘n tydlyn van die boek Openbaring gee.

- | | |
|----------------------|---------------------|
| 1. wat jy gesien het | Hoofstuk 1 |
| 2. wat is | Hoofstukke 2 en 3 |
| 3. wat gaan gebeur | Hoofstukke 4 tot 22 |


Ons gaan in die volgende weke die sewe briewe aan die sewe kerke van hoofstukke 2 en 3 bestudeer en na die volgende aspekte kyk.

A) Die struktuur van elke brief wat as volg opgestel is:

1. Naam van die gemeente
2. Titel wat Jesus Christus gekies het
3. Goeie werke
4. Slegte werke
5. Aanbevelings
6. Belofte aan die oorwinnaar
7. Wie 'n oor het

B) Die profetiese tydperk wat elk van die sewe gemeentes voorstel.

Agtergrond



Alhoewel Jerusalem en Rome vêr van mekaar is, wys Paulus se sendingreise vir ons dat dit nie 'n probleem was om in die gebied te reis nie. So ook dan is briewe van die een plek na die ander gestuur om gelees te word.

Dus nie snaaks dat die apostel Johannes briewe kon skryf aan die sewe gemeentes in Asië vir voorlesing nie. Kerke daardie tyd was nie in groot geboue soos ons vandag ken nie, maar in mekaar se huise.

Die sewe briewe span 'n tydperk van die begin van die kerk (die boek Handeling) tot vandag en vêrder in die toekoms in, tot en met die Wegraving. Hierdie kerktydperke wat ons nou gaan bestudeer is ook die tydperk tussen die 69ste en 70ste week van Daniel 9.

Die sewe gemeentes is geleë in Klein Asië wat in huidige tye suidwes Turkeie is. As ons op 'n kaart kyk, is die volgorde van die briewe in 'n klokgewyse patroon. Die patroon dui dan ook vir ons 'n tydlyn aan. Die profetiese tydlyn sal aan die einde van elke brief verduidelik word.

- Efese



OPENBARING 2:1 AFR53

“Skryf aan die engel van die gemeente in Éfese: Dít sê Hy wat die sewe sterre in sy regterhand hou, wat wandel tussen die sewe goue kandelaars:”

1. NAAM VAN GEMEENTE: ÉFESE - BETEKEN BEMINDE!

Efese was ‘n belangrike hawestad in die Middellandse See, en het die westelike en oostelike uiteindes van die Romeinse Ryk verbind. Die geweldige vloei van goedere deur hierdie hawe het die stad baie ryk gemaak. Hawens bring skepe en skepe bring matrose en reisigers, en hulle het hierdie stad en sy baie tempels wat aan die Romeinse gode gewy was, besoek. Die grootste hiervan was die tempel van Diana wat gevul was met prostitute.

Te midde van hierdie besige stad met al sy heidense invloede kry ons ook een van die invloedrykste kerke van die eerste eeu. Paulus, Johannes en Timótheüs het deur die jare onder sy leiers getel, en die stad is prominent in die boek Handeling en die briewe van die Apostels.

2. JESUS SE TITEL

Jesus gebruik hier dieselfde beskrywing as in Openbaring 1 verse 13 en 16. Jesus sê hiermee dat Hy die sterre of engele of boodskappers in die palm van Sy hand vashou en dat Hy teenwoordig is in die sewe gemeentes.

“En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, OPENBARING 1:16 AFR53

“en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mensOPENBARING 1:13 AFR53

OPENBARING 2:2-3 + 6 AFR53

2 en 3 - “Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid, en dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het; en dat jy verdra het en lydsaamheid besit, en ter wille van my Naam gearbei en nie moeg geword het nie.”

6 - “Maar dit het jy, dat jy die werke van die Nikolaïete haat, wat Ek ook haat.”

3. GOEIE WERKE

Daar is ‘n hele paar goed wat die gemeente goed gedoen het:

- Verdra nie slegte mense nie.
- Stel die wat hul apostels noem op die proef, en wys hul uit as leuenaars indien nodig.
- Is verdraagsaam
- En lydsaam
- Werk ter wille van Jesus se Naam en word nie moeg nie
- Haat wat Jesus haat - die werke van die Nikolaïete.
 - Nika, nicau - om te oorkom, te oorwin, te regeer
 - Lao, laos - mense
 - Gebruik hul geestelike statuur of posisie om oor die mense te heers

OPENBARING 2:4 AFR53

“Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het.”

4. SLEGTE WERKE:

So besig met die werke van die Koning dat daar nie tyd is vir die Koning nie.

OPENBARING 2:5 AFR53

“Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie.”

5. AANBEVELINGS

Onthou die passie waarmee die gemeente begin is. Bekeer juisself en doen die werke wat jul in die begin gedoen het met Jesus as die middelpunt, anders sal Jesus jul kandelaar of gemeente verwyder.

Efese wat eens een van die belangrikste hawestede van sy tyd was en een van die sewe wonders van die antieke wêreld, is vandag 9.6 km van die see af en met net ruïnes wat besigtig kan word. Die gemeente van Efese het duidelik hul eerste liefde bly verlaat en hul kandelaar is van sy plek verwyder.

OPENBARING 2:7 AFR53

“Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne-in die paradys van God is.”

6. WIE 'N OOR HET, LAAT HOM HOOR WAT DIE GEES AAN DIE GEMEENTES SÊ

Die sin word in elke brief gevind. In die eerste drie briewe is die sin voor die belofte aan die oorwinnaar. Elkeen van ons met ore moet hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

7. BELOFTE AAN OORWINNAAR

Die belofte wat aan die einde van elke brief kom bemoedig gelowiges. Oorwinnars sal in die ewige toekoms eet van die boom van die lewe wat in die paradys is.

PROFETIESE TYDLYN: APOSTOLIESE KERK TYDPERK, 30 - 100 NC

Die gemeente in Efese verteenwoordig die Apostoliese kerk typerk - so genoem omdat die apostels die kerkleiers van die tydperk was. Die tydperk begin met die uitstorting van die Heilige Gees in die boek Handeling en eindig met die dood van die laaste apostel Johannes, wat die boek Openbaring geskryf het.

Die kerk is nou vir die eerste keer sonder apostoliese leierskap, maar hul het iets belangriker en kragtiger om die kerk te lei: die Woord van God.

- Smirna



OPENBARING 2:8 AFR53

“En skryf aan die engel van die gemeente in Smirna: Dít sê die eerste en die laaste, wat dood was en lewend geword het:”

1. NAAM VAN GEMEENTE: SMIRNA - BETEKEN MIRRE, SOOS IN BABA JESUS SE GESKENKE VAN GOUD, MIRRE EN WIEROOK.

Mirre is ‘n natuurlik boomgom van die omgewing, was ‘n belangrike bestanddeel in die balsem proses en word geassosieer met die dood, wat die hooftema van die brief is.

Smirna, vandag Izmir, is die 3de grootste stad in Turkeie en is noord van Efese met ‘n bevolking van 2,947,000 (2018). Die stad was strategies geplaas vir handel tussen Europa en Asië met uitvoer produkte soos tabak, druiwe, vye, katoen, olywe & olyfolie.

Smirna was in Johannes se tyd net nog 'n Romeinse stad vol heidense tempels, en die grootste tempel was die een vir keiser Tiberias. Dit het hierdie stad die hart gemaak van keiseraanbidding in Klein-Asië, en as sodanig het dit 'n vroeë vervolger van Christene geword.

Onder die Romeinse Keisers het geweldige en verskriklike vervolgings plaasgevind. Die Christene is in die arenas tot vermaak van die keiser en sy volgelinge vir die leeu gevoer & hulle moes met wilde diere veg tot die dood toe.

2. JESUS SE TITEL

Jesus adresseer elke kerk met ‘n gedeelte van Johannes se beskrywing oor Homself in hoofstuk een, wat ook hul eienskappe uitlig. Jesus weet hoe dit is om as mens te sterf, maar Hy het ook die krag om die dode te oorwin en vir ewig te lewe.

“wat sê: Ek is die Alfa en die Oméga, die eerste en die laaste, OPENBARING 1:11 AFR53

..... Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. OPENBARING 1:17-18 AFR53

OPENBARING 2:9 AFR53

“Ek ken jou werke en verdrukking en armoede — maar jy is ryk — en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar 'n sinagoge van die Satan.”

3. GOEIE WERKE

Verdrukking hier is die Christene wat vervolgt word. Om te werk moes jy aan 'n unie behoort, en elke unie het 'n sekere god aanbid. Deel van die aanbidding was verpligte offerhandes om jou aliansie tot die gode te bewys. As jy geweier het om die gode te aanbid, was jy nie 'n lid van die unie nie en het jy nie werk gekry nie, vandaar hul armoede. Daarom dat Jesus sê Hy ken hul werke en armoede en Hy weet van hul verdrukking.

- maar jy is ryk - hulle was beslis nie ryk aan aardse besittings nie, maar ryk in Christelike deugde en ewige besittings.

Sinagoge van Satan - Ongelowige Jode wat die Christene vervolgt het.

4. SLEGTE WERKE

Geen

OPENBARING 2:10 AFR53

“Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.”

5. AANBEVELINGS

Verdrukking was vir die Christene 'n gegewe! Beslis nie 'n uitkyk wat enige van ons met ons gemaklike lewens vandag verstaan nie. Jesus sê vir dié gemeente dat verdrukking beslis gaan plaasvind en dat hulle nie daarvoor moet vrees nie. Jesus se aanbeveling is dat hul getrou moet wees tot die dood toe, want in die ewige lewe sal hul die kroon van die lewe kry!

Selfs in Mattheus sê Jesus dat die wat vervolgt word geseënd sal wees.

“Salig is die wat vervolgt word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.” MATTHÉÛS 5:10 AFR53

Die Romeine het nie gevangenis vir lang tydperke in hul tronke gehou nie. Tien dae klink kort genoeg om 'n vonnis te voltrek en die gevangene na die amfiteater te vervoer waar hulle met die wilde diere tot die dood toe geveg het.

OPENBARING 2:11 AFR53

“Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie.”

6. WIE 'N OOR HET, LAAT HOM HOOR WAT DIE GEES AAN DIE GEMEENTES SÊ

Let op dat die belofte aan die oorwinnar weer na die sin 'wie 'n oor het' gegee word.

7. BELOFTE AAN OORWINNAAR

Die belofte wat aan die einde van elke brief kom bemoedig gelowiges. Die wat oorwin sal slegs een dood sterf, naamlik die liggaamlike dood op aarde. Die tweede dood is slegs vir diegene wat Jesus verwerp het en aan die einde van die millenium in die poel van vuur gewerp gaan word.

PROFETIESE TYDLYN: VERVOLGDE KERK TYDPERK, VAN 54 TOT 313 NC

Die tydperk verteenwoordig ongeveer 250 jaar van Christen vervolging. Hier is 'n lys van tien van die Romeinse keisers wat Christene vervolg het. Die 10 dae in Openbaring 2:10 kan ook na die tien skrikbewind keisers verwys.

1. 54-68 Nero
2. 95-96 Domitian
3. 104-117 Trajan
4. 161-180 Marcus Aurelius
5. 200-211 Septimus Severus
6. 235-237 Maximinus
7. 249-251 Decius
8. 257-260 Valerian
9. 270-275 Aurelian
10. 303-313 Diocletian

- Pergamus



OPENBARING 2:12 AFR53

“En skryf aan die engel van die gemeente in Pérgamus: Dít sê Hy wat die skerp tweesnydende swaard het:”

1. NAAM VAN GEMEENTE: PERGAMUS - PERGOS BETEKEN KRAGTIGE VESTING EN GAMOS BETEKEN HUWELIK, DUS ‘N HUWELIK MET ‘N MAGTIGE INSTELLING.

Pergamus was vir baie eeue 'n magtige stad en die hoofstad van dié Romeinse provinsie. Die goewerneur van Asië het in hierdie stad gewoon en as goewerneur het hy die gesag gehad om oor lewe en dood te beslis.

Pergamus se biblioteek kon meeding met Alexandria in Egipte en het sowat 200,000 perkamentrolle gehuisves.

Die stad was die woonplek van heidense tempels, monumente en kultusse wat heidense gode aanbid het. Onder bekende besienswaardighede was die altaar van Zeus die Griekse god van lug en donderweer asook ‘n Asklepieion mediese skool wat die middelpunt was van ‘n satanistiese kult.

2. JESUS SE TITEL

'n Tweesnydende swaard was in antieke tye 'n algemene uitdrukking vir die swaard wat gebruik is om misdadigers tereg te stel. Jesus gebruik die omskrywing van Homself om vir die gemeente van Pergamos hul foute uit te wys en hul daarvoor aanspreeklik te hou.

Jesus gebruik die beskrywing van hoofstuk 1 - en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, OPENBARING 1:16b AFR53

OPENBARING 2:13 AFR53

“Ek ken jou werke en die plek waar jy woon, waar die troon van die Satan is. En jy hou vas aan my Naam en het die geloof in My nie verloën nie, selfs in die dae waarin Antipas my getroue getuie was, wat gedood is by julle waar die Satan woon.”

3. GOEIE WERKE

Pergamus was oorwegend 'n plek van satanistiese aanbidding wat die stad geestelik 'n besonderse bose plek gemaak het, veral vir Christene. Jesus gee hier erkenning aan hul goeie werke en weet dat hul vashou aan Sy Naam, en hul geloof in Jesus nie verloën nie.

Duidelik was daar nog steeds Christene wat vervolgt was en tot die dood getrou gebly het aan Jesus, soos Antipas wat in die vers as voorbeeld gebruik word.

OPENBARING 2:14-15 AFR53

“Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bileam wat Balak geleer het om 'n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer. So het jy ook mense wat vashou aan die leer van die Nikolaïete, wat Ek haat.”

4. SLEGTE WERKE

Onthou jy die verhaal Bileam en sy donkie? Bileam was 'n profeet van God, maar hy was korrupt en gulsig. 'n Persoon wat vashou aan die leer van Bileam, is 'n persoon wat struikelblokke voor God se kinders plaas. Die 'Bileams' van Pergamus het die kerk geleer dat daar niks verkeerd was om afgodsoffers te eet of om te hoereer in die afgodstempels nie. Dus, gelowiges wat vals leering bevorder het.

OPENBARING 2:16 AFR53

“Bekeer jou; anders kom Ek gou na jou toe en sal teen hulle oorlog voer met die swaard van my mond.”

5. AANBEVELINGS

Twee woorde - bekeer jou! Draai weg van dit wat jy weet verkeerd is en keer terug na Jesus toe. Die swaard van Sy mond is die Woord van God en verwys hier na 'n teregstelling of om van die kerk afgesny te word. Meer spesifiek die leiers van die kerk wat hul gemeentes vals leeringe leer.

OPENBARING 2:17 AFR53

“Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge manna, en Ek sal hom gee 'n wit keursteen, en op dié steen 'n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang.”

6. WIE 'N OOR HET, LAAT HOM HOOR WAT DIE GEES AAN DIE GEMEENTES SÊ

Let op dat die belofte aan die oorwinnar weer na die sin 'wie 'n oor het' gegee word.

7. BELOFTE AAN OORWINNAAR

Verborgte manna - kos van God in teenstelling met kos wat aan gode geoffer is.

Wit steen in Perganum se tyd - die Asklepieion mediese skool in Perganum met hul satanistiese gebruike het ook genesings gedoen. Wanneer 'n persoon wat die skool besoek het genees is van hul kwaal, het hul by die uitgang 'n wit klip geneem, hul naam opgeskryf en die kwaal waarvan hul genees is. Dit het gedien as monumente vir die vals gode en hul genesings. Ja, die duiwel kan ook genees - daarom belangrik om te weet in wie se naam die genesing plaasvind!!

Wit steen met naam op wat niemand ken nie - soos 'n kaartjie wat jy koop (wat net jy kan gebruik) na 'n opvoering met beperkte toegang. Daar is net een pad na die Vader, en dit is deur Jesus!

“Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.” JOHANNES 14:6 AFR53

PROFETIESE TYDLYN: GETROUDE KERK, VAN 313 NC TOT 600 NC

In 313 NC sien keiser Konstantyn 'n visioen op die slagveld en verklaar dat almal in die Romeinse Ryk Christene moet wees. Hier is die kerk getroud met 'n magtige instelling naamlik die Romeinse Ryk, vandaar die betekenis van Pergamus.

Al die kerke moes onmiddelik hul deure vir die heidene met hul gewoontes en bygelowe oopmaak. Dit het tot gevolg gehad dat almal se vakansiedae gekombineer is en dat hul heidense gebruike soos tempelpriesters, beelde van afgode, kinderdoop en mistieke invloede die kerk geïnfilteer het.

Jesus het egter gesê Hy kom met die swaard van die mond om dit als te eindig. Die kerk is nie tot niet nie, maar God het wel die val van die Romeinse Ryk bewerkstellig wat in ongeveer 600 NC plaasgevind het.

- Thiatire



OPENBARING 2:18 AFR53

“En skryf aan die engel van die gemeente in Thiatire: Dít sê die Seun van God wat oë het soos 'n vuurvlam, en sy voete is soos blink koper:”

1. NAAM VAN GEMEENTE: THIATIRE - BETEKEN EWIGDURENDE OFFERHANDES.

Thiatire was 'n belangrike stad op die handelsroete tussen Pergamus en Sardis en die stad het ook meer vakbonde gehad as enige van die ander stede in die omgewing. Elke vakbond het sy eie god aanbid en tydens die gereelde vakbond vergaderings is vleis aan die gode geoffer. Die geofferde vleis was dan ook hul ete vir die aand, gepaard met orgies wat normale praktyk was in die vergaderings. Persone wat geweier het om deel te wees hiervan is verban van die vakbond wat beteken het dat hul nie kon werk en geld verdien nie.

Thiatire was ook 'n militêre stad wat ontstaan het in 300 BC. Die stad is geleë in 'n vallei met geen natuurlike beskerming nie, daarom was die stadsmure versterk en het hul 'n permanente garnisoen hier gevestig, vir hul eie beskerming en vir die beskerming van die hoofstad Pergamus.

2. JESUS SE TITEL

Die beskrywing wat Jesus uit hoofstuk een van Homself neem beklemtoon Sy oë van vuur en voete van koper. Oë wat deurboor en alles sien wat ons doen. Koper is altyd 'n voorstelling van oordeel.

Hoofstuk 1 - en sy oë soos 'n vuurvlam, en sy voete soos blink koper
OPENBARING 1:14b-15a AFR53

OPENBARING 2:19 AFR53

“Ek ken jou werke en liefde en diens en geloof en jou lydsaamheid en jou werke, en dat die laaste meer is as die eerste.”

3. GOEIE WERKE

Jesus gee weereens erkenning aan die kerk se goeie werke. Hul goeie werke het toegeneem, hulle was georganiseerd en aktief in hul diensbaarheid, lydsaamheid en liefde.

Meer mense is gevoed, gehuisves, geleer, en meer mense het goeie werke ontvang. Dit wil voorkom of die mense vroom en hard gewerk het.

Jesus is beslis 'n voorstander van Sy kerk wat goeie werke doen, maar goeie werke kan nie die kerk se kern missie oorheers nie, nl: evangelisasie - om siele vir Jesus te wen.

Die redding van siele deur die verkondiging van die Evangelie is die uiteindelijke en beste maatstaf van die kerk se gehoorsaamheid aan Jesus.

OPENBARING 2:20-23 AFR53

“Maar Ek het enkele dinge teen jou; dat jy die vrou Isébel, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet. En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie. Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in 'n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie. En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke.”

4. SLEGTE WERKE

Jesus gebruik die profetes Isebel van die Ou Testament as 'n voorbeeld om te verduidelik wat die kerk verkeerd doen. Sy verlei die mense om te hoereer en afgodsoffers te eet. Lees in 1 Konings 16 wie Isebel was - Koning Agab trou met Isebel en hy begin om Baäl se afgode te dien.

“En Agab, die seun van Omri, het gedoen wat kwaad is in die oë van die Here, meer as al sy voorgangers. En dit was nog die minste dat hy in die sondes van Jeróbeam, die seun van Nebat, gewandel het: hy het Isébel, die dogter van Et-Baäl, die koning van die Sidoniërs, as vrou geneem, en Baäl gaan dien en voor hom neergebuig, en vir Baäl 'n altaar opgerig in die huis van Baäl wat hy in Samaría gebou het.” I KONINGS 16:30-32 AFR53

Iemand wat 'n profeet is gee voor dat hul van God hoor. Duidelik is die Isebel 'n profeet met 'n valse boodskap wat die kerk verlei, 'n ongelowige met 'n bose hart wat die wil van die vyand wou doen. Die groot sonde van die kerk in Thiatire is hul onvermoeë of onwilligheid om nie die valse boodskap van die profeet teen te staan nie.

Ons het hier die eerste vermelding van die Groot Verdrukking waar mense hulself sal bevind as hul nie eers bekeer nie.

Jesus haal Jeremia aan en sê dat elkeen se hart deursoek sal word en elkeen sal regverdig geoordeel word volgens hul vrugte of werke.

“Ek, die Here, deursoek die hart, toets die niere, om aan elkeen te gee na sy weë, volgens die vrug van sy handeling.” JEREMIA 17:10 AFR53

OPENBARING 2:24-25 AFR53

“En ek sê vir julle en die ander wat in Thiatire is, almal wat hierdie leer nie het nie, en die wat die dieptes van die Satan, soos hulle dit noem, nie leer ken het nie: Ek sal op julle geen ander las lê nie. Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom.”

5. AANBEVELINGS

In Pergamus het ons gelowiges gekry wat vals leeringe bevorder het, en hier in Thiatire het ons nie-gelowiges wat in beheer is van die kerk. Die kerk het hier beweeg na 'n punt waar hul leeringe verkondig wat duidelik deur die vyand of Satan aanvaar word.

Jesus sê nou vir dié wat nie deel is van die valse leer nie dat Hy geen ander las op hul sal lê nie.

Jesus sluit af met 'n verwysing na Sy tweede koms - Hou vas wat julle het, **totdat Ek kom!** Die laaste vier briewe het elk 'n verwysing na die tweede koms van Jesus.

OPENBARING 2:26-28 AFR53

“En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het. En Ek sal hom die môrester gee.”

6. BELOFTE AAN DIE OORWINNAAR

Die belofte aan die oorwinnar is die volgende: 1) mag oor die nasies om hul te regeer, 2) oorwinning oor alle vyande, en 3) die môrester.

Hierdie môrester is Jesus self, soos Openbaring 22:16 onthul. Jesus sal Homself aan sy kerk gee, en hulle sal ewig saam gemeenskap hê.

“Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester.” OPENBARING 22:16 AFR53

OPENBARING 2:29 AFR53

Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.”

7. WIE 'N OOR HET, LAAT HOM HOOR WAT DIE GEES AAN DIE GEMEENTES SÊ

Hierdie frase word van hier af geplaas na die belofte aan die oorwinnaar, so die sewe gemeentes kan in twee groepe opgedeel word. Die eerste drie gemeentes en die laaste vier gemeentes. Die laaste vier het elk 'n verwysing na Jesus se tweede koms wat kan aandui dat gedeeltes van die kerke nog vandag teenwoordig is en deel gaan uitmaak van die eindtye.

PROFETIESE TYDLYN: ROOMS KATOLIEKE KERK VAN 600 TOT 1517 NC

Die brief verteenwoordig die tydperk in die geskiedenis toe die Rooms Katolieke instansie die kerk oorheers het en die Isebel van die tydperk was wat vals leeringe in die kerk verkondig het.

Hierdie tydperk was gekenmerk deur die Katolieke inkwisisies waar Christene op brandstapels verbrand is en op heelwat ander ondenkbare maniere doodgemartel is.

Jesus waarsku in Openbaring 2:22-23 van 'n ernstige siekbied wat doodmaak as die mense nie bekeer nie. Hierdie kan verwys na die swart plaag wat Europa getref het (1347 - 1351) waar 'n derde van die bevolking in Europa en Asië dood is.

Die swart plaag het ook die Katolieke kerk ernstig getref. Die priesters en nonne wat die siek pasiente verpleeg het, het nie die plaag vrygespring nie. Gemeentelede wat bang was om siek te word het nie meer kerk toe gegaan nie, wat tot gevolg gehad het dat die kerk se fondse 'n ernstige knou gekry het. So het die Katolieke kerk se mag begin kleiner word en plek gemaak vir vrye denkers soos Martin Luther wat 'n groot rol gespeel het in die volgende tydperk.

Openbaring 3

- Sardis



OPENBARING 3:1a AFR53

“En skryf aan die engel van die gemeente in Sardis: Dít sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het:

1. NAAM VAN GEMEENTE: SARDIS - BETEKEN ‘N KLEIN GROEP WAT OORBLY OF IN ENGELS REMNANT.

Sardis was die hoofstad van die provinsie Lydia en word vandag Sart genoem. Die stad het bestaan uit 2 dele: ‘n Versterkte stad bo-op ‘n heuwel met onklimbare kranse en ‘n handelstad met landbouprodukte & verwante industrieë op ‘n gelyk terrein. Sardis was die dorp wat ontdek het hoe om wol te kleur.

In 546 BC word Sardis ingeval deur Persië. Terwyl die Persiese soldate die dorp (op die kranse) omsingel en keer dat niemand in of uit kan gaan nie, sien een van die mans hoe ‘n soldaat van Sardis se helmet teen die krans afval. Hy sien vêrder hoe die man teen die kranse afklim en sy helmet gaan haal, en so word die pad boontoe vir Persië gewys, en Sardis word deur hul weermag oorgeneem.

Argeologiese opgrawings is in 1910 in Sardis begin, maar die stad self is eers in 1958 opgegrawe. Al wat van die stad oorgebly het is ruïnes wat vandag deur toeriste besoek word.

2. JESUS SE TITEL

Jesus gebruik die volgende omskrywings van Homself uit hoofstuk 1:

..... en van die sewe Geeste wat voor sy troon is,” OPENBARING 1:4b AFR53

“En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, OPENBARING 1: 16a AFR53

Die sewe Geeste van God is die Ou Testament se manier om die Heilige Gees te beskryf. Hoekom gebruik Jesus die titel? Heel moontlik omdat dié kerk soos baie van vandag se kerke ongemaklik is met die werkinge van die Heilige Gees, en dit is een van die groot oorsake van skeuring in ons kerke.

OPENBARING 3:1b AFR53

.....Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef, en jy is dood.”

3. GOEIE WERKE

Geen

4. SLEGTE WERKE

Christene word geken aan die vrugte wat hul dra. Wat is die vrugte? Dit is ons werke! As ons self bekeer is en dan niks vêrder doen om vrugte te dra nie, het ons net die titel van Christen maar is vêrder dood. Wat sê Jesus hiervan in Mattheus.

“Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is. Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. 'n Mens pluk tog nie druiwe van dorings of vye van distels nie! So dra elke goeie boom goeie vrugte; maar 'n slegte boom dra slegte vrugte. 'n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom ook geen goeie vrugte nie. Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi. So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken.” MATTHÉÛS 7:15-20 AFR53

OPENBARING 3:2-4 AFR53

“Wees wakker en versterk die wat oorbly, wat op die punt staan om te sterwe, want Ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie. Onthou dan hoe jy dit ontvang en gehoor het, en bewaar dit en bekeer jou; as jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie. Maar jy het enkele persone ook in Sardis wat hulle klere nie besoedel het nie, en hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is.”

5. AANBEVELINGS

Word wakker en gee aandag aan die mense rondom jou wat nog nie vir Jesus ken nie, veral die wat op die punt staan om te sterwe. Onthou jy nog die eerste keer toe jy die goeie boodskap gehoor en ontvang het? Bewaar die oomblik in jou hart sodat Jesus se terugkeer jou nie onverwags tref soos 'n dief in die nag nie! Wakker volgers van Jesus sal Sy koms erken en nie onverhoeds betrap word nie!

Daar is altyd 'n klein groep mense wat Jesus bly volg (die remnant) en hulle sal saam met Jesus in wit klere wandel! Wit is altyd 'n simbool van verlossing.

OPENBARING 3:5 AFR53

“Wie oorwin, sal bekleed word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele.”

6. BELOFTE AAN DIE OORWINNAAR

Die oorwinnaar is elkeen wat wedergebore is - “Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof.” I
JOHANNES 5:4 AFR53

Almal wat gered is se name is in die boek van die lewe geskryf.

OPENBARING 3:6 AFR53

“Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.”

7. WIE 'N OOR HET, LAAT HOM HOOR WAT DIE GEES AAN DIE GEMEENTES SÊ

Die verwysing na Jesus se tweede koms in dié brief vind ons in vers 3 - as jy nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief.

“Onthou dan hoe jy dit ontvang en gehoor het, en bewaar dit en bekeer jou; as jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie.” OPENBARING 3:3 AFR53

PROFETIESE TYDLYN: DENOMINASIE OF REFORMASIE KERK VAN 1517 TOT 1648 NC

Martin Luther lees in die Bybel dat nie werke nie, maar slegs geloof jou kan red. Op 31/10/1517 slaan hy sy 95 Stellings teen die Wittenberg Kerk vas, en so begin die tydperk van reformatie.

“Waar is dan die roem? Dit is uitgesluit. Deur watter wet? Van die werke? Nee, maar deur die wet van die geloof. Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet.” ROMEINE 3:27-28 AFR53

Martin Luther het die Bybel in Duits vertaal en was so afgesit van werke dat hy die Bybelboek van Jakobus, wat sê dat geloof sonder werke dood is, uit die Nuwe Testament uitgehaal het en net as 'n bylaag ingevoeg het.

Die negatiewe gevolg van die reformatie was dat mense opgehou het om werke te doen. Baie minder liefdadigheidswerke is gedoen en kerke het opgehou met evangelisasie.

Die Heilige Gees is nie in die denominasie kerke nie, die kerke is finansiële sterk, invloedryk en voorspoedig, en uiterlik skeep hul die indruk dat dit goed gaan, maar innerlik was die kerk besig om stadig dood te gaan.

'n Klein groep gelowiges het gelukkig die vuur van die Evangelie brandend gehou, en so gaan ons die volgende tydperk in.

- Filadelfia



OPENBARING 3:7 AFR53

“En skryf aan die engel van die gemeente in Filadelfia: Dít sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie:”

1. NAAM VAN GEMEENTE: FILADELFIA - BETEKEN BROEDERLIKE LIEFDE.

Filadelfia is gestig omstreeks 150 BC deur koning Attalus van Pergamus, wie se bynaam Filadelfia was, en wat broederliefde beteken. Hierdie man was bekend vir die bewondering en liefde vir sy broer, Eumenes, en hy het hierdie stad na hom vernoem.

Die moderne naam van Filadelfia is Alasehir. Die stad was bekend as die Imperiale posroete tussen Asië en Europa, en met vrugbare vulkaniese grond en baie wingerde het die gebied bekend gestaan as ‘n wynboustreek met goeie wyn.

‘n Groot aardbewing verwoes die stad in 17 BC en die mense begin om buite die stad te bly omdat hulle bang is vir nog aardbewings. Hulle was veral bang dat die pilare wat die geboue ondersteun op hul sou val.

2. JESUS SE TITEL

Jesus gebruik nie hier weer 'n beskrywing uit hoofstuk 1 nie, maar hy stel Homself voor as die Heilige en Ware God wat verwys na Jesaja 22:22.

Die gedeelte verwys na die Millenium wanneer koning Dawid onder Jesus gaan regeer. Jesus self het die sleutel van Dawid wat toon dat Jesus die hoogste gesag het.

“Aan hom sal Ek die sleutels van die koning se huis gee; wat hý oopsluit, sal niemand toesluit nie, wat hý toesluit, sal niemand oopsluit nie.” JESAJA 22:22 AFR83

Daar is net een pad na God en dit is deur Jesus. Jesus hou nog die deur oop vir die wat Hom as Verlosser wil aanneem. Moet nie soos die onverstandigde maagde wees wat nie genoeg olie vir hul lampe gehad het nie. Vir hulle is die deur gesluit!

“Terwyl die onverstandiges olie gaan koop het, het die bruidegom gekom. Dié wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof toe, en die deur is gesluit. “Later kom die ander meisies ook daar aan en roep: ‘Meneer, Meneer, maak vir ons oop!’ Maar die bruidegom antwoord: ‘Ek sê vir julle: Ek ken julle nie!’ “Waak dan, omdat julle nie weet op watter dag en uur dit sal gebeur nie.” MATTEUS 25:10-13 AFR83

OPENBARING 3:8-10 AFR53

“Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie. Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg — Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het. Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.”

3. GOEIE WERKE

Hulle het God se woord bewaar en nie Sy Naam verloën nie.

Oop deur – God maak deure oop om die werk van die evangelie en sending te bevorder en effektief te maak. Orals waar God deure vir Sy werkers oopmaak om die evangelie te verkondig, daar seën Hy hulle werk.

Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom - Wegraving?

4. SLEGTE WERKE

Geen

OPENBARING 3:11 AFR53

“Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie.”

5. AANBEVELINGS

Jesus sê hier uitdruklik dat Hy weer kom soos Hy vir ons sê in Johannes 14:3.

“En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.” JOHANNES 14:3 AFR53

Jesus sê hier vir die gelowiges om vas te hou aan die kroon wat hul reeds het.

Die kroon is in Grieks - stephanos. Stephanos is ‘n kroon wat gewen is in die olimpiese spele as jy gewen het. In dié geval die ewige saligheid wat gegee sal word as prys aan die opregte diensknegte van God.

OPENBARING 3:12 AFR53

“Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam.”

6. BELOFTE AAN DIE OORWINNAAR

In ‘n stad met soveel aardbewings, is pilare as versterking gebruik vir die geboue. Die mense van Filadelfia was bang dat die pilare tydens ‘n aardbewing op hul sal val en daarom het hul buite die stad gewoon. Jesus sê dat gelowiges nie meer bang hoeft te wees vir die pilare nie, ons sal elk ‘n pilaar kry in die tempel van God waar ons vir ewig gaan woon, en elkeen van ons sal as God se eiendom gemerk word.

Die nuwe Jerusalem wat uit die hemel neerdaal verwys na die ewigheid wat volg na die millenium en ons lees daarvan in Openbaring 21.

“En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie. En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is. En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.” OPENBARING 21:1-3 AFR53

OPENBARING 3:13 AFR53

“Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.”

7. WIE 'N OOR HET, LAAT HOM HOOR WAT DIE GEES AAN DIE GEMEENTES SÊ

Die verwysing na Jesus se tweede koms in die brief vind ons in verse 10-11.

..... sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel. Kyk, Ek kom gou! OPENBARING 3:10-11 AFR53

PROFETIESE TYDLYN: SENDING KERK VAN 1648 TOT 1900 NC

Vir die eerste eeu na die Reformasie kerk was daar geen sendingwerk nie. Elke groot Europese land het besluit om of die Protestante of die Katolieke kerk te volg. Elke kind wat gebore is, is gedoop in hul kerk en almal was gesien as Christene. Die Duitsers was in die Lutherse kerk, die Engelse in die Anglikaanse kerk, die Skotte in die Presbiteriaanse kerk, ens. So, daar was nie 'n nodigheid om te evangeliseer nie.

Evangelisasie kerke het wel begin vorm in teenstand met die staatskerke, maar die kerke is deur die staat vervolg. In so mate dat die mense gevlug het uit Europa na die nuwe wêreld wat ons vandag ken as: Noord Amerika, Suid Amerika, Australia, Suid Afrika ens. Onthou bv. die Franse Hugenote wat na Suid Afrika gevlug het.

In die volgende 300 jaar het die kerk vinniger versprei as enige tydperk gedurende die eerste eeu. Natuurlik het Jesus die deure vir die evangeliste oopgemaak. Alhoewel die Evangelisasie kerke nooit 'n groot staatskerk geword het nie, het hul groot sukses onder die mense behaal. Daar was selfs 'n klein groep Jode wat Jesus begin volg het.

Vir 'n tydperk het Filadelfia die ware, uiterlike getuieniskerk wat Jesus vir die wêreld bedoel het, weer gevestig. Die kerk het 'n groot impak gehad deur vas te hou aan wat heilig en waar was. As 'n seën sê Jesus dat Hy dié kerk sal bewaar van die uur van beproewing wat die hele wêreld gaan tref.

- Laodicense



OPENBARING 3:14 AFR53

“En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense: Dít sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God:”

1. NAAM VAN GEMEENTE: LAODICENSE - BETEKEN, DIE MENSE REGEER IN TEENSTELLING MET GOD WAT REGEER!

Die Romeine verower Laodicense in 133 BC en maak dit hul administratiewe en regsprekende hoofstad. Die stad was die welvarendste van al sewe stede en wyd bekend vir die geldhandel van sy bankiers. Hulle het geboer met ‘n spesiale skaap wat fyn sagte swart wol gehad het. Laodicense was ook beroemd vir hul mediese skool wat onder meer ‘n salf vir swak oë gemaak het.

Die stad is ook deur twee groot aarbewings getref. Met die tweede aardbewing wys hul hulp van Rome om die stad te herbou van die hand en herbou die stad self. Die stad wys dat hul niemand nodig het nie, hulle het genoeg geld om als self te doen.

Al wat die dorp nie gehad het nie was water wat hul met waterkanale (aquaducks) van die naby geleë dorpe aangelê het. Die enigste probleem was dat wanneer die water in die dorp uitgekom het was dit nie warm of koud nie, maar lou!

2. Jesus se titel

Jesus gebruik die volgende beskrywings van Homself uit hoofstuk 1.

“en van Jesus Christus, die getroue getuie, OPENBARING 1:5a AFR53

Die begin van die skepping van God word in die volgende verse weerspieël - “Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.” OPENBARING 1:8 AFR53

OPENBARING 3:15-17 AFR53

“Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug. Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie.”

3. GOEIE WERKE

Geen

4. SLEGTE WERKE

Jesus ken die stad se werke, niks is verborge vir God se oë nie. Hulle is nie warm of koud nie, maar lou! Jesus sê dat hy hul sal uitspoeg (of ‘opgooi’ is ‘n beter vertaling) omdat hul lou is, soos ‘n mens lou water uitspoeg omdat dit so sleg is. Net genoeg godsdiens om die gewete te sus, nie om siele te red nie! Kies ‘n kant, moet nie lou wees nie!

“En Elía het nader gekom na die hele volk en gesê: Hoe lank hink julle op twee gedagtes? As die Here God is, volg Hom na; en as Baäl dit is, volg hom na! Maar die volk het hom niks geantwoord nie.” I KONINGS 18:21 AFR53

“mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af.” II TIMOTHEÛS 3:5 AFR53

God waarsku altyd die rykes. Plaas dit in kontras met die gemeente in Smirna wat arm was, maar ryk! Waak teen welgestelde tevredenheid en geestelike selfvoldaanheid wat daaruit kan vloei. Die kerk is geestelik arm!

“en die sorge van hierdie wêreld en die verleiding van die rykdom en die begeerlikhede in verband met die ander dinge kom in en verstik die woord, en dit word onvrugbaar.” MARKUS 4:19 AFR53

OPENBARING 3:18-20 AFR53

“Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien. Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou. Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.”

5. AANBEVELINGS

Koop goud by God wat deur vuur gelouter is, sodat jy ryk word, nie met aardse besitting nie, maar met geloof in God vir die ewige lewe.

Wit klere om jou sonde te verberg, in teenstelling met die swart wol van die skape.

Salf op jou oë sodat jy jou verkeerde lewe kan sien & bekeer.

God klop aan jou deur – Gaan jy oopmaak?

OPENBARING 3:21 AFR53

“Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het.”

6. BELOFTE AAN DIE OORWINNAAR

Die 'oorwinnaar' verwys na die gelowiges, en die belofte is dat ons saam met Jesus in die toekomstige koninkryk sal wees.

OPENBARING 3:22 AFR53

“Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.”

7. WIE 'N OOR HET, LAAT HOM HOOR WAT DIE GEES AAN DIE GEMEENTES SÊ

Die verwysing na Jesus se tweede koms in die brief vind ons in vers 20.

“Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. OPENBARING 3:20 AFR53

PROFETIESE TYDLYN: AFVALLIGE KERK VAN 1900 TOT ?


Laodicense is profeties ‘n prentjie van die kerk in die eindtye. Dit is hartseer om te dink dat Jesus buite Sy eie kerke staan en klop, en die vraag moet wees of dit ‘n prentjie van ons is.

Het ons Jesus uit ons vergaderplekke gestoot? Word die ware Woord van God van ons preekstoele gepreek? Is ons so besig met planne maak en die aanbied van programme dat ons nie opmerk dat Jesus uit die kerk uitgeskuif is nie?

As Jesus aan die deur van jou hart klop - maak die deur oop!

Openbaring 4

- Wat gebeur tussen Openbaring 3 & 4



OPENBARING 4:1 AFR53

“Na hierdie dinge het ek gesien — kyk, 'n geopende deur in die hemel, en die eerste stem wat ek soos 'n basuin met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur.”

Openbaring 1:19 se tydlyn word in drie dele opgedeel:

1. Die verlede tyd - wat jy gesien het - Hoofstuk 1
2. Die huidige tyd - wat is - Hoofstukke 2 en 3
3. Die toekoms - wat gaan gebeur - Hoofstuk 4 tot 22

“Skryf die dinge op wat jy gesien het, die wat is sowel as die wat gaan gebeur;” -
OPENBARING 1:19 AFR53

Hoofstukke 2 en 3 wys vir ons die kerktydperk wat begin in die boek Handelingte met die uitstorting van die Heilige Gees en gaan eindig met die Wegraping - dit is die huidige tyd!

Hoofstuk 4 begin met ‘na hierdie dinge’ met ander woorde, na hoofstuk 2 en 3 of die kerktydperk. Vêrder is daar ‘n woordspeling van die wegraping met ‘Kom op hierheen’.

Dan sê Jesus vir Johannes - en Ek sal toon wat ná hierdie dinge moet gebeur - weereens na die kerktydperk - dus die toekoms!

Hierdie vers wys vir ons waar in Openbaring die wegraping gaan plaasvind en wanneer die Groot Verdrukking tydperk gaan begin, maar indiepte inligting oor dié onderwerpe kry ons in die Ou Testament en ander Nuwe Testament boeke. So ons volgende klompie lesse gaan nie in Openbaring wees nie, maar ons gaan bietjie delf in die res van Bybel om beter te verstaan wat hier gebeur.

LUKAS 21:24 AFR53

“En hulle sal deur die skerpste van die swaard val en as krygsgevangenes geneem word na al die nasies, en Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is.”

Luke 21:24 KJV

“And they shall fall by the edge of the sword, and shall be led away captive into all nations: and Jerusalem shall be trodden down of the Gentiles, until the times of the Gentiles be fulfilled.”

Jesus vertel hier in Lukas dat die Joodse volk verban sal word uit Jerusalem en as krygsgevangenes na al die nasies geneem sal word en Jerusalem sal vertrap word deur die nasies. In die KJV word die nasies vertaal as Gentiles wat beteken almal wat nie Jode is nie.

Tot wanneer sal al die goed plaasvind? Tot en met die ‘tye van die nasies vervul is’, of in engels the ‘times of the Gentiles are fulfilled’

Wat is die tye van die nasies? Die antwoord kry ons in die Openbaring van die Ou Testament, naamlik die boek Daniel. Die boek Daniel kan gesien word as ‘n inleiding tot die boek Openbaring. Geen studie van die eindtye sal volledig wees as ons nie na altwee die boeke kyk nie!

DANIËL 2:16-23 AFR53

“Daarop het Daniël ingegaan en die koning versoek dat hy hom tyd moes gee om die uitlegging aan die koning te kenne te gee. Toe gaan Daniël na sy huis en maak aan Hanánja, Mísael en Asárja, sy metgeselle, die saak bekend, en dat hulle barmhartigheid van die God van die hemel moes afsmeek oor hierdie geheim, sodat hulle Daniël en sy metgeselle saam met die orige wyse manne van Babel nie sou ombring nie. Daarop is in 'n naggesig die geheim aan Daniël geopenbaar. Toe het Daniël die God van die hemel geloof. Daniël het toe gespreek en gesê: Mag die Naam van God geprys word van ewigheid tot ewigheid, want die wysheid en die krag is syne. Hy tog verander die tye en die geleenthede; Hy sit konings af en stel konings aan; Hy verleen wysheid aan die wyse manne en kennis aan die wat insig het; Hy openbaar ondeurgrondelike en verborge dinge; Hy weet wat in die duister is, en die lig woon by Hom. U, God van my vaders, loof en prys ek, want U het my wysheid en krag verleen, en nou het U my bekend gemaak wat ons van U afgesmeek het, want die saak van die koning het U ons bekend gemaak.”

Ons ken almal die verhaal van Daniel en sy drie vriende wat as gevangenes uit Jerusalem na Babilon gebring is om as hofdiensars onder koning Nebukadneser te dien.

Babilon het die suidelike koninkryk van Juda ingeval en Jerusalem in 600 vC verower. Jerusalem is drie keer aangeval en Daniel en sy vriende is in die eerste aanval as bannelinge na Babilon geneem.

In die tyd kry Nebukadneser ‘n droom wat hom verskriklik ontstel en hy beveel sy geleerdes, besweerderes en towenaars om vir hom sy droom te vertel en dit uit te lê. Natuurlik kan nie een van die ‘belangrike’ groep mense vir Nebukadneser sy droom oortel, nie te praat van uitlê nie. Dit het Nebukadneser woedend gemaak en hy gee bevel dat al die mense doodgemaak moet word - en onder die groep mense het ook Daniel en sy vriende getel. Toe Daniel hiervan te hore kom vra hy vir die owerste van die koning se lyfwag om hom na Nebukadneser te neem.

Daniel vra vir Nebukadneser om vir hom tyd te gee om sy droom en uitlegging daarvan te gee. Daardie aand bid Daniel en sy vriende ernstig tot God om die geheim aan hul bekend te maak en dank onmiddellik vir God vir die openbaring.

Die mooiste vers hier vir my is: Hy sit konings af en stel konings aan - God is in beheer, altyd!

DANIËL 2:28-30 AFR53

“Maar daar is 'n God in die hemel wat geheime openbaar, en Hy het koning Nebukadnésar bekend gemaak wat aan die einde van die dae sal gebeur. U droom en die gesigte van u hoof op u bed was dit: Wat u betref, o koning, u gedagtes op u bed het opgestyg oor wat hierna sal gebeur, en die Openbaarder van die geheime het u bekend gemaak wat sal gebeur. En wat my betref, hierdie geheim is my geopenbaar, nie deur 'n wysheid wat in my sou wees meer as in al die lewendes nie, maar met die bedoeling dat die uitlegging aan die koning bekend gemaak sal word en u die gedagtes van u hart kan ken.”

Dit is baie belangrik vir ons om te sien dat Daniel nie die eer vat vir die uitlegging van die droom nie. Daniel sê vir Nebukadneser dat daar ‘n God in die hemel is wat geheime openbaar, en God gaan aan Nebukadneser wys wat aan die einde van die dae sal gebeur.

Daniel sê uitdruklik dat hy die middelman is tussen God en Nebukadneser om vir hom sy droom bekend te maak.

DANIËL 2:31-36 AFR53

“U, o koning, het 'n gesig gehad — kyk, daar was 'n groot beeld; hierdie beeld was hoog, en sy glans was buitengewoon; dit het voor u gestaan en sy voorkoms was vreeslik. Wat die beeld betref, sy hoof was van goeie goud, sy bors en sy arms van silwer, sy buik en sy lendene van koper, sy bene van yster, sy voete gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei. U het gekyk totdat daar sonder toedoen van mense hande 'n klip losraak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het. Toe is tegelykertyd die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud fyngestamp, en dit het soos kaf geword van die dorsvloere in die somer, wat die wind wegneem, sodat daar geen spoor van gevind is nie; maar die klip wat die beeld getref het, het 'n groot rots geword wat die hele aarde gevul het. Dit is die droom; sy uitlegging sal ons nou voor die koning sê:”

Die droom gee vir ons ‘n standbeeld wat uit verskillende dele aanmekaar gesit is. Die materiaal van die standbeeld wissel van goud na silwer na koper na yster en dan ‘n mengsel van yster en klei. Daniel beskryf die standbeeld van kop tot tone, en dan beskryf hy wat die standbeeld tot ‘n einde bring.

‘n Klip wat sonder toedoen van mensehande losraak tref die standbeeld se voete, soos ‘n meteoriet wat uit die hemel neerval, en vernietig die hele standbeeld. Die klip het egter gebly en gegroei tot ‘n reuse berg wat die hele aarde gevul het.

Dit is die droom, en ondanks sy eenvoud kon niemand die betekenis daarvan uitlê, bloot deur die beskrywing te hoor nie. Dit kan byna enigeiets beteken, maar dit het 'n spesifieke betekenis wat God vir Daniel gegee het.

Dus, tensy ons die interpretasie van die Here ken en aanvaar, sal ons nie die regte uitleg hê nie, en daarom het dit vereis dat God die uitleg vir die droom moes voorsien.

DANIËL 2:37-38 AFR53

“U, o koning, koning van die konings, aan wie die God van die hemel die koningskap, die krag en die sterkte en die eer verleen het, en in wie se hand Hy in die hele bewoonde wêreld die mensekinders, die diere van die veld en die voëls van die hemel gegee het, sodat Hy u as heerser oor hulle almal aangestel het — ú is die hoof van goud.”

Daniel begin met die uitleg van die droom. Die kop van die standbeeld wat van goud gemaak is verteenwoordig Nebukadneser as heerser van Babilon. Daniël vertel vir die koning dat sy mag om die nasies van die wêreld te verower 'n direkte gevolg was van God hulle in sy hand gegee het. Die besluit van die Here was selfs meer omvattend as wat die koning hom voorgestel het. Volgens God se bevel het Nebukadnesar oor elke gedeelte van die fisiese aarde geheers. Jeremia bevestig Daniël se woorde:

“Ek het die aarde, die mens en die diere wat op die aarde is, gemaak deur my grote krag en deur my uitgestrekte arm, en Ek gee dit aan wie dit reg is in my oë. En nou het Ék al hierdie lande gegee in die hand van Nebukadnésar, die koning van Babel, my dienaar; ja, selfs die wilde diere van die veld het Ek aan hom gegee om hom te dien. En al die nasies sal hom dien en sy seun en sy seun se seun, totdat die tyd van sý land ook kom, dat dit diensbaar gemaak sal word deur magtige nasies en groot konings.” JEREMIA 27:5-7 AFR53

Ons het reeds gesien dat God konings aanstel en afstel, en op 'n dag deur God voorsien, sou die bewind van Nebukadnesar eindig, en dan, in 'n tyd wat deur die Here opgedra is, sou 'n ander mag ontstaan en neem wat Babilon gehad het.

DANIËL 2:39 AFR53

“En ná u sal daar 'n ander koninkryk opstaan, geringer as dié van u; daarna 'n ander, 'n derde koninkryk, van koper, wat oor die hele aarde sal heers;”

Daniel verduidelik hier dat elkeen van die verskillende metale, verskillende koninkryke verteenwoordig. Die hoof van goud was die koninkryk van Babilon, die tweede koninkryk wat na die van Babilon heers is van silwer, en dan die derde van koper. Die standbeeld verteenwoordig dus koninkryke wat op mekaar volg, 'n tydlyn van die geskiedenis van kop tot tone.

Geen twee dele kan terselfdertyd bestaan nie, want die een deel moet eindig voordat die volgende deel begin. Dus is die standbeeld 'n tydlyn van die era wat Jesus die ‘tye van die nasies’ of ‘time of the gentiles’ genoem het, en dit begin met Nebukadneser. Elke koninkryk na Babilon sal geringer wees as die vorige een, wat ook dan so deur die metale voorgestel word. Silwer is minder werd as goud, en koper minder werd as silwer.

Die tweede koninkryk was die Mede en die Perse, voorgestel deur die bors en twee arms van silwer, en die derde koninkryk was die Griekse koninkryk van Alexander die Grote, voorgestel deur die buik en lendene (bobene) van koper. Die bobene wat in twee deel is die vier generaals wat oorneem by Alexander die Grote na sy dood. Twee generaals in die Ooste en twee in die Weste wat ‘n politieke kloof tussen die Ooste en die Weste geskep het wat vandag nog bestaan. Net soos die bene nooit weer by die standbeeld aansluit nie, so sal hierdie Oos-Wes-skeiding tot die einde van die era bly.

DANIËL 2:40-42 AFR53

“en die vierde koninkryk sal hard wees soos yster, juis omdat yster alles fynstamp en verpletter; en soos die yster wat vergruis, sal hy dit alles fynstamp en vergruis. En dat die voete en die tone, soos u gesien het, deels van pottebakkersklei en deels van yster was — dit sal 'n verdeelde koninkryk wees, en van die hardheid van die yster sal daarin wees, omdat u die yster met kleigrond gemeng gesien het. En dat die tone van die voete deels van yster en deels van klei is — 'n gedeelte van die koninkryk sal hard en 'n gedeelte sal bros wees.”

Die vierde koninkryk, die Romeinse Ryk wat voorgestel word deur die yster bene (Ooste en Weste) het die Griekse Ryk verpletter. Dit was 'n formidabele Ryk wat regeer het van 68 BC tot ongeveer 476 AD.

Die Romeinse Ryk is nooit verower deur 'n nuwe moontheid nie, maar het opgebreek in verskillende lande om 'n verdeelde koninkryk te vorm. Die wêreld soos ons dit vandag ken is die verdeelde koninkryk en die standbeeld se voete van yster en pottebakkersklei.

Die laaste deel van die standbeeld is tien tone, maar ons het nie hier 'n verduideliking nie, dit sal ons in Daniel 7 kry.

DANIËL 2:43 AFR53

“Dat u die yster gemeng met kleigrond gesien het — hulle sal deur menslike gemeenskap onder mekaar vermeng raak, maar hulle sal nie aanmekaar vasklewe nie, net soos yster nie met klei meng nie.”

Daniel 2:43 KJV “And whereas thou sawest iron mixed with miry clay, they shall mingle themselves with the seed of men: but they shall not cleave one to another, even as iron is not mixed with clay.”

Jesus gee in Mattheus die volgende waarskuwing:

“En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.”
MATTHEÛS 24:37 AFR53

Hoe was dit in die dae van Noag? Wie is die hulle in Daniel 2:43 wat deur menslike gemeenskap vermeng sal raak. Die engels maak dit bietjie duideliker. They shall mingle themselves with the seed of men. Duidelik meng 'iemand' met mense se saad om 'hulle' voort te plant.

Genesis 6: 1-2 verduidelik hoe dit was in die dae van Noag.

“Toe die mense op die aarde begin vermeerder en daar vir hulle dogters gebore is, sien die seuns van God dat die dogters van die mense mooi was, en hulle het vir hulle as vroue geneem almal wat hulle verkies het.”

Die ‘seuns van God’ het gesien dat die ‘dogters van die mense’ mooi was. Die seuns van God is engele wat hul eie woning verlaat het en kinders gekry het met mense dogters - die kombinasie is die reuse waarvan die Bybel praat wat ses tone en ses vingers gehad het.

“En die engele wat hul eie beginsel nie bewaar het nie, maar hul eie woning verlaat het, het Hy vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar;” JUDAS 1:6 AFR53

“En daar was weer oorlog in Gat; en daar was 'n baie lang man, met ses vingers aan elke hand en ses tone aan elke voet, vier-en-twintig in getal, en hy was ook 'n afstammeling van die Refaïete.” II SAMUEL 21:20 AFR53

DANIËL 2:44-45 AFR53

“Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan — net soos u gesien het dat sonder toedoen van mense hande 'n klip van die berg af losgeraak het wat die yster, die koper, die klei, die silwer en die goud verbrysel het. Die grote God het aan die koning bekend gemaak wat hierna sal gebeur; en die droom is waar en sy uitlegging betroubaar.”

Daniel vertel dat die klip wat sonder toedoen van mense hande van die berg losraak die yster, koper, klei, silwer en goud gaan verbrysel en ‘n einde maak aan al die koninkryke. God gaan dan ‘n nuwe koninkryk vestig wat nooit vernietig sal word nie.

Die droom van Nebukadneser gee ons dus ‘n tydlyn van die moonthede wat op aarde heers van Nebukadneser se tyd tot en met Jesus se tweede koms. Dit vat nie veel om te sien dat ons in die tydperk van die voete leef wat ons naby aan die eindtyd bring.

Ons moet nog leer wat die tone voorstel, en dit word duideliker in Daniel hoofstuk 7. Droom -



DANIËL 7:2-3 AFR53

“Daniël het gespreek en gesê: Ek het in die nag in my gesig gesien, en kyk, die vier winde van die hemel het die groot see in beroering gebring; en vier groot diere het uit die see opgeklim, die een verskillend van die ander.”

Uitleg - DANIËL 7:15-16 AFR53

“Die gees van my, Daniël, is in sy omhulsel verontrus, en die gesigte van my hoof het my verskrik. Ek het nader gekom na een van die wat daar gestaan het, en van hom sekerheid gevra oor dit alles; en hy het dit vir my gesê en die uitlegging van die dinge aan my bekend gemaak:

Ons is in die eerste jaar van koning Belsasar in 553 BC. Daniel is 67 jaar oud en Nebukadneser is nege jaar tevore oorlede. Daniel droom en in ‘n visioen sien hy vier groot diere wat uit die see opklim, elkeen verskillend van die ander. Hy weet nie wat dit beteken nie en is verontrus oor wat hy gesien het. Daniel vra vir die man in sy droom om vir hom te verduidelik wat die droom beteken.

Droom - DANIËL 7:4-6 AFR53

“Die eerste was soos 'n leeu, en hy het vlerke van 'n arend gehad; ek het bly kyk totdat sy vlerke uitgeruk is en dit van die grond af opgehef en soos 'n mens op twee voete neergesit is en daaraan 'n mensehart gegee is.

En kyk, 'n ander dier, 'n tweede, het gelyk soos 'n beer, en is aan die een kant opgerig; en drie ribbes was in sy bek tussen sy tande; en só het hulle vir hom gesê: Staan op, eet baie vleis.

Daarna het ek gesien, en kyk, daar was 'n ander een soos 'n luiperd, en dit het vier vlerke van 'n voël op sy rug gehad; ook het die dier vier koppe gehad, en aan hom is heerskappy gegee.”

Uitleg - DANIËL 7:17 AFR53

“Hierdie groot diere wat vier is — vier konings sal uit die aarde opstaan;”

Die uitlegging van die droom is dieselfde as Nebukadneser se droom - vier koninkryke sal op aarde heers. Hier het ons weer die ‘Tye van die nasies’ of the ‘Age of the Gentiles’.

1. Nebukadneser se koninkryk - die leeu met vlerke was die nasionale simbool van antieke Babilon. Die mens op twee voete is Nebukadneser.

2. Die Mede en Perse - Persië was die sterker mag wat aan die een kant van die beer opgerig is. Drie lande is deur die mag oorwin nl: Babilon, Lydia en Egipte - die drie ribbes in sy bek.

3. Die Grieke onder leiding van Alexander die Grote het so vinnig soos ‘n luiperd die wêreld oorwin - in net onder vier jaar en toe is Alexander dood. Sy vier generaals het na sy dood by hom oorgeneem, voorgestel deur die vier vlerke en vier koppe.

Droom - DANIËL 7:7 AFR53

“Daarna het ek in die naggestigte gesien, en kyk, daar was 'n vierde dier, vreeslik en skrikwekkend en baie sterk, en dit het groot ystertande gehad; dit het verslind en vermorsel en die oorskot met sy pote vertrap; en dit was verskillend van al die diere wat voor hom gewees het, en dit het tien horings gehad.”

DANIËL 7:19 AFR53

“Toe wou ek sekerheid verkry oor die vierde dier wat van al die ander verskillend was, buitengewoon vreeslik, met ystertande en met koperkloue, wat verslind, vermorsel en die oorskot met sy pote vertrap het,”

Uitleg - DANIËL 7:23 AFR53

“Só het hy gesê: Die vierde dier — die vierde koninkryk sal op die aarde wees, wat verskil van al die koninkryke en die hele aarde sal verslind en dit sal vertrap en dit verbrysel.”

Die vierde koninkryk het begin met die Romeinse Ryk wat die Grieke oorwin het, en versplinter het in verskillende lande en regerings soos ons die wêreld vandag ken. Daniel verwys na die eerste drie koninkryke as diere wat herkenbaar is met eienskappe wat vergelyk met die moonthede wat regeer het.

Die vierde Ryk egter het geen vergelyking nie, die dier word slegs beskryf as vreeslik en skrikwekkend en baie sterk met ystertande wat verslind, vermorsel en vertrap.

Die dier verskil ook van die ander want die tien horings gehad.

Droom - DANIËL 7:8 AFR53

“Terwyl ek op die horings ag gee, kom daar 'n ander horinkie tussen hulle op, en drie van die vorige horings is daarvoor ontwortel; en kyk, in hierdie horing was oë soos mens-oë, en 'n mond wat groot dinge spreek.”

DANIËL 7:20-21 AFR53

“en oor die tien horings wat op sy kop was, en die ander een wat opgekom het en waarvoor drie geval het, naamlik hierdie horing wat oë en 'n mond gehad het wat groot dinge gespreek het, terwyl sy gestalte groter was as van die ander. Ek het gesien dat hierdie horing oorlog voer met die heiliges en hulle oorwin,”

Uitleg - DANIËL 7:24-25 AFR53

“En die tien horings — uit daardie koninkryk sal tien konings opstaan, en 'n ander een sal ná hulle opstaan, en hý sal verskillend wees van die voriges en drie konings neerwerp. En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd.”

Daniel is bekommerd oor die tien horings van die dier. Hierdie is dieselfde as die tien tone van Nebukadneser se standbeeld. Die tien tone en tien horings verteenwoordig die einde van die ‘tye van die Nasies’ of the ‘times of the Gentiles’.

Die tien horings is tien konings wat gaan regeer. ‘n Elfde koning wat verskillend is van die ander tien konings sal aan bewind kom, verskillend wees van die voriges, en drie van die tien verslaan.

Die koning gaan TEEN God spreek, gelowiges mishandel en sal uiteindelik oor die hele wêreld regeer, want die gedeelte sê - hulle sal in sy hand oorgegee word. Die een wêreld regering wat gaan regeer vir tyd, tye en die helfte van tyd.

Hoe lank is die tydperk? tyd/ jaar + tye/ 2 jaar + helfte van tyd/halwe jaar = 3,5 jaar
Detail hiervan sal later meer duidelik word.

DANIËL 7:11-14 AFR53

“Ek het toe bly kyk vanweë die stem van die groot woorde wat die horing gespreek het; ek het bly kyk totdat die dier gedood en sy liggaam vernietig en aan die verbranding deur vuur oorgegee is. Ook aan die ander diere is hulle heerskappy ontnem, en verlenging van die lewe is aan hulle gegee tot op tyd en uur.

Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom. En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie.”

Die gedeelte moet ons gerusstel. Satan het in die einde van dae vir ‘n tydperk baie mag en hy gaan groot skade aanrig, maar ons ken die einde! Die dier word gedood en in die vuur gewerp!

Die tye van die nasies kom tot ‘n einde met Satan se einde wanneer ‘n engel uit die hemel kom om hom vir ‘n duisend jaar met kettings vas te bind en in die dieptes in te gooi.

Jesus kom weer terug soos Hy gegaan het, op die wolke, met mag en krag om vir ewig te regeer!



DANIËL 9:21-23 AFR53

“terwyl ek nog spreek in die gebed, het die man Gabriël wat ek, uitgeput van vermoeienis, 'n vorige keer in die gesig gesien het, na my gekom omtrent die tyd van die aandspysoffer. En hy het my onderrig en met my gespreek en gesê: Daniël, nou het ek heengegaan om jou insig te gee. By die begin van jou smeking het 'n woord uitgegaan, en ek het gekom om dit mee te deel, want jy is 'n geliefde man; gee dan ag op die woord en verstaan die gesig.”

Die engel Gabriël kom persoonlik na Daniel in 'n gesig, om vir hom die korrekte uitleg van die Skrif te gee op antwoord van sy gebed. Hy sê vir Daniel om ag te gee en mooi te luister sodat hy kan verstaan. Daniel was korrek met sy navorsing oor die 70 jaar wat amper verby is, maar God het die engel Gabriël na hom gestuur om vir hom 'n ander betekenis te gee. Die betekenis gaan een wees wat vêr in Daniel se toekoms gaan afspeel.

Hierdie is net een voorbeeld van 'n profesie wat 'n naby en vêr betekenis het. (Naby en vêr tyd gewys)

DANIËL 9:24a AFR53

“Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal,

DANIËL 9:24a AFR83. “Daar is sewentig tydperke vir jou volk en vir jou heilige stad vasgestel.

Al die profesie wat Daniel tot dusvêr uitgelê het, het te doen gehad met die ‘Gentiles’ of die nie-Jode. Ons het nou 'n klemverskuiwing omdat hier van die Joodse volk en die stad Jerusalem gepraat word. Wat is die sewetalle of tydperke? 'n Week is 'n sewetal of tydperk van sewe dae. In die profesie werk ons nie met dae nie maar met jare, dus 'n sewetal van jare = 7 jaar. Dis soos 'n storiesom wat ons op skool moes uitwerk. Sewentig sewetalle = 70×7 jaar = 490 jaar wat bepaal is vir die Joodse volk (Daniel se volk) en Jerusalem (die heilige stad).

Onthou ook dat ons as Christene nie die Joodse volk as uitverkore volk van God vervang nie. Vervangings teologie of in engels Replacement theology, is 'n vals leëring wat vir ons voorgehou word. God het 'n ewige verbond, 'n onverbreekbare verbond met Abraham gesluit waarin Hy aan Abraham 'n groot nageslag (waar Christene ingesluit word) en grond belowe het.

DANIËL 9:24b AFR83. “..... In dié tyd sal daar

aan die goddeloosheid en die sondes 'n einde gemaak word en

sal daar versoening gedoen word vir die oortredinge.

Dit is die tyd waarin 'n blywende geregtigheid tot stand gebring sal word,

waarin die profesie en die visioen tot vervulling sal kom en

die tempel heringewy sal word.”

Vir die tweede gedeelte van die vers het ek die AFR83 vertaling gebruik want dis makliker om te verstaan. In die tyd sal die volgende plaasvind.

1. 'n Einde aan die goddeloosheid en sonde,
2. Versoening vir oortredinge (Uit 'n Christen oogpunt het Jesus reeds vir ons sondes gesterf, maar uit 'n Joodse oogpunt moet die Messias nog kom!)
3. Blywende geregtigheid sal die orde van die dag wees.
4. Alle profesie sal vervul wees.
5. Die derde tempel sal ingewy wees.

Is enige van die boonste stellings al waar in ons tyd vandag? Punt 2 is waar vir Christene, maar hier word met die Jode gepraat. So, nee, al die bogenoemde moet nog gebeur!



DANIËL 9:25 AFR53

“Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde, 'n Vors, is sewe sewetalle; en twee-en-sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid.”

Die engel Gabriel gee nou vir Daniel tydmerkers sodat hy en ons kan verstaan wanneer die 490 jaar gaan begin, en wat daarna gaan volg. Die typerk se beginpunt is wanneer koning Kores (Cyrus) ‘n bevel uitreik om Jerusalem te herstel en op te bou. In 2 Kronieke 36:23 sê koning Kores van Persië dat die God van die hemel al die koninkryke van die aarde aan hom gegee het, en dat sy opdrag van God is om vir Hom ‘n huis te bou in Jerusalem.

Jerusalem se herstel het begin in die boek Esra met die bou van die tempel, en is voltooi met die bou van die muur in die boek Nehemia. Die tempel se bou het lank gevat as gevolg van vele teenkantiing en in tye van benoudheid, maar die muur is in 52 dae voltooi. Jerusalem se herstel het volgens Daniel se profesie sewe sewetalle geneem, dus 7×7 jare = 49 jaar.

Die tydperk vandat die muur voltooi is totdat Jesus Jerusalem inry op ‘n donkie om as ‘n Vors gesalf te word is volgens Daniel se profesie twee-en-sestig sewetalle, dus $62 \times 7 = 434$ jare. Die intog van Jesus in Jerusalem word in Mattheus 21:6-9 vir ons gegee.

“En die dissipels het gegaan en gedoen soos Jesus hulle beveel het; hulle het die esel en die vul gebring en hulle klere daarop gelê, en Hy het daarop gaan sit. En die grootste deel van die skare het hulle klere op die pad oopgegooi, en ander het takke van die bome afgekap en op die pad gestrooi. En die skare wat voor geloop en die wat gevolg het, het uitgeroep en gesê: Hosanna vir die Seun van Dawid! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here! Hosanna in die hoogste hemele!”

MATTHEÛS 21:6-9 AFR53

DANIËL 9:26 AFR53 “En ná die twee-en-sestig sewetalle sal 'n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met 'n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings.”



DANIËL 9:26 AFR53

“En ná die twee-en-sestig sewetalle sal 'n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met 'n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings.”

Hierdie vers verduidelik dat Jesus gaan sterf **ná die twee-en-sestig sewetalle**. Jesus, die Gesalfde, se intog in Jerusalem was vyf dae voor Hy gekruisig is.

Jerusalem (**die stad**) en die tempel (**die heiligdom**) is na Jesus se kruisiging in 70 AD verwoes deur die Romeine (**volk van 'n vors wat sal kom**) wat daardie tyd aan bewind was. Al die gebeurtenisse is **ná die twee-en-sestig sewetalle**. Die woord **oorstroming** is 'n aanduiding van die mag waarmee as vernietig is.

Die vers gee net vir ons 'n beginpunt nl. ná die twee-en-sestigsewetalle, maar koppel nie die verwoesting van die tempel en Jerusalem aan 'n sewetalle tydperk nie.

Daniel se profesie het begin deur te verduidelik dat ons na 490 jaar se gebeure moet kyk. Tot dusver het ons $49 + 434 = 483$ jaar. Ons kort nog 7 jaar om die 490 jare vol te maak.

Daniel se profesie gaan vir ons wys dat daar 'n tussenpose is tussen Jesus se kruisiging en die sewe jaar wat nog moet gebeur. Die tussenpose is die tydperk waarin ons nou leef, die kerk tydperk.

DANIËL 9:27 AFR53 “En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word.”



DANIËL 9:27 AFR53

“En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word.”

Ons lees nou van die finale sewe jaar tydperk - En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit. Die vors wat sal kom, die antichris, gaan vir een week of 7 jaar 'n verbond met die Joodse volk sluit om die 3de tempel te bou. Sodra die verbond geteken is, is die Kerk tydperk voltooi. Hierdie gedeelte gee vir ons die tydlyn van die Groot Verdrukking = 7 jaar!

Na drie en 'n half jaar (helfte van die week) gaan die antichris die verbond verbreek deur die offerhandes (slagoffer en spysoffer) te staak. Die offerhandes en spysoffer dui op die Joodse volk wat in hul tempel God gaan dien en offerhandes gaan offer.

En op die vleuel van gruwels sal 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde. Die antichris gaan homself opstel in die tempel as god en wel tot die einde - tot Jesus terug kom om hom te verwoes.

Jesus praat in Mattheus 24:15-16 met die dissipels en sê dat wanneer hulle die gruwel van verwoesting sien staan in die heiligdom of anders gestel, die tempel - soos deur Daniel voorspel - dan moet hulle vlug. Hier bevestig Jesus dus Daniel se profesie rakende die derde tempel en alles wat gaan gebeur.

Met al die inligting is ons nou gereed om terug te gaan na Openbaring!

- Die Wegrapping



OPENBARING 4:1 AFR53

“Na hierdie dinge het ek gesien — kyk, 'n geopende deur in die hemel, en die eerste stem wat ek soos 'n basuin met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur.”

Na hierdie dinge - dus, na die gebeure van die vorige twee hoofstukke, m.a.w. die kerktydperk.

‘n Geopende deur in die hemel - omdat ons oopgemaak het toe Jesus geklop het, is die deur in die hemel nou oop vir ons.

Die belofte aan die kerk van Laodicea: “Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.”
OPENBARING 3:20 AFR53

‘n Stem wat spreek soos ‘n basuin - “Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.” I THESSALONICENSE 4:16 AFR53

Kom op hierheen - die Wegrapping?

Wat is die Wegrapping, is dit Bybels, en as dit is, waar in die Bybel word ons daarvan geleer. Ek gaan ‘n paar dae vat om te verduidelik - so ‘buckle up’!

Kom die woord Weggraping of Rapture in die Bybel voor?

Afrikaans	Weggeruk, weggeneem, opgevaar
Engels	Caught up
Grieks	Harpazo
Latyn (Vulgate)	Rapturo

Betekenis – To seize or to snatch, soos wanneer jy ‘n kind voor ‘n aankomende motor wegruk.

Rapture word ook in die volgende gevalle gebruik en na verwys.

Paulus in Arabië “Ek weet van 'n man in Christus, veertien jaar gelede — of dit in die liggaam was, weet ek nie, of buite die liggaam, weet ek nie, God weet dit — dat so iemand weggeruk is tot in die derde hemel. En ek weet van so 'n man — of dit in die liggaam of buite die liggaam was, weet ek nie, God weet dit — dat hy weggeruk is in die Paradys en onuitspreeklike woorde gehoor het wat 'n mens nie mag uitspreek nie.” II KORINTHIËRS 12:2-4 AFR53

Henog / Enoch “En Henog het met God gewandel; en hy was daar nie meer nie, want God het hom weggeneem.” GENESIS 5:24 AFR53

“Deur die geloof is Henog weggeneem om die dood nie te sien nie; en hy is nie gevind nie, omdat God hom weggeneem het; want voor sy wegneming het hy getuienis ontvang dat hy God behaag het.” HEBREËRS 11:5 AFR53

Elia / Elijah “En terwyl hulle aldeur loop en spreek, kom daar meteens 'n wa van vuur met perde van vuur wat skeiding tussen hulle twee maak; en Elia het in die storm na die hemel opgevaar.” II KONINGS 2:11 AFR53

Jesus “En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem.” HANDELINGE 1:9 AFR53

“En sy het 'n manlike kind gebaar, wat al die nasies met 'n ystersepter sou regeer; en haar kind is weggeruk na God en sy troon.” OPENBARING 12:5 AFR53

Paulus leer vir ons dat die Joodse feeste nie net ‘n herdenking is nie, maar ook ‘n profetiese betekenis het - ‘n skaduwee van toekomstige dinge! Elke jaar word die feeste op ‘n bepaalde tyd gehou. Die feeste is ‘n kleedrepetisie vir toekomstige gebeurtenisse.

“Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie, wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus.” KOLOSSENSE 2:16-17 AFR53

So ook is die Joodse huwelik ‘n kleedrepetisie vir die weggraping. Ek gaan begin deur eers ‘n opgemaakte storie te vertel en dan met die Skrif te bevestig.

Die huwelik word gereël

Storie: Hendrik se pa en ma het 'n vriend gekry om vir hom 'n vrou te soek. Saartjie, 'n hubare meisie op een van die naburige plase is toe voorgestel as Hendrik se toekomstige vrou. Hendrik se pa is nogals tevrede met die keuse want hy ken die familie al vir jare, en hy weet dat Saartjie 'n aanwinst vir sy familie sal wees.

Bybel: Huwelike in die Bybelse tyd was deur die ouers gereël. Die pa sou iemand kry om vir sy seun 'n vrou te soek. Dit is ook wat die Bybel sê wat Jesus vir ons gedoen het.

“Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly, sodat wat julle die Vader ook al in my Naam vra, Hy julle dit kan gee.” JOHANNES 15:16 AFR53

“Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie.” JOHANNES 6:37 AFR53

“Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.” JOHANNES 6:44 AFR53

“vir wie julle, al het julle Hom nie gesien nie, tog liefhet; in wie julle, al sien julle Hom nou nie, tog glo en julle verbly met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap,” I PETRUS 1:8 AFR53

Betaling van die koopprys

Storie: Die twee (Hendrik en sy pa) neem 'n bottel wyn en 'n beker en ry op hul donkiekar na Saartjie se huis. Saartjie se ma is besig om skottelgoed te was toe sy Hendrik en sy pa sien aankom, en sy sien dat Hendrik 'n bottel wyn en 'n beker in sy hand het. Haar hart begin vinniger klop want sy weet wat nou gaan volg. Sy roep haar man en Saartjie opgewonde, wys vir hulle wie aankom en die huis is in rep en roer.

Pa gaan alleen uit na buite en die twee pa's loop die veld in om te gesels en oor die transaksie te onderhandel. Daar moet besluit word op 'n bruidsprys vir Saartjie – labolla! Soms kan die prys BAIE hoog wees. Die twee mans skud blad en gaan terug huis toe.

Bybel: die koopprys wat Jesus vir ons betaal het was BAIE duur - Jesus het Sy lewe gegee. Jesus het betaal met Sy bloed aan die kruis!

“Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan juiself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.” I KORINTHIËRS 6:19-20 AFR53

“omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos,” I PETRUS 1:18-19 AFR53

Drink van 'n beker wyn as simbool van hul verlowing / verbond

Storie: Hendrik gooi wyn in die beker en bied die beker vir Saartjie aan wat dit aanvaar en die wyn drink. Hiermee is 'n kontrak gesluit, en die twee is verloof. Saartjie het die keuse gehad om die beker te weier en NEE te sê vir die bruidegom.

Bybel: Elkeen van ons staan op 'n stadium in ons lewe voor 'n keuse - aanvaar ons of verwerp ons vir Jesus. Vir die wat Jesus aanvaar - elke keer as jy met nagmaal die beker wyn drink, bevestig jy die feit dat jy Jesus aanvaar het.

En die kontrak wat gesluit is? Die Nuwe Testament is die kontrak wat Jesus met elkeen van ons gesluit het, met Sy bloed aan die kruis op Golgota!

“Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.” I KORINTHIËRS 11:25 AFR53

Afgesonder van mekaar

Storie: Volgens tradisie gaan Hendrik nou terug na sy vader se huis om 'n kamer vir hom en Saartjie te bou. Saartjie weet nie wanneer die bouwerk klaar gaan wees nie, en sy wag op haar bruidegom.

Bybel: Jesus het vir Sy disippels voor Sy hemevaart gesê dat Hy gaan om 'n plek voor te berei, en as die plek reg is, kom Hy weer terug om ons na Hom te neem.

“Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.” JOHANNES 14:1-3 AFR53

Die bruidegom se terugkeer

Storie: Hendrik neem ook nie die besluit om te bepaal of die kamer goed genoeg is nie, sy vader doen inspeksie en sal afteken op die bouwerk wanneer hy tevrede is. Intussen wag die bruid geduldig op haar bruidegom tot hy onverwags met 'n trompetgeklank haar kom haal. Die strooionker is die een wat die trompet blaas, terwyl die bruidegom sy aanstaande gaan haal.

Bybel: Die bruidegom (Jesus) kan enige tyd terugkom, en die bruid (Christene) moet gereed wees. Daar is geen voorvereistes vir sy terugkeer nie, behalwe dat die nuwe huis klaar moet wees. Die bruidegom se aankoms word voorafgegaan deur 'n luid geroep.

“Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.” I THESSALONICENSE 4:16-17 AFR53

En so is die Joodse huwelik 'n skaduwee of prentjie van die Wegraving.

I KORINTHIËRS 15:51-53 AFR53

“Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid bekleed word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid bekleed word.”

Paulus deel hier met ons 'n verborgenheid of soos die engelse vertaling sê - a mystery. Die griekse woord mysterion beteken hier dat iets geopenbaar gaan word wat tevore verborge was. Ons gaan nie almal ontslaap of doodgaan nie, maar ons sal almal verander word.

Wanneer gaan dit gebeur - in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin.

Elke persoon wat tydens die kerktydperk (van Jesus se hemelvaart tot en met die Wegraving) sy lewe vir Jesus Christus gegee het sal in 'n oogwink verander word wanneer die laaste basuin blaas. Die dode sal opgewek word en die wat nog lewe sal verander word.

I THESSALONISENSE 4:13-18 AFR53

“Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring. Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. **Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde.”**

In detail wat nêrens anders in die Nuwe Testament gekry kan word nie, skets Paulus vir ons die gebeure van die Wegraving van die kerk. Alle gelowiges, hetsy dood in Christus of lewendig, gaan wanneer die basuin weerklink, in 'n oogwink in die wolke weggevoer (raptured) word en Jesus in die lug ontmoet, en sal so altyd by die Here wees.

Net soos die bruidegom sy bruid kom haal in die Joodse tradisie met die blaas van die trompet, so gaan Jesus sy bruid (die kerk) kom haal wanneer die basuin klink.

Paulus leer ook vir die gemeente in Thessalonika dat hulle nie moet kommer oor hul mense wat reeds dood is, soos mense wat geen hoop het nie. As ons glo dat Jesus gesterf het en opgestaan het sal God ook die Christene wat dood is saam met Hom bring.

II THESSALONISENSE 2:1-4 AFR53

“Maar ons vra julle, broeders, met die oog op die wederkoms van onse Here Jesus Christus en ons vereniging met Hom, om nie gou julle verstand te verloor of verskrik te word nie — deur gees of deur woord of deur brief wat van ons afkomstig sou wees — asof die dag van Christus al daar is. “Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is.”

‘Die wederkoms van Jesus en ons vereniging met Hom’ - Paulus praat met die gemeente in Thessalonika om vir hulle te verduidelik dat hulle nie die Wegraping gemis het nie, want dit het nog nie gebeur nie.

Hy vertel ook dat hulle nie van stryk gebring moet word as iemand vir hulle vertel dat ‘die dag van Christus’ of ‘die dag van die Here’ al hier is nie. Die ‘dag van die Here’ verwys na die Groot Verdrukking wat gaan plaasvind na die Wegraping.

Die ‘dag van die Here’ of die Groot Verdrukking sal eers aanbreek na ‘n groot afvalligheid van die geloof plaasvind en wanneer die antichris sy verskyning maak.

Die wettelose mens of die teëstander of die antichris gaan selfs in die tempel van God sit, en voorgee dat hy God is. Dit is hier waar ons leer dat daar weer ‘n tempel gaan wees, en dat die tempel tydens die tydperk van die Groot Verdrukking gaan wees.

- Die Troonkamer van God



OPENBARING 4:1 AFR53

“Na hierdie dinge het ek gesien — kyk, 'n geopende deur in die hemel, en die eerste stem wat ek soos 'n basuin met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur.”

Hersiening - Kronologiese volgorde van die Wegraping!

Die Wegraping gaan begin met Jesus wat neerdaal van die hemel. Sy koms sal aangekondig word deur die aartsengel en die geklank van die basuin van God.

“Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.” I THESSALONICENSE 4:16 AFR53

Jesus kom om ons na Hom toe te neem sodat ons kan wees waar Hy is.

“En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.” JOHANNES 14:3 AFR53

Die oomblik wat Jesus in die wolke verskyn, verander ons almal hier op aarde in 'n oogwink - die wat reeds gesterf het en die wat lewe.

“Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.” I KORINTHIËRS 15:51-52 AFR53

Die Christene wat reeds gesterf het gaan eerste weggeraap word.

“Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie.” I THESSALONICENSE 4:15 AFR53

Dan word die Christene wat nog op daardie stadium op aarde lewe weggeraap. Die gedeelte eindig met - dan sal ons **ALTYD** by die Here wees!

“Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.” I THESSALONICENSE 4:17 AFR53

OPENBARING 4:2 AFR53

“En dadelik was ek in die Gees, en kyk, daar staan 'n troon in die hemel en Een sit op die troon.”

Johannes is in die Gees en hy kry ‘n toer van die hemel. Hy sien eerste ‘n troon en Een wat op die troon sit. Jesaja en Daniel het ook die Here op ‘n troon sien sit.

“In die sterfjaar van koning Ussia het ek die Here sien sit op 'n hoë en verhewe troon, terwyl sy some die tempel gevul het.” JESAJA 6:1 AFR53

“Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en 'n Oue van dae gaan sit het; DANIËL 7:9a AFR53

OPENBARING 4:3 AFR53

“En Hy wat daarop sit, het in sy voorkoms gelyk soos die steen jaspis en sardius; en rondom die troon was 'n reënboog wat in sy voorkoms gelyk het soos 'n smarag.”

Daniel sien die Oue van dae met sneeuwit klere en hare skoon soos wol. God se troon soos vuurvlamme en wiele van brandende vuur.

“Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en 'n Oue van dae gaan sit het; sy kleed was wit soos sneeu en die hare van sy hoof soos skoon wol; sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan 'n brandende vuur;”. DANIËL 7:9 AFR53

Esegiël sien ‘n groot wolk met ‘n onophoudelike vuur, skitterende blinkende metaal en ‘n reënboog wat soos ‘n glans rondom God skyn.

“Toe het ek gekyk — en daar het 'n stormwind uit die noorde gekom, 'n groot wolk met onophoudelike vuur; en 'n glans was rondom die wolk, en daaruit, uit die vuur, het iets soos blinkende metaal geskitter.” ESÉGIËL 1:4 AFR53

“Soos die gedaante van die boog wat in die wolk is op 'n reëndag, so het die glans rondom gelyk. So het die verskyning van die heerlijkheid van die Here gelyk. En toe ek dit sien, het ek op my aangesig geval en die stem gehoor van Een wat spreek.” ESÉGIËL 1:28 AFR53

Johannes beskryf God se voorkoms met die kleure van edelstene en ‘n reënboog rondom die troon. Die kleure van die stene is nie aan ons bekend nie, maar ons kan aanneem dat dit ‘n wonderlike, kleurvolle en helder gesig is om te sien.

OPENBARING 4:4 AFR53

“En rondom die troon was daar vier-en-twintig trone, en op die trone het ek die vier-en-twintig ouderlinge sien sit, bekleed met wit klere; en hulle het goue krone op hulle hoofde gehad.”

Ons het hier vier verwysings na die sewe briewe van Openbaring 2 & 3:

Rondom die troon was 24 trone - Laodicea: “Aan hom wat oorwin, sal Ek gee **om saam met My te sit op my troon....**OPENBARING 3:21

Bekleed met wit klere - Sardis: “Wie oorwin, **sal bekleed word met wit klere....**OPENBARING 3:5

Goue krone op hul hoofde - Smirna:Wees getrou tot die dood toe, **en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.**” OPENBARING 2:10 AFR53

Iemand met 'n kroon, wat op 'n troon sit, is iemand wat regeer - Thiatire: “En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en **hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf;**

Ouderlinge verwys na mense, of meer spesifiek, leiers van die kerk. Hierdie is die eerste keer dat mense in die teenwoordigheid van God se troonkamer is.

OPENBARING 4:5 AFR53

“En daar het weerligte en donderslae en stemme uit die troon uitgegaan, en sewe vuurfakkels wat die sewe Geeste van God is, het voor die troon gebrand;”

Toe Moses die volk na die berg Sinai gebring het om God te ontmoet, was daar ook donderslae en blitse en die geluid van 'n sterk basuin.

“En op die derde dag toe dit môre word, was daar donderslae en blitse en 'n swaar wolk op die berg en die geluid van 'n baie sterk basuin, sodat die hele volk wat in die laer was, gebeef het.” EXODUS 19:16 AFR53

Openbaring 1 leer vir ons dat die sewe goue kandelaars die sewe gemeentes van hoofstukke 2 & 3 is. Die sewe kandelaars of vuurfakkels soos dit nou genoem word is **ALMAL** in die hemel.

“die verborgenheid van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, **en die sewe goue kandelaars:** die sewe sterre is die engele van die sewe gemeentes, en die sewe kandelaars wat jy gesien het, **is die sewe gemeentes.**” OPENBARING 1:20 AFR53

Jesaja leer vir ons in die Ou Testament van die 7 Geeste van God.

“en op Hom sal die Gees van die (1) Here rus, die Gees van (2) wysheid en (3) verstand, die Gees van (4) raad en (5) sterkte, die Gees van (6) kennis en van die (7) vrees van die Here. JESAJA 11:2 AFR53

Sewe is ook die volmaaktheid getal. So as die sewe Geeste van God in die hemel is dan is die **HELE** Heilige Gees in die hemel en nie meer op die aarde nie.

Ons weet dat elke persoon wat Jesus as Verlosser aanvaar, gevul word met die Heilige Gees.

“En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.” HANDELINGE 2:4 AFR53

“julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie.

En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.” ROMEINE 8:9, 11 AFR53

Dus, as die **HELE** Heilige Gees in die troonkamer van God is, dan is almal wat gevul is met die Heilige Gees ook in die troonkamer van God en nie meer op die aarde nie.

Die wegraping bevestig!

OPENBARING 4:6 AFR53

“en voor die troon was daar 'n see van glas soos kristal, en in die middel van die troon en rondom die troon vier lewende wesens vol oë van voor en van agter.”

Die waskom in die tempel was ook ‘n ‘see’ genoem soos ons sien met Salomo se tempel - dit was waar die priesters moes was elke keer voor hul by die brandofferaltaar offerhandes doen of by die tempel ingegaan het.

“Hy het ook die see gemaak van gietwerk; van rand tot rand was tien el, heeltemal rond; en die hoogte daarvan was vyf el, en 'n lyn van dertig el kon dit rondom omspan.” II
KRONIEKE 4:2 AFR53

Die see van glas in die troonkamer is kristal, want niemand hoef meer skoon te was nie!

Die vier lewende wesend word in die volgende vers bespreek.

OPENBARING 4:7 AFR53

“En die eerste lewende wese was soos 'n leeu, en die tweede lewende wese was soos 'n kalf, en die derde lewende wese het 'n gesig gehad soos 'n mens, en die vierde lewende wese was soos 'n arend wat vlieg.”

In die Ou Testament boek Numeri word die stamme van Israel getel, in vier groepe opgedeel, en spesifieke plekke aangewys waar hul kamp moet opslaan rondom die tempel. As jy ‘n lugfoto van die kamp sou neem, sou dit lyk soos ‘n kruis soos in die prentjie hierby.


Volgens Joodse tradisie het elk van die vier groepe ‘n leier stam en dan ook ‘n embleem wat dieselfde is as die vier lewende wesens in God se troonkamer.

Juda - leeu (1ste lewende wese)
Efraim - kalf (2de lewende wese)
Reuben - mens (3de lewende wese)
Dan - arend (4de lewende wese)

Die stamme van Juda en Efraim se ‘embleme’ word in die Bybel omskryf. Dan en Reuben se ‘embleme’ kry ons van Joodse tradisie.

“Juda is 'n jong leeu; van die roof af het jy opgeklim, my seun. Hy buig hom, hy gaan lê soos 'n leeu en soos 'n leeuin; wie sal hom opjaag?”
GÉNESIS 49:9 AFR53

“Sy eersgebore stier — heerlijkheid is syne, en sy horings is buffelhorings; daarmee sal hy die volke stoot, die eindes van die aarde almal saam. En dit is die tienduisende van Efraim, en dit is die duisende van Manasse!” DEUTERONÓMIUM 33:17
AFR53



OPENBARING 4:8 AFR53

“En die vier lewende wesens het elkeen vir homself ses vlerke gehad, en hulle was rondom en van binne vol oë; en hulle het sonder ophou dag en nag gesê: Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom!”

Jesaja sien ook dieselfde wesens met ses vlerke wat God loof en prys met: Heilig, heilig, heilig is die Here van die leërskaars

“Serafs het bo Hom gestaan; elkeen het ses vlerke gehad: met twee het hy sy aangesig bedek, en met twee het hy sy voete bedek, en met twee het hy gevlieg. En die een het die ander toegeroep en gesê: Heilig, heilig, heilig is die Here van die leërskaars. Die hele aarde is van sy heerlikheid vol!” JESAJA 6:2-3 AFR53

Hierdie is die twee kere wat die frase ‘Heilig, heilig, heilig is die Here van die leërskaars’ in die Bybel gebruik word. Een in die Ou Testament en een in die Nuwe Testament en elke keer is dit engele wat God loof en prys.

Hierdie wys vir ons dat die God van die Ou Testament en die God van die Nuwe Testament dieselfde was, en is, en sal wees - van die begin tot in alle ewigheid!

OPENBARING 4:9-11 AFR53

“En elke keer as die lewende wesens heerlikheid en eer en danksegging gee aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe, val die vier-en-twintig ouderlinge neer voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe, en werp hulle krone voor die troon en sê: U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape.”

Die lewende wesens begin elke keer die lofprysing aan Hom wat op die troon sit, wat dan gevolg word deur die 24 ouderlinge wat God aanbid en hul krone voor Sy troon plaas.

Die lewende wesens gee heerlikheid, eer en danksegging aan God en die ouderlinge sê dat God waardig is om die eer en heerlikheid te ontvang en gee erkenning dat God alles geskape het!

Wanneer ons die Onse Vader bid, eindig ons met - want aan U behoort die koninkryk, en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid, Amen.

Openbaring 5



OPENBARING 5:1 AFR53

“En ek het in die regterhand van Hom wat op die troon sit, 'n boek gesien, van binne en van buite beskrywe en met sewe seëls goed verseël.”

God het in Sy regterhand ‘n boek waarop aan die binne en buitekant geskryf is, en wat verseël is met sewe seëls.

Boeke in Jesus se tyd was papiirusrolle. Daar is gewoonlik aan die gladde of binnekant van die papiirusrol geskryf en dan is dit opgerol om gebêre te word. ‘n Boekrol met skrif aan beide kante wat geseël is lyk soos ‘n amptelike dokument, ‘n titelakte. Romeinse reg het vereis dat ‘n testament verseël moes word met sewe seëls.

Instruksies vir die oopmaak van die dokument en/of ‘n opsomming van die inhoud is gewoonlik aan die buitekant geskryf.

OPENBARING 5:2 AFR53

“En ek het 'n sterk engel gesien wat met 'n groot stem uitroep: Wie is waardig om die boek oop te maak en sy seëls te breek?”

Die engel roep uit met ‘n stem en vra wie is waardig om die boek oop te maak en die seëls te breek. Hoekom sal die engel dit vra? Watter grond is van toepassing vir die titelakte?

Al die koninkryke van die wêreld is hier van toepassing want dit behoort tans aan Satan. Ons sien dit in Mattheus waar Jesus deur Satan versoek word en die koninkryke van die wêreld aangebied word indien Jesus hom sou aanbid. Jesus sê net jy moet God alleen aanbid, Hy sê nie dat Satan ‘n foutiewe stelling maak nie.

“Weer neem die duiwel Hom saam na 'n baie hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlikheid, en sê vir Hom: Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en

my aanbid. Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien. Daarna het die duiwel Hom laat staan, en daar het engele gekom en Hom gedien.” MATTHEÛS 4:8-11 AFR53

Hier is ‘n voorbeeld van Jesus wat Homself distansieer van die koninkryke van die wêreld en ook Paulus wat sê dat ons burgers van die hemel is.

“Jesus antwoord: My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie.” JOHANNES 18:36 AFR53

“Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus,” FILIPPENSE 3:20 AFR53

OPENBARING 5:3 AFR53

“En niemand in die hemel of op die aarde of onder die aarde kon die boek oopmaak of daarin kyk nie.”

Die sterk engel soek na iemand wat gemagtig is om die seëls van die boekrol oop te breek sodat die inhoud daarvan gelees en uitgevoer kan word.

Maar daar is ‘n probleem! Daar word orals gesoek, (1) in die hemel, (2) op die aarde en (3) onder die aarde, maar niemand kan gevind word wat die magte het om die boekrol oop te maak of daarin te kyk nie!

‘n Man word gesoek, ‘n familielid van Adam, iemand wat kan kwalifiseer om as lossers op te tree.

Wat of wie is ‘n lossers?

‘n Lossers is 'n manlike familielid wat volgens die verskillende wette van die Pentateug (penta = 5, dus die eerste vyf boeke van die Bybel) die voorreg of verantwoordelikheid gehad het om namens 'n familielid wat in finansiële moeilikheid was en onder andere sy grond verloor het, dit terug te koop.

“Die grond moet ook nie vir altyd verkoop word nie; want die land is myne, omdat julle vreemdelinge en bywoners by My is. Daarom moet julle, in die hele land van julle besitting, lossing van die grond toelaat. As jou broer verarm en van sy besitting verkoop, moet sy lossers wat sy nabestaande is, kom en hy moet los wat sy broer verkoop het.” LEVITIKUS 25:23-25 AFR53

OPENBARING 5:4 AFR53

“En ek het baie geweene, omdat daar niemand waardig bevind is om die boek oop te maak en te lees of daarin te kyk nie.”

Johannes huil want niemand wat waardig is kan gevind word om die boekrol oop te maak nie. Hy huil want as niemand die boekrol kan oopmaak nie, dan bly die aarde so sondig soos dit vandag is en Satan bly in beheer!

In die Ou Testament boek van Rut kry ons ‘n mooi prentjie van die lossers konsep en dit het ook in die geval ‘n profetiese betekenis.

Die Lossers - Moet kwalifiseer, moet gewillig wees, en moet alle verantwoordelikhede aanvaar. Lossings grondwet - Familielid koop grond terug vir naasbestaande wat a.g.v. moeilikheid sy grond verloor het.

Lossings huwelik - Wanneer 'n man sonder 'n kind gesterf het, was dit gereël dat die man se ongetroude broer of 'n familielid met die weduwee trou om 'n erfgenaam vir die oorledene te gee. Die eerste seun gebore sou as die wettige afstammeling van haar oorlede man beskou word.

Naomi (Israel) word verban uit haar land en verloor haar grond. Naomie se man en twee seuns sterf almal. Boas is die manlike familielid (die Losser) wat haar grond vir haar terugkoop en Rut is 'n heiden of 'gentile' bruid (die kerk) wat met Boas (die Losser/ Jesus) trou.

OPENBARING 5:5 AFR53

“Toe sê een van die ouderlinge vir my: Moenie ween nie; kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek.”

Die Losser wat die grond kan terugkoop en die mag het om die seëls oop te maak is gevind! Die Losser kwalifiseer, is gewillig en aanvaar al die verantwoordelikhede.

Dit is die Leeu wat kom uit die stam van Juda, die wortel van Dawid.

Wie is die leeu uit die stam van Juda?

“Juda, jy is dit! Jou sal jou broers loof. Jou hand sal op die nek van jou vyande wees; voor jou sal die seuns van jou vader hulle neerbuig. Juda is 'n jong leeu; van die roef af het jy opgeklim, my seun. Hy buig hom, hy gaan lê soos 'n leeu en soos 'n leeuin; wie sal hom opjaag? Die septer sal van Juda nie wyk nie, nòg die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees.” GÉNESIS 49:8-10 AFR53

En wie is die wortel van Dawid?

“Maar daar sal 'n takkie uitspruit uit die stomp van Ísai, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra;”. JESAJA 11:1 AFR53

“Die geslagsregister van Jesus Christus, die seun van Dawid, die seun van Abraham:”.
MATTHEÛS 1:1 AFR53

OPENBARING 5:6 AFR53

“En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar 'n Lam asof Hy geslag is, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde.”

Nou sien Johannes in die middel van die troon 'n Lam asof Hy geslag is. Wie kan dit wees?

“Spreek tot die hele vergadering van Israel en sê: Op die tiende van hierdie maand moet hulle elkeen 'n lam neem volgens die families, 'n lam vir 'n huisgesin.” EXODUS 12:3 AFR53

“Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders — ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie.” JESAJA 53:7 AFR53

“En die gedeelte van die Skrif wat hy besig was om te lees, was dít: Soos 'n skaap is Hy gelei om geslag te word, en soos 'n lam wat stom is voor die een wat hom skeer, so maak Hy sy mond nie oop nie.” HANDELINGE 8:32 AFR53

“maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos,”. I PETRUS 1:19 AFR53

OPENBARING 5:7 AFR53

“Hy het gekom en die boek geneem uit die regterhand van Hom wat op die troon sit;

Die Leeu uit die stam van Juda, die wortel van Dawid en die Lam asof Hy geslag is neem die boek uit die regterhand van Hom wat op die troon sit.

Ons ondersoek in die vorige verse dui duidelik daarop aan dat Hy wat die boek neem sonder enige twyfel Jesus Christus is. Jesus wat aan die kruis vir ons sondes gesterf het, drie dae later uit die dood opgestaan het en 40 dae later opgevaar het na die hemel en wat sit aan die regterhand van God.

“Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree.” ROMEINE 8:34 AFR53

OPENBARING 5:8 AFR53

en toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier-en-twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met siters en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is.”

Ons weet dat Jesus die Lam is en dit word bevestig deur die vier lewende wesens en die vier-en-twintig ouderlinge wat voor Hom neerbuig in aanbidding. Slegs God drie-enig mag aanbid word.

Die reukwerk is die gebede van die heiliges soos dié vers en Psalms 141:2 vir ons verduidelik. Dit laat ‘n mens terugdink aan die reukofferaltaar in die tempel waar Aaron soggens en saans die reukwerk en speserye aan die brand moes steek as ‘n voortdurende reukwerk voor die aangesig van die Here.

“Laat my gebed soos reukwerk voor u aangesig staan, die opheffing van my hande soos die aandoffer.” PSALMS 141:2 AFR53

“En Aäron moet daarop reukwerk van speserye aan die brand steek; elke môre as hy die lampe regmaak, moet hy dit aan die brand steek. En as Aäron teen die aand die lampe opsteek, moet hy dit aan die brand steek as 'n voortdurende reukwerk voor die aangesig van die Here in julle geslagte.” EXODUS 30:7-8 AFR53

OPENBARING 5:9 AFR53

“Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie,”

Die ouderlinge, wat praat namens die kerk wat nou in die hemel is, bevestig dat Jesus met Sy bloed aan die kruis betaal het vir die koninkryke van die wêreld wat ook in Openbaring 11 bevestig word.

“En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.” OPENBARING 11:15 AFR53

Let ook op dat die ouderlinge sê: U is geslag en het ONS met u bloed gekoop. Die ouderlinge is in die hemel vóór die seëls van die boekrol oopgemaak word - dus voor Daniël se 70ste week! Die kerk of die Christene as ‘n groep is in die hemel voor die seëls oopgemaak word, die Wegraving weereens bevestig!

OPENBARING 5:10 AFR53

“en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers.”

In die Ou Testament was die ampte van koning en priester altyd deur twee verskillende mense vervul. Een persoon kon nie gelyktydig 'n koning en priester wees nie.

Die enigste mense wat gelyktydig konings en priesters was, is: Melgisedek, Jesus en ons as Christene.

Die sin is nog deel van die vorige vers en die ouderlinge verwys nog steeds na ONS wat konings en priesters vir God is. Die ons is nog steeds die Christene as 'n groep wat nou in die hemel is.

Johannes bevestig met die seën wat hy uitspreek in Openbaring 1:6 dat die kerk as groep konings en priesters is.

“Johannes aan die sewe gemeentes in Asië: Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is, en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen.” OPENBARING 1:4-6 AFR53

OPENBARING 5:11 AFR53

“Toe sien ek, en ek hoor 'n stem van baie engele rondom die troon en van die lewende wesens en die ouderlinge; en hulle getal was tienduisende van tienduisende en duisende van duisende;”

Johannes sien en hoor duisende en tienduisende engele, die lewende wesens en die ouderlinge. Drie verskillende groepe wat Jesus aanbid vir wie Hy is, en waar Hy is - nie in 'n krip in Jerusalem nie, nie op die kruis in Golgota nie en ook nie in 'n graf nie, maar in die hemel!

OPENBARING 5:12 AFR53

“en met 'n groot stem het hulle gesê: Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof.”

Die Lam wat geslag is, is waardig om die volgende sewe eienskappe te ontvang:

1. Krag - “en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.” MATTHÉÛS 6:13 AFR53
2. Rykdom - “Want julle ken die genade van onse Here Jesus Christus, dat Hy, alhoewel Hy ryk was, ter wille van julle arm geword het, sodat julle deur sy armoede ryk kan word.” II KORINTHIËRS 8:9 AFR53
3. Wysheid - “maar vir die wat geroep is, Jode sowel as Grieke: Christus, die krag van God en die wysheid van God.” I KORINTHIËRS 1:24 AFR53
4. Sterkte - “Wie is tog die Erekening? Die Here, sterk en geweldig, die Here geweldig in die stryd.” PSALMS 24:8 AFR53

5. Eer - “maar ons sien Hom, naamlik Jesus, wat vir 'n kort tydjie minder as die engele gemaak is, vanweë die lyde van die dood met heerlijkheid en eer gekroon, sodat Hy deur die genade van God vir elkeen die dood sou smaak.” HEBREËRS 2:9 AFR53

6. Heerlikheid - “En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon — en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom — vol van genade en waarheid.” JOHANNES 1:14 AFR53

7. Lof - “n Psalm van Dawid. Loof die Here, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy heilige Naam! Loof die Here, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie!” PSALMS 103:1-2 AFR53

OPENBARING 5:13 AFR53

“En elke skepsel wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde en wat op die see is, en alles wat in hulle is, het ek hoor sê: Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlijkheid en die krag tot in alle ewigheid!”

“Want daar is geskrywe: So waaragtig as Ek leef, sê die Here, voor My sal elke knie buig, en elke tong sal God bely. So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee.”
ROMEINE 14:11-12 AFR53

“Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is,” FILIPPENSE 2:9-10 AFR53

OPENBARING 5:14 AFR53

“En die vier lewende wesens het gesê: Amen! En die vier-en-twintig ouderlinge het neergeval en Hom aanbid wat lewe tot in alle ewigheid.”

Die lewende wesens en die oudelinge bevestig die lof en eer wat Hom wat op die troon sit toekom!

Ons kan saam met die Psalm skrywer ook lof bring aan God!

“Kom, laat ons jubel tot eer van die Here, laat ons juig ter ere van die rots van ons heil! Laat ons sy aangesig tegemoetgaan met lof, met lofsange Hom toejuig! Want die Here is 'n grote God, ja, 'n groot Koning bo al die gode.” PSALMS 95:1-3 AFR53

Openbaring 6



Daniel se 70ste week en die 7 jaar Verdrukking

Daniel se 70ste week word in twee gelyke dele opgedeel, en die Bybel gee vir ons drie verskillende maniere om die tydperke uit te werk. Onthou dat 'n jaar in die Bybelse tyd 360 dae was.

**Daniel se 70 ste week -
die 7 jaar Verdrukking**

Twee-en-veertig maande

$= 12 \text{ mnde} + 12 \text{ mnde} + 12 \text{ mnde} + 6 \text{ mnde}$

$= 3,5 \text{ jaar}$

Duisend-tweehonderd-en-sestig dae

$= 360 \text{ dae} + 360 \text{ dae} + 360 \text{ dae} + 180 \text{ dae}$

$= 1,260 \text{ dae}$

$= 3,5 \text{ jaar}$

Tyd, tye en halwe tyd

$= 1 + 2 + 0,5$

$= 3,5 \text{ jaar}$

1. Tyd, tye en halwe tyd = 1 + 2 + 0,5 = 3,5 jaar

“En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n **tyd en tye en die helfte van 'n tyd**.” DANIËL 7:25 AFR53

“Toe hoor ek die man, met linne bekleed, wat bo-oor die water van die rivierj was, en hy het sy regterhand en sy linkerhand na die hemel opgehef en gesweer by die Ewig-Lewende: 'n **Tyd, tye en 'n halwe tyd**, en as hulle die mag van die heilige volk geheel verstrooi het, sal al hierdie dinge vervul word.” DANIËL 12:7 AFR53

“maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, 'n **tyd en tye en 'n halwe tyd**.” OPENBARING 12:14 AFR53

2. Twee-en-veertig maande = 12 mnde + 12 mnde + 12 mnde + 6 mnde = 3,5 jaar

“Maar die voorhof buitekant die tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad **twee-en-veertig maande** lank vertrap.” OPENBARING 11:2 AFR53

“En 'n mond is aan hom gegee wat groot woorde en godslasteringe uitspreek, en aan hom is mag gegee om dit **twee-en-veertig maande** lank te doen.” OPENBARING 13:5 AFR53

3. Duisend-tweehonderd-en-sestig dae = 360 + 360 + 360 + 180 = 1,260 dae = 3,5 jaar

“En Ek sal aan my twee getuies gee dat hulle, met sakke bekleed, **duisend-tweehonderd-en-sestig dae** lank sal profeteer.” OPENBARING 11:3 AFR53

“En die vrou het na die woestyn gevlug waar sy 'n plek het wat deur God gereed gemaak is, dat hulle haar daar sou onderhou **duisend-tweehonderd-en-sestig dae** lank.” OPENBARING 12:6 AFR53

OPENBARING 6:1 AFR53

“En ek het gesien toe die Lam een van die seëls oopmaak; en ek het een van die vier lewende wesens hoor sê, soos die geluid van 'n donderslag: Kom kyk!”

Johannes **sien** hoe die Lam een van die seëls oopmaak, want soos ons in hoofstuk 5 gesien het, is die Lam die enigste een wat gemagtig is om die seëls oop te maak.

Belangrik om te weet dat die Lam, en nie Satan of 'n mens die seëls oopmaak. Die wraak en toorn wat gaan volg is die wraak en toorn van Jesus en nie Satan nie.

Johannes **hoor** een van die lewende wesens wat aankondig met die geluid van 'n donderslag. Dis nie 'n sagte geluid om jou gerus te stel nie, nee dis 'n donderslag, 'n bevel wat aandag soek, ‘Kom kyk!’

Met hierdie bevel begin Daniel se 70ste week of die sewe jaar Verdrukking en Groot Verdrukking tydperk.

OPENBARING 6:2 AFR53

“En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit perd. En hy wat daarop sit, het 'n boog; en aan hom is 'n kroon gegee, en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin.”

Johannes sien ‘n wit perd.

Wit sal gewoonlik vereenselwig word met die woorde geregtigheid, heiligheid en reinheid. Woorde wat Jesus beskryf, rein en sonder sonde. MAAR, in die geval is dit glad nie die regte betekenis nie.

Hoekom ‘n perd? Perde was die mees gebruikte diere in die geskiedenis van oorlogvoering.

Die een wat op die perd sit het ‘n boog, maar geen pyle vir die boog - is die persoon ‘n vredemaker?

Die persoon op die perd kry selfs ‘n kroon. Die kroon is nie die kroon van ‘n koning nie (dit word gebêre vir Jesus), maar die kroon wat jy kry wanneer jy iets wen soos ‘n resies in die olimpiese spele.

Uitgaan as oorwinnaar - om wat te oorwin - die wêreld vir die volgende sewe jaar!

Jesus waarsku in Mattheus 24 dat ons nie mislei moet word nie -

“En Jesus antwoord en sê vir hulle: Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei.” MATTHÉÛS 24:4-5 AFR53

En Daniel het ons geleer dat die Antichris ‘n verbond met baie gaan sluit.

“En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit, DANIËL 9:27a AFR53

Die hooftema in die vers is nabootser, om voor te gee iets wat nie is nie. Die Antichris wat homself voorgee as ‘n wêreld vredemaker op ‘n wit perd, gaan nou met die Joodse volk ‘n verbond sluit en hul toestemming gee om hul tempel in Jerusalem te bou!

Let the games begin.....

OPENBARING 6:3 AFR53

“En toe Hy die tweede seël oopgemaak het, hoor ek die tweede lewende wese sê: Kom kyk!”

Hy, hoofletter H, met ander woorde, Jesus, open die tweede seël. Hoekom Jesus? Want ons het geleer in hoofstuk 5 dat Hy die enigste een is wat gemagtig is om die seëls oop te maak. Die wraak en toorn wat op die aarde uitgestort gaan word is Jesus se wraak en toorn!

Nádat Jesus die tweede seël oopmaak uiter die tweede lewende wese ‘n opdrag: Kom Kyk!

En met die uitvoering van die tweede seël is die vals vrede op aarde daarmee heen.

“Maar oor die tye en geleenthede, broeders, het julle nie nodig dat aan julle geskryf word nie; want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag. Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid — dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensnood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie.”

I THESSALONICENSE 5:1-3 AFR53

OPENBARING 6:4 AFR53

“En 'n ander perd, 'n vuurrooie, het uitgekom, en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem en dat hulle mekaar sou doodmaak; en 'n groot swaard is aan hom gegee.”

Net toe die wêreld gerus raak en dink dat alles nou tot 'n nuwe normaal gaan terugkeer na die Wegraping omdat 'n nuwe wêreldleier vrede verkondig, bars alle hel orals in die wêreld los.

Mattheus 24 en Openbaring 6 praat van dieselfde tydperk. In Mattheus het ons Jesus wat Sy dissipels se vraag antwoord oor die eindtye en in Openbaring vertel Johannes wat hy sien gaan gebeur. Mattheus 24:6 tot 7a gee ook vir ons die tweede seël.

“En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie. Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; MATTHÉÛS 24:6-7a AFR53

Die kleur rooi is 'n voorstelling van terreur, vrees, dood en vernietiging. Dit word beklemtoon deur die ruiter wat die mag kry om vrede van die aarde weg te neem met die swaard wat hy in sy hand het. Daar word nie hier gepraat van een land in oorlog met 'n ander land nie, maar wêreldoorlog - die hele aarde.

Die tema van die seël is dus wêreldwye oorlog en moord en doodslag. Vrede word van die aarde weggeneem en koninkryk staan op teen koninkryk en mense maak mekaar dood. Wie is die mense? ALMAL wat agtergebly het na die Wegraping! ALMAL wat nie vir Jesus as Verlosser en Saligmaker aanvaar het nie!

Die tweede seël met die wêreldwye oorloë wys vir ons dat die eerste deel of eertse 3,5 jaar van die Verdrukking nie speletjies gaan wees nie. Dit gaan werklik 'n tydperk van verdrukking wees.

OPENBARING 6:5 AFR53

“En toe Hy die derde seël oopgemaak het, hoor ek die derde lewende wese sê: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was 'n swart perd; en hy wat daarop sit, het 'n skaal in sy hand.”

Die derde seël word weereens deur Jesus oopgemaak met die derde lewende wese wat beveel, ‘Kom kyk!’

Die keer het ons 'n swart perd, en die ruiter het 'n skaal in sy hand. As ons na Jesus se woorde in Mattheus luister wat sê dat hierdie dinge geboortepyne is (AFR83) of die begin van smarte (AFR53), hoe erg gaan dit word? Want ons weet dat geboortepyne erger word met elke pyn, en die tydperk tussen die pyne word al hoe korter.....

“..... daar sal op baie plekke hongersnode en aardbewings wees. Al hierdie dinge is geboortepyne, die begin van die nuwe tyd.” MATTEUS 24:7b-8 AFR83

“..... en daar sal hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke. Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte.” MATTHÉÛS 24:7b-8 AFR53

Ignoreer vir nou eers die pessiektes en aardbewings!

Swart word geassosieer met donker slegte tye, verdoemenis en oordeel. Hongersnood val beslis onder die definisie van die kleur swart.

Die ruiter het 'n skaal in sy hand. Kombineer Mattheus 24:7b waar Jesus praat van hongersnood en die skaal wat die ruiter vashou in Openbaring 6:5 en nou het ons bevestiging van die swart perd se doel - wêreldwye hongersnood wat die gevolg is van die wêreldwye oorlog in die vorige seël.

OPENBARING 6:6 AFR53

“En ek het 'n stem tussen die vier lewende wesens hoor sê: 'n Rantsoen koring vir 'n penning en drie rantsoene gars vir 'n penning; en moenie die olie en die wyn beskadig nie.”

“Toe het ek iets soos 'n stem by die vier lewende wesens hoor sê: “Net een skeppie koring vir 'n dagloon en net drie skeppies gars vir 'n dagloon. Maar moenie die olyfolie en die wyn bederf nie.” DIE OPENBARING 6:6 AFR83

Johannes hoor 'n stem tussen die vier lewende wesens. Wie sit in die middel van die vier lewende wesens? Dit is natuurlik God wat op Sy troon sit, en wie se stem Johannes hier hoor.

Die stem gee vir ons wat elke persoon, elke dag kan eet. Die AFR53 vertaling sê 'n rantsoen koring vir 'n penning - weet nie van jou nie, maar dit beteken nie veel vir my nie want ek verstaan nie die afmetings nie.

Die AFR83 vertaling maak die afmetings meer verstaanbaar.

Een skeppie koring vir 'n dagloon en drie skeppies koring vir 'n dagloon. So as in 'n huisgesin die ma en pa werk, kan hul elke dag een skeppie koring en drie skeppies gars huis toe vat. Dis nou as altwee werk het, en elke dag werk, 'best case scenario!'

Klink vir my of daar 'n tekort aan voedsel gaan wees wat in lyn is met wat Jesus in Mattheus 24:7b gesê het en deur die skaal voorgestel word wat die swart ruiter in sy hand vashou. Na die wêreldoorlog kom daar wêreldwye hongersnood. Die geboortepyne word erger en nader aan mekaar!

Wat is dit met die olyfolie en wyn wat nie beskadig moet word nie? Kan wees dat as jy geld het, dat jy luukshede sal kan koop, waar die armer mense gaan sukkel. Niks anders as wat ons nou beleef nie - net in die oortreffende trap.

OPENBARING 6:7 AFR53

“En toe Hy die vierde seël oopgemaak het, hoor ek die stem van die vierde lewende wese sê: Kom kyk!”

Die vierde seël word oopgemaak deur Jesus, met die vierde lewende wese wat beveel, 'Kom kyk!'

Weereens die herhalende woorde om ons aandag te vestig op die volgende seël wat oopgemaak word. Elke seël se gevolg is soos geboortepyne. Elke keer word die pyne erger en die tydperk tussen die pyne word korter.

Ons sal in die volgende vers sien dat ons nou pessiëktes by die rampe gaan byvoeg soos Jesus in Mattheus 24 weergegee het. Ignoreer nog die aardbewings.

“..... en daar sal hongersnode wees en pessiëktes en aardbewings op verskillende plekke. Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte.” MATTHÉÛS 24:7b-8 AFR53

OPENBARING 6:8 AFR53

“En ek het gesien, en kyk, daar was 'n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg. En aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde.”

Die perd se kleur is vaal. Die griekse woord vir vaal is chloros wat groen of vaal geel beteken, eintlik 'n aaklige dooie groen. Die kleur van dood!

Die ruiters se naam is dood en die doderyk het hom gevolg, twee metgeselle. Dood eis die liggaam, en die doderyk eis die siel.

Aan hulle (meervoud), dood en die doderyk, is mag gegee om 'n kwart van die wêreld dood te maak. Wie gee vir die twee die mag om dood te maak? Jesus natuurlik wat die seëls oopmaak, niks hier gebeur sonder Jesus se toestemming nie! As ons terugkyk in Openbaring 1 sien ons dat Jesus vir Johannes sê dat Hy die sleutels van die dood en die doderyk het. Jesus is in beheer!

“Toe ek Hom sien, het ek by sy voete neergeval en bly lê soos een wat dood is. Hy het toe met sy regterhand aan my gevat en vir my gesê: “Moenie bang wees nie, dit is Ek, die Eerste en die Laaste, die Lewende. Ek was dood en, kyk, Ek lewe tot in alle ewigheid; en Ek het die sleutels van die dood en die doderyk.” DIE OPENBARING 1:17-18 AFR83

Vier metodes word gebruik om die mense dood te maak en dit is ook in die Ou Testament tyd deur God gebruik om sy volk te straf: 1. Swaard = oorlog, 2. hongersnood, 3. pes en 4. wilde diere van aarde.

“En as hulle jou vra: Waar moet ons heengaan? sê dan vir hulle: So spreek die Here: Wie vir die pes bestem is, na die pes; en wie vir die swaard, na die swaard; en wie vir die hongersnood, na die hongersnood; en wie vir die gevangenskap, na die gevangenskap. En Ek sal oor hulle vier soorte besoekinge doen, spreek die Here: die swaard om dood te maak en die honde om weg te sleep en die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde om op te eet en te vernietig.” JEREMIA 15:2-3 AFR53

“Want so sê die Here Here: Hoeveel te meer as Ek my vier kwaai gerigte, swaard en hongersnood en wilde diere en pes, op Jerusalem afstuur om daaruit mens en dier uit te roei!” ESEGIËL 14:21 AFR53

Wêreldwye verwoesting en dood - wie dink nog dat die eerste helfte van die Verdrukking nie so erg gaan wees nie!

OPENBARING 6:9 AFR53

“En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het.”

Hy, weereens Jesus, maak die vyfde seël oop en die eerste wat Johannes sien is ‘n altaar.

Die altaar was die eerste item wat jy gesien het wanneer jy by die buitehof van die tempel ingestap het. Die priesters se offerhandes ter vergewing van sondes is opgedra aan God.

Die altaar in die aardse tempel is ‘n prentjie van Jesus wat as ‘n Lam sonder gebrek vir my en jou sondes geoffer is. In die hemel sien ons die altaar met mense se siele gedood ter wille van die Woord van God, met ander woorde geoffer en opgedra aan God.

Die skrywer van Romeine sê dat ons ons liggame stel as welgevallige offer vir God - die Christene in die Verdrukking voer die opdrag letterlik uit deur as martelare vir Jesus te sterf.

“Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer — dit is julle redelike godsdiens.”

ROMEINE 12:1 AFR53

Baie mense gaan gedurende die Verdrukking tot dieselfde besef kom as die soldate by Jesus se kruisiging wat na Sy dood gesê het:

“En toe die hoofman oor honderd en die wat saam met hom Jesus bewaak het, die aardbewing sien en die dinge wat daar gebeur, het hulle baie bevrees geword en gesê: Waarlik, Hy was die Seun van God.” MATTHÉÛS 27:54 AFR53

In Mattheus 24 vertel Jesus vir Sy dissipels dat die wat in Hom glo gemartel gaan word.

“Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam.” MATTHÉÛS 24:9 AFR53

OPENBARING 6:10 AFR53

“En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie?”

Die martelare praat nie, hulle roep uit met ‘n groot stem. Soos om oor ‘n harde luidspreker te roep. Hulle roep uit na die heilige en waaragtige Heerser en erken hiermee dat God die heerser is oor alles en almal, selfs oor die bewoners van die aarde wat die siele doodgemaak het.

Die vraag wat hul uitroep is: Hoe lank nog voor U die bewoners van die aarde gaan oordeel en ons bloed wreek! Hulle erken dat die wraak hul nie toekom nie, maar dat die wraak Jesus toekom en hulle wil weet wanneer dit gaan gebeur.

“Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here.” ROMEINE 12:19 AFR53

OPENBARING 6:11 AFR53

“En aan elkeen van hulle is wit klere gegee; en aan hulle is gesê dat hulle nog 'n klein tydjie moes rus totdat ook hulle medediensknegte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees.”

Elkeen van die martelare ontvang hul wit klere en hul vraag word beantwoord. Wag nog 'n bietjie want al jul medediensknegte is nog nie doodgemaak nie. Eers wanneer die wat doodgemaak moet word voltallig is, dan sal Jesus se vergelding plaasvind.

As ons vooruit kyk in die boek Openbaring, sien ons dat die vergelding sal gebeur aan die einde met Jesus se tweede koms.

“En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige.” OPENBARING 19:15 AFR53

OPENBARING 6:12 AFR53

“En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed;”

Johannes sien hoe Jesus die sesde seël oopmaak en dit het 'n groot aardbewing tot gevolg. Hier het ons nou die aardbewings waarvan Jesus in Mattheus 24:7-8 gepraat het.

Hoe gaan dit lyk as die hele wêreld 'n aardbewing beleef? Elke groot stad word geruk en pluk, geboue krummel ineen met mense wat onder die puinhope vasgevang word, brue breek in stukke met karre wat val, damwalle breek en die water oorstrom as wat in die pad is, groot kraters skeur in die grond.....

“Die een nasie sal teen die ander te staan kom en die een koninkryk teen die ander; daar sal op baie plekke hongersnode en aardbewings wees. Al hierdie dinge is geboortepyne, die begin van die nuwe tyd.” MATTEUS 24:7-8 AFR83

Maar dis nie al nie, die son word swart soos 'n harige sak, met ander woorde die son se lekker warm strale word 'toegemaak'. Die harige sak was gewoonlik van swart bokhare gemaak en was oor jou klere gedrapeer soos 'n kombers en gedra wanneer jy gerou het na iemand se dood. Die son wat swart word kan deur vulkane veroorsaak word wat ook 'n gevolg is van die aardbewings.

En die maan word soos bloed - nog 'n nuwe effek van die wêreldwye vulkaan uitbarstings. Jesus self het in Mattheus die son en maan en sterre se ontwinging uitgewys.

“Kort na die verdrukking van daardie tyd sal die son verduister word, en die maan sal nie skyn nie; die sterre sal uit die ruimte val, en die kragte van die hemelruim sal ontwing word.” MATTEUS 24:29 AFR83

Die gevolg van die son wat swart is, of die son se strale wat nie meer skyn nie, is duisternis en koue. Hoe soek jy jou mense wat onder puinhope lê in die donker. Het jy warm genoeg klere aan om jou te beskerm in die tyd. Is daar nog elektrisiteit om lig te maak? Het jy nog 'n huis om in te bly of is dit verwoes? Is daar nog lopende water? Hoe bang is jy met al die aardbewings se naskokke? Dis net 'n voorsmaak van hoe dit op die stadium kan lyk!

OPENBARING 6:13 AFR53

“en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy naye laat afval;”

Die sterre van die hemel val op die aarde soos vye wat van ‘n boom afval as jy die boom sou skud.

Wie onthou die meteoriet wat op 15/02/2013 in Rusland geval het. Hier is ‘n youtube link om net gou weer te kyk hoe dit gelyk het: https://youtu.be/aAHFew_ptjY

Volgens die internet: 'n Asteroïde is 'n rotsagtige voorwerp wat om die son wentel. 'n Meteoriet is wat gebeur as 'n klein stuk van 'n asteroïde afbreek en brand wanneer dit die aarde se atmosfeer binnekom.

Die meteoriet wat in Rusland geval het was die grote van ‘n ses verdieping gebou - dis nou die ‘klein’ gedeelte wat van die asteroïde afgebreek het.

Verbeel jouself die volgende: Dis donker want die son skyn nie meer nie. Dis chaos om jou want alles is deur die aardbewings vernietig. Al wat jy kan sien deur die rook van die vulkaan is die bloedrooi maan! Ewe skielik word die hemelruim opgehelder deur ‘ligte’ wat orals in die atmosfeer inkom - brandende meteoriete. Oppas! Waar kan ons wegkruip? Help.....

OPENBARING 6:14 AFR53

“en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit;”

Dit is vir ons ondenkbaar dat die hemel soos ‘n boekrol toegerol kan word, maar dit is wat gaan gebeur. Selfs die profeet Jesaja het daarvan geskryf.

“Kom nader, nasies, luister! Gee aandag, volke! Die aarde met alles daarop moet hoor, die wêreld en alles wat hy voortbring. Die toorn van die Here is teen al die nasies gerig, sy woede teen al hulle leërmagte. Hy gaan hulle heeltemal uitroei, hulle prysgee om doorgemaak te word. Hulle dooies sal net so bly lê, hulle lyke sal stink, en die berge sal van hulle bloed deurdrenk word. Al die hemelliggame sal wegsmeel; die hemel sal soos 'n boekrol toegerol word en al die sterre sal hulle glans verloor soos die blare van 'n wingerdstok of van 'n vyeboom wat verdroog.” JESAJA 34:1-4 AFR83

Al die berge en eilande word uit hul plekke versit - nie net een of ‘n paar nie, nee AL die berge en eilande van die wêreld. Op die stadium vind net ‘n skuiving plaas, die berge en eilande is nog daar, hulle verdwyn nie - dit gebeur aan die einde.

Het jy al vir Jesus as jou Verlosser aanvaar? Indien wel, dan is jy nie hier om die chaos te beleef nie, wat die Wegraving het al gebeur! Hierdie is die omstandighede wat wag vir die wat Jesus verwerp!

OPENBARING 6:15 AFR53

“en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge,”

Almal kruip op die stadium weg in spelonke en in die rotse van die berge.
Wie is die almal?

1. konings van die aarde
2. die grotes en
3. die rykes
4. die owerstes oor duisend
5. die magtiges
6. die slawe
7. die res, al die vrymense

Weereens het die profeet Jesaja ook geskryf van almal wat gaan wegkruip in die gate van die grond vanweë die skrik van die Here.

“En hulle sal gaan in die spelonke van die rotse en in die gate van die grond vanweë die skrik van die Here en om die heerlikheid van sy majesteit ontwil, as Hy Hom gereed maak om die aarde te verskrik. In dié dag sal die mens sy silwerafgode en sy goue afgode wat hy vir hom gemaak het om voor neer te buig, weggooi vir die molle en die vlermuise; om te gaan in die skeure van die rotse en in die klowe van die kranse vanweë die skrik van die Here en om die heerlikheid van sy majesteit ontwil, as Hy Hom gereed maak om die aarde te verskrik. Laat staan tog die mens wie se asem in sy neus is; want hoe min is hy werd!” JESAJA 2:19-22
AFR53

OPENBARING 6:16-17AFR53

“en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?”

Ons lees in Lukas waar Jesus vertel hoe angstbevange die mensdom gaan wees. Woorde wat gebruik word is: benoudheid, radeloosheid, harte beswyk van vrees!

“En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun, en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word.” LUKAS 21:25-26 AFR53

Mens sou dink die ooglopende gevolg sou wees dat mense bekeer en Jesus vra om hul sondes te vergewe. Nie wat hier gebeur nie, die mense verberg hul aangesig van God en kruip weg. Net soos Farao sy hard verhard het en tien plaë op homself gebring het, net so verhard die mense hul harte en bring God se wraak op hul neer.

Wie kan bestaan? Die volgende hoofstuk sal die vraag vir ons antwoord!

Openbaring 7



OPENBARING 7:1 AFR53

“En ná hierdie dinge het ek vier engele op die vier hoeke van die aarde sien staan, en hulle het die vier winde van die aarde vasgehou, sodat geen wind sou waai op die aarde of op die see of teen enige boom nie.

Vier engele word hier aan ons bekend gestel, elkeen staan op die vier hoeke van die aarde: noord, suid, oos en wes. Hul werk is om die vier winde van die aarde vas te hou sodat GEEN wind sal waai op die aarde of op die see of in die lug teen die bome nie.

Hoofstuk ses het geëindig met die sesde seël en erge verwoesting op die aarde, so hier waar die winde van die wêreld nou stilstaan gaan ons tydsgewys terugbeweeg na die begin van Verdrukking tydperk.

Die wêreld se weer en water siklus word deur die winde bepaal, en met die winde wat ophou waai sal die wêreld droogte en hongersnood beleef. As die droogte al begin met die wit perd, bevestig dit die hongersnood van die swart perd.

OPENBARING 7:2 AFR53

En ek het 'n ander engel sien opkom van die opgang van die son, met die seël van die lewende God; en hy het met 'n groot stem geroep na die vier engele aan wie dit gegee is om die aarde en die see te beskadig

Johannes sien 'n vyfde engel wat van die oostekant kom, die kant waar die son opkom. Ons weet nie wie die engel is nie, maar hy het 'n magsposisie want hy gee opdragte met 'n groot stem aan die vier engele wat die winde vashou.

Die engel het die seël of die embleem van die lewende God en hy roep met 'n groot stem na die ander vier engele wie se werk dit gaan wees om die aarde en die see te beskadig.

Die hemelruim raak nou 'n besige plek met die engele wat hard werk om elke opdrag uit te voer met presiese detail.

OPENBARING 7:3 AFR53

en gesê: Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie.

Die opdrag aan die vier engele is dat hulle nie die aarde of die see of die bome mag beskadig nie. Nie nou nie, hulle moet eers wag dat die diensknegte van God op hul voorhoofde verseël is.

Die diensknegte van God is uiteraard persone wat in Jesus Christus glo, maar die mense het 'n spesiale missie. Ons gaan sien dat die Evangelie wel uitgedra gaan word in die Verdrukking. Openbaring is nie net 'doom & gloom' nie, daar gaan ook 'n groot Christen herlewing wees.

Die diensknegte word op hul voorhoofde verseël om hul deur die Verdrukking te help, en nie van die Verdrukking te hou nie.

Die mense wat Jesus in die Verdrukking tydperk aanvaar as Saligmaker en Verlosser deur die werke van die diensknegte, sal soos ons gesien het in die vorige hoofstuk gemartel en gedood word vir hul geloof. Die spesiale diensknegte wat die Woord verkondig sal vir 'n tyd beskerm word om nie gemartel te word nie, maar die Woord vêrder uit te dra.

OPENBARING 7:4 AFR53

En ek het die getal van die verseëlde gehoor: honderd-vier-en-veertigduisend verseëlde uit al die stamme van die kinders van Israel —

Die verseëlde persone word spesifiek deur God gekies vir die werk wat hulle moet doen om die Woord te verkondig. Die verseëlde word hier duidelik geïdentifiseer, en hul geloof in Jesus moet bonatuurlik wees.

Honderd-vier-en-veertig duisend verseëlde uit al die stamme van die kinders van Israel! Die verseëlde kan net van Joodse afkoms wees, want hulle is die kinders van die stamme van Israel.

Openbaring 2 en 3 gee vir ons die Christen kerk se geskiedenis van die uitstorting van die Heilige Gees tot en met die Wegraving. Van Openbaring hoofstuk 4 word die klem gelê op die Joodse volk en hulle geskiedenis.

Die skrywer van die boek Romeine vertel van 'n verborgenheid, iets wat nie voorheen bekend was nie, dat die verharding van Israel teenoor Jesus net gaan duur totdat die volheid van die heidene (gentiles / nie-Jode) ingegaan het. Heidene moet meer akkuraat hier gelees word as nie-Jode wat ons as Christene insluit. Die volheid van die nie-Jode vind plaas wanneer die laaste persoon wat Jesus gaan aanvaar gebeur en die Wegraping net daarna plaasvind.

“Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het; en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend;” ROMEINE 11:25-26 AFR53

OPENBARING 7:5-8 AFR53

**uit die stam van Juda twaalfduisend verseëlde;
uit die stam van Ruben twaalfduisend verseëlde;
uit die stam van Gad twaalfduisend verseëlde;
uit die stam van Aser twaalfduisend verseëlde;
uit die stam van Náftali twaalfduisend verseëlde;
uit die stam van Manasse twaalfduisend verseëlde;
uit die stam van Simeon twaalfduisend verseëlde;
uit die stam van Levi twaalfduisend verseëlde;
uit die stam van Íssaskar twaalfduisend verseëlde;
uit die stam van Sébulon twaalfduisend verseëlde;
uit die stam van Josef twaalfduisend verseëlde;
uit die stam van Benjamin twaalfduisend verseëlde.”**

Deur die eeue heen is baie bespiegel oor wie die 144,000 verseëlde is, maar ons hoef net die Bybel te lees om presies te sien wie dit is.

Die aartsvaders van die Joodse volk is Abraham, Isak en Jakob. Jakob se naam word verander na Israel en sy twaalf seuns verteenwoordig die twaalf stamme van Israel. Dit is die twaalf stamme in die vers genoem waaruit elk van die twaalfduisend verseëlde gekies gaan word.

Die verseëlde is Joodse mans wat maagdelik rein is, en die eerstes wat in Jesus glo gedurende die Verdrukking.

“Dit is hulle wat hulself met vroue nie besoedel het nie, want hulle is maagdelik rein; dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan; dit is hulle wat gekoop is uit die mense as eersteling vir God en die Lam.” OPENBARING 14:4 AFR53

Joodse mans - kom uit een van die twaalf Joodse stamme.

Maagdelik rein - Openbaring 14:4 sê dat hulle hulself nie met vroue besoedel het nie.

Eerstes wat glo - gekoop uit die mense as eersteling vir God en die Lam, en wat die Lam volg.

Honderd vier en veertig duisend - Twaalfduisend verseëlde uit elk van die twaalf stamme van Israel = $12,000 \times 12 = 144,000$.

Hoop hierdie verklaring maak duidelik wie die 144,000 verseëlde is. Indien daar nog vrae is, vra asb. in die kommentaar en ek sal poog om te antwoord.

OPENBARING 7:9 AFR53

“Na hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande;

Na hierdie dinge - na die dinge van die 144,000 sien Johannes 'n nuwe groep mense. 'n Groot menigte wat niemand kan tel nie.

Ons het duidelik twee groepe mense in die hoofstuk:

1. Die 144,000 Joodse mans uit die twaalf stamme van Israel, en
2. 'n Ontelbare menigte uit elke nasie en stam en volk en taal.

Die ontelbare menigte is in die hemel voor die troon en voor die Lam, en hulle het wit klere aan en palmtakke in hul hande - beslis 'n groep mense wat Jesus as hul Verlosser aanvaar het.

Wie is hulle en waar kom hulle vandaan? Die volgende verse sal meer inligting gee.

“En toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar. En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.” HANDELINGE 2:1-4 AFR53

Vandag is Pinkster - 50 dae na Jesus se opstanding!

Die dag staan ook bekend as Fees van weke, Pentacost of Shavuot.

Volgens die feeste in Levitiekus 23 is vandag die vierde van sewe feeste wat God vir Moses gegee het. Twee brode, gebak met suurdeeg, word as 'n beweegoffer voor God gebring.

Suurdeeg is 'n prentjie van sonde en die brode stel 2 groepe mense voor met sonde. Met die uitstorting van die Heilige Gees het 2 groepe Jesus as hul verlosser aanvaar: Jode en nie-Jode of Gentiles en 'n nuwe groep is gevorm, nl: Christene!

Pentacost beteken 50 en is presies 50 dae na Jesus se opstanding of die Fees van Eerste Vrugte.

Lees gerus meer op my blog: <http://www.reginatorre.com/category/4de-fees-pinkster-pentacost/>

OPENBARING 7:10 AFR53

en hulle het met 'n groot stem geroep en gesê: Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam!

Die ontelbare menigte is nie skaam en skugter nie. Hulle roep lofprijsing met 'n groot stem uit. Hulle roep sê: Heil aan onse God wat op die troon sit en aan die Lam.

Soos Dawid van ouds, loof en prys die groep mense ook vir God.

“Vir die musiekleier. 'n Psalm van Dawid. By die Here skuil ek. Hoe kan julle dan vir my sê: Vlug na julle berg soos 'n voël! Want kyk, die goddelose span die boog; hulle het hul pyl op die snaar reggesit om in die donker te skiet na die opregtes van hart. As die fundamente omgegooi word, wat kan die regverdige doen? Die Here is in sy heilige paleis; die troon van die Here is in die hemel; sy oë sien, sy ooglede toets die mensekinders. Die Here toets die regverdige; maar sy siel haat die goddelose en die wat geweld liefhet. Hy sal op die goddelose vangnette, vuur en swawel laat reën; en 'n gloeiende wind sal die deel van hulle beker wees. Want die Here is regverdig; Hy het geregtighede lief; die opregtes sal sy aangesig sien.” PSALMS 11:1-7 AFR53

OPENBARING 7:11 AFR53

En al die engele het rondom die troon en die ouderlinge en die vier lewende wesens gestaan, en hulle het voor die troon op hulle aangesig neergeval en God aanbid

Saam met die vorige verse het ons nou 'n opsomming van die mense in die hemel wat voor die troon van God aanbid, lofprys en uitroep:

- die 144,000
- die ontelbare menigte uit elke nasie en stam en volk en taal
- al die engele
- die ouderlinge
- vier lewende wesens

OPENBARING 7:12 AFR53

en gesê: Amen! Die lof en die heerlijkheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan onse God tot in alle ewigheid! Amen.

Almal in die hemel loof en prys vir God sonder ophou. As lofprijsing in die hemel so belangrik is, dan moet ons vandag en elke dag seker dieselfde doen. Wat presies sing hulle? Hulle almal sing dat die volgende eienskappe God toekom:

1. Lof, 2. Heerlikheid, 3. Wysheid, 4. Danksegging, 5. Eer, 6. Krag en 7. Sterkte

Lees wat Jesaja van God gesê het om Hom te loof en prys.

“Weet jy dit nie? Of het jy dit nie gehoor nie? 'n Ewige God is die Here, Skepper van die eindes van die aarde; Hy word nie moeg of mat nie; daar is geen deurgroting van sy verstand nie. Hy gee die vermoeide krag en vermenigvuldig sterkte vir die wat geen kragte het nie. Die jonges word moeg en mat, en die jongmanne struikel selfs; maar die wat op die Here wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie.” JESAJA 40:28-31 AFR53

OPENBARING 7:13 AFR53

Toe het een van die ouderlinge gespreek en vir my gesê: Hulle wat bekleed is met die wit klere, wie is hulle en waarvandaan het hulle gekom?

Een van die ouderlinge praat nou met Johannes en vra hom 'n vraag. Die ouderlinge wil weet wie die mense in hul wit klere is en waarvandaan kom hulle.

Ons het in hoofstuk 4 geleer dat die ouderlinge die leiers van die kerk is en die Christene voorstel wat weggeraap is. Die ouderlinge het wit klere aan met goue krone op hul hoofde.

“En rondom die troon was daar vier-en-twintig trone, en op die trone het ek die vier-en-twintig ouderlinge sien sit, bekleed met wit klere; en hulle het goue krone op hulle hoofde gehad.” OPENBARING 4:4 AFR53

Die ‘nuwe’ groep met wit klere is nie die ouderlinge nie, want die ouderlinge vra vir Johannes wie hulle is. Hulle het nie krone op hul hoofde nie maar palmtakke in hul hande soos ons in vers 9 gesien het.

OPENBARING 7:14 AFR53

En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam.

Johannes antwoord soos 'n politikus met 'n teenvraag. My heer, u weet dit!

Die ouderling antwoord hom - dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, hulle het hul klere wit gemaak met die bloed van die Lam. Fantasties, dit is dus moontlik om gedurende die groot verdrukking vir Jesus as Verlosser te aanvaar. Maar, dit kom met 'n prys, die mense sal gemartel word. Dit is dus beter om Jesus NOU te aanvaar!

Die vers bevestig dat daar evangelisasie sal wees deur die hele verdrukking tydperk en die mense sal kom uit elke nasie, stam, volk en taal soos gesien in vers 9 - dus uit die hele wêreld.

Die evangelisasie is natuurlik die werk van die 144,000 Joodse evangeliste en dan ook sal die familie en vriende van die wat weggeraap is hul Bybels en ander boeke begin lees, want hul sal onthou hoe knaend ons was met ons boodskap!

OPENBARING 7:15-16 AFR53

Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan. Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie, en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie;

Die groep martelare met hul wit klere en palmtakke in hul hande wat gedurende die groot verdrukking gemartel is vir hul geloof in Jesus, is voor die troon van God en hulle dien Hom dag en nag.

Nou word ons na die millenium geneem soos ons ook lees in Openbaring 21 en 22 hieronder aangehaal. Daar sal nie meer honger of dors wees nie en die son of enige ander hitte sal nooit weer op hul skyn nie want God gaan Sy tent oor hulle span en beskerm.

“En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlijkheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp. En die nasies van die wat gered word, sal in die lig daarvan wandel, en die konings van die aarde bring hulle heerlijkheid en eer daarin. En bedags — want nag sal daar nie meer wees nie — sal sy poorte nooit gesluit word nie;”
OPENBARING 21:23-25 AFR53

“En nag sal daar nie wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die Here God hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid.” OPENBARING 22:5 AFR53

OPENBARING 7:17 AFR53

want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfontein lei, en God sal alle trane van hulle oë afvee.”

Die laaste vers in die hoofstuk is nog steeds in die millenium (duisendjarige vrederyk) wat vir ons ‘n voorsmakie gee van wat kom.

Dit dien ook as bemoediging vir die mense wat in die verdrukkingtydperk die deel in die Bybel gaan lees. Hoofstuk 21 vertel van God wat by Sy mense gaan woon en al die trane gaan afvee en bevestig vers 17.

“En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweën en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.” OPENBARING 21:3-4 AFR53

Openbaring 8



OPENBARING 8:1 AFR53

“En toe Hy die sewende seël oopgemaak het, kom daar stilte in die hemel omtrent 'n halfuur lank.

Die sewende en laaste seël word deur Jesus oopgemaak en die hemel word stil vir ‘n halfuur. Die vorige keer dat ‘n spreekwoordelike ‘stilte voor die storm’ gebeur het was in die Ou Testament toe Joshua die stad Jerigo ingeval het.


Vir ses dae lank loop die krygsmanne van Israel elke dag een keer om die stad Jerigo. Op die sewende dag stap hul sewe keer om die stad en in stilte. Al wat gehoor kan word is die priesters wat op hul basuine blaas. Sewe priesters met sewe ramshorings stap voor die ark. Na die sewende keer om die stad verander die geluid van die ramshorings. Lang geluide word geblaas en dit is die teken vir die krygsmanne om te skree! en die stadsmure val net daar in die grond in.

“Toe het die Here vir Josua gesê: Kyk, Ek gee Jérigo met sy koning en dapper helde in jou hand. Julle moet dan om die stad trek, al die krygsmanne; trek die stad een maal om; so moet jy doen ses dae lank. En sewe priesters moet sewe ramshorings voor die ark dra; maar op die sewende dag moet julle die stad sewe maal omtrek; en die priesters moet op die horings blaas; en as hulle lang geluide op die ramshoring blaas, as julle die geluid van die horing hoor, moet die hele volk 'n groot krygsgeskreeu aanhef: dan sal die stadsmuur op sy plek inval; en die volk moet inklim, elkeen reg voor hom uit.” JOSUA 6:2-5 AFR53

Duidelik het die krygsmanne nie hier geveg nie maar die Here van die leerskare!

OPENBARING 8:2 AFR53

En ek het die sewe engele gesien wat voor God staan, en sewe basuine is aan hulle gegee.



Die sewende seël is nie net een ramp soos elkeen van die vorige seëls nie, die sewende seël gee vir ons sewe nuwe rampe wat deur elkeen van die sewe basuine voorgestel word.

Johannes sien sewe engele wat voor God staan en elkeen van die engele kry 'n basuin.

Net vir interessantheid: Die Apokriewe boeke gee name aan die sewe engele: (Die name is in engels, ek gaan nie poog om hulle te vertaal nie.) Uriel, Raphael, Raguel, Michael, Sarakiel, Grabriel, and Phanuel.

Apokrief volgens die woordeboek beteken twyfelagtig of verdag - dit is hoekom ons die boeke nie in die Bybel het nie.

OPENBARING 8:3 AFR53

En 'n ander engel het gekom en met 'n goue wierookbak by die altaar gaan staan, en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê;

Johannes sien 'n ander engel. Dié woord ander in Grieks is 'allos' wat beteken 'van dieselfde soort'. Dus, 'n engel van dieselfde soort as die sewe engele wat die sewe basuine gekry het - dit is dus nie Jesus nie.

Die engel wat Johannes in die hemel sien, staan met 'n goue wierookbak by die altaar en baie reukwerk word aan hom gegee. Die gebede van al die heiliges - almal, niemand word oorgesien nie - word saam met die reukwerk in die goue bak geplaas.

Die mengsel van gebede en reukwerk word voorberei om op die goue altaar voor die troon geplaas te word.

OPENBARING 8:4 AFR53

en die rook van die reukwerk het met die gebede van die heiliges uit die hand van die engel opgegaan voor God.

Die rook van die reukwerk saam met die gebede van die heiliges (of die Christene op aarde) gaan as 'n voortdurende reukwerk op voor die aangesig van God.

In Moses se tabernakel het ons drie items in die Heilige plek gesien. Die menorah of lampstaander, die tafel van toonbrode, en die wierookaltaar. Aaron, die hoë priester, het elke oggend en elke aand die lampe reggemaak en daarna die reukwerk van speserye op die altaar aangesteek met die kole van die brandofferaltaar.

“En Aäron moet daarop reukwerk van speserye aan die brand steek; elke môre as hy die lampe regmaak, moet hy dit aan die brand steek.” EXODUS 30:7 AFR53

OPENBARING 8:5 AFR53

En die engel het die wierookbak geneem en dit met vuur van die altaar volgemaak en dit op die aarde gegooi; en daar het stemme gekom en donderslae en weerligte en aardbewing.

Die engel maak die wierookbak vol met die vuur van die altaar en gooi die mengsel van speserye, gebede en brandende vuur op die aarde uit.

Hierdie aksie is 'n voorskou van dit wat kom en die mense op aarde hoor stemme en donderslae, sien weerligte en beleef nog 'n aardbewing!

Die rampe wat die seëls meegebring het, het almal natuurlik in hul aard gelyk. Nou gaan die wêreld sien dat die rampe wat volg van God kom, en dit gaan uit die hemel neerdaal na die aarde.

OPENBARING 8:6 AFR53

En die sewe engele met die sewe basuine het hulle gereed gemaak om te blaas.

Die sewe engele staan gereed soos atlete voor 'n aflos wedren. Elkeen van die engele het 'n basuin wat geblaas moet word, die een na die ander.

Wanneer die eerste engel sy basuin blaas gaan toestande op aarde verander van sleg na baie erg in 'n kort tydperk. Soos die aflos gehardloop word en die een engel na die ander sy basuin blaas vererger die toestande op aarde!

OPENBARING 8:7 AFR53

En die eerste engel het geblaas, en daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng, en dit is op die aarde gegooi. En 'n derde van die bome het verbrand, en al die groen gras het verbrand.

'Die eerste engel blaas die eerste basuin!

Hael en vuur gemeng met bloed word op die aarde gegooi. Een derde van die bome verbrand en al die groen gras verbrand. Hierdie bonatuurlike ramp laat ons terugdink aan die plaë in Egipte.

Die sewende plaag was hael en vuur wat op die aarde uitgeskiet het. Daar is 'n ooreenkoms tussen die basuine wat geblaas word en van die plaag in Egipte.

“En Moses het sy staf na die hemel uitgesteek, en die Here het donder en hael gegee, en vuur het na die aarde uitgeskiet; en die Here het hael op Egipteland laat reën. En daar was hael en onophoudelike vuur binne-in die hael, baie swaar, soos in die hele Egipteland nooit gewees het vandat dit aan 'n volk behoort het nie.” EXODUS 9:23-24 AFR53

OPENBARING 8:8 AFR53

En die tweede engel het geblaas, en iets soos 'n groot berg wat brand met vuur, is in die see gegooi. En 'n derde van die see het bloed geword,

Die tweede engel blaas sy basuin.

Iets soos 'n groot berg - die objek is moontlik 'n asteroïde as dit so groot soos 'n berg is. Die 'berg' brand met vuur - die vuur gebeur wanneer die objek die atmosfeer van die aarde binnekom.

'n Derde van die see het bloed geword - die 'berg' se teiken is die see, en vernietig 'n derde van die see wat in die vers bloed word.

Die water wat bloed word herinner ons aan die eerste plaag in Egipte.

“Moses en Aäron het toe so gedoen soos die Here beveel het — hy het die staf opgehef en die water wat in die Nyl was, geslaan voor die oë van Farao en voor die oë van sy dienaars; en al die water in die Nyl is in bloed verander.” EXODUS 7:20 AFR53


OPENBARING 8:9 AFR53

en 'n derde van die lewende skepele in die see het gesterwe, en 'n derde van die skepe het vergaan.

Meer as driekwart van die aarde se oppervlakte is see, en die Atlantiese oseaan is ongeveer een derde van die see oppervlakte. Net om die derde wat vernietig word in perspektief te sit. Ons weet nie watter derde vernietig gaan word nie.

Die vers sê vir ons dat 'n derde van die mense in die see sterf en 'n derde van die skepe op die see vergaan.

Die prentjie hierby wys 'n 'snapshot' van die hoeveelheid skepe tans op die see in die Atlantiese oseaan.



OPENBARING 8:10 AFR53

En die derde engel het geblaas, en 'n groot ster wat soos 'n fakkel brand, het uit die hemel geval, en dit het geval op 'n derde van die riviere en op die waterfonteine.

Die derde engel blaas sy basuin.

‘n Groot ster brand soos ‘n fakkel en val uit die hemel uit - Nog ‘n asteroïde wat uit die hemel kom om die aarde te tref. Waar die vorige asteroïde die see geteiken het, is een derde van die aarde se vars water nou die teiken.

Die groot brandende ster val op ‘n derde van die aarde se riviere en waterfonteine.

OPENBARING 8:11 AFR53

En die naam van die ster word genoem Alsem; en 'n derde van die waters het als geword, en baie mense het gesterwe van die water, omdat dit bitter geword het.

Die ster het ‘n naam en word Alsem genoem. Die Engelse vertaling is Wormwood en daar word baie bespiegel oor die naam van die ster, met die klem op bespiegel.

Die Griekse woord vir alsem is ‘apsinthion’ en beteken bitter of giftige plant. Absinth of bitters is vandag ‘n bestanddeel vir alkoholiese drankies, en die alsem plant se blare is in antieke tye as medisyne gebruik om dermwurms te genees.

Die vers sê dat baie mense gesterf het van die water so ons kan aanvaar dat die water nie net bitter nie, maar ook giftig is.

Die eerste drie basuine rig die volgende skade aan:

- Voorskou: Vuur van altaar veroorsaak donderslae, weerligte en aardbewing.
- Basuin 1: 1/3 van die wêreld se bome en al die gras is gebrand.
- Basuin 2: 1/3 van die wêreld se see is bloed en in die derde is die skepe vernietig en die mense sterf.
- Basuin 3: 1/3 van die wêreld se vars water is bitter en vergiftig, wat mense doodmaak wat dit drink.

OPENBARING 8:12 AFR53

En die vierde engel het geblaas, en 'n derde van die son is getref en 'n derde van die maan en 'n derde van die sterre, sodat 'n derde van hulle donker sou word en die dag vir sy derde deel nie lig sou gee nie, en die nag net so.

Die vierde engel blaas sy basuin.

Die teiken van die vierde basuin is die son, maan en sterre. ‘n Derde van die son, maan en sterre word donker. Vir 1/3 van 24 uur, dus 8 ure sal die son aan die een kant en die maan en sterre aan die ander kant van die wêreld ophou skyn. Die dag word agt ure korter en die nag word agt ure langer.

Hierdie laat ons weer terugdink aan die negende plaag wat duisternis oor Egipteland was.

“Verder het die Here vir Moses gesê: Steek jou hand na die hemel uit, en daar sal duisternis oor Egipteland kom, sodat 'n mens die duisternis kan gryp. Toe Moses sy hand uitsteek na die hemel, kom daar 'n dik duisternis in die hele Egipteland, drie dae lank.” EXODUS 10:21-22 AFR53

OPENBARING 8:13 AFR53

En ek het gesien en gehoor 'n engel wat in die middel van die hemel vlieg, wat met 'n groot stem sê: Wee, wee, wee hulle wat op die aarde woon, vanweë die orige geluide van die basuin van die drie engele wat nog sal blaas!”

Johannes sien en hoor na die eerste vier basuine ‘n engel wat in die middel van die hemel vlieg en praat met ‘n groot stem.

Waar is die middel van die hemel? Paulus vertel in die boek Korinthiers dat hy die derde hemel gesien het.

“Ek weet van 'n man in Christus, veertien jaar gelede — of dit in die liggaam was, weet ek nie, of buite die liggaam, weet ek nie, God weet dit — dat so iemand weggeruk is tot in die derde hemel.” II KORINTHIËRS 12:2 AFR53

Die hemel is in die Joodse tradisie in drie dele verdeel. Die eerste hemel is waar die voëls vlieg, die tweede hemel is waar die sterre en planete is, en die derde hemel is waar God woon. Die middel van die hemel is dus die tweede hemel waar die sterre en planete is en dit is waar Johannes die engel sien vlieg het.

Die engel waarsku die mense op aarde met ‘n groot stem. Dit moet ‘n GROOT stem wees as die mense dit kan hoor vanuit die buitenste ruim. Wee, wee, wee! Die waarskuwing word drie keer gegee om die mense voor te berei dat daar nog drie basuine moet blaas!

Openbaring 9



OPENBARING 9:1 AFR53

“En toe die vyfde engel blaas, sien ek 'n ster wat uit die hemel op die aarde geval het, en aan hom is die sleutel van die put van die afgrond gegee.

Die vyfde engel blaas die vyfde basuin.

Johannes sien nog 'n ster wat uit die hemel op die aarde val. Die keer is die ster nie 'n meteoriet of asteroïde nie, maar 'n 'persoon' of engel want daar word na die ster verwys as 'hom'.

Die engel wat aarde toe val is 'n gevalle engel of 'n demoon wat 'n sleutel ontvang. Hy is nie die draer of eienaar van die sleutel nie, dit moet aan hom gegee word. Die sleutel sluit die put van die afgrond oop.

Die put van die afgrond word ook genoem die hel of die onderwêreld. Die Nuwe Testament sê ook vir ons dat hierdie 'n spesiale gevangenis is waar die siele van ongehoorsame engele gehou word.

“Want as God die engele wat gesondig het, nie gespaar het nie, maar hulle in die hel gewerp en aan kettings van duisternis oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word;”.
II PETRUS 2:4 AFR53

Nie alle demone word na die onderwêreld verban nie, van hulle is nog baie aktief en aan die werk hier op die aarde.

“Daarop vra Jesus hom en sê: Wat is jou naam? En hy antwoord: Legio — want baie duiwels het in hom ingevaar. En hulle het Hom gesmeek dat Hy hulle nie sou beveel om in die onderwêreld af te vaar nie.” LUKAS 8:30-31 AFR53

Die onderwêreld het in die Ou Testament (OT) uit twee plekke bestaan. Een gedeelte vir die siele van die OT gelowiges, en die ander gedeelte vir die siele van die OT ongelowiges. Ons sien hierdie beskrywing mooi in Lukas 16 met die gelykenis van die ryk man en Lasarus.

God het voor Jesus, elkeen wat gesterf het na die onderwêreld geneem - gelowiges in troos en ongelowiges in pyniging. Met Jesus se opstanding is die siele van die gelowiges verwyder en hulle het Jesus na die hemel vergesel, maar die siele van ongelowiges het gebly en is vandag nog in die onderwêreld of put van die afgrond.

OPENBARING 9:2 AFR53

En hy het die put van die afgrond oopgemaak, en daar het rook opgekom uit die put soos rook van 'n groot oond, en die son en die lug is deur die rook van die put verduister.

Die demoon wat Satan homself kan wees of een van sy hoofgesante, maak die put van die afgrond oop.

Met die oopmaak van die put is daar onmiddelik bolle rook wat uitkom, soos rook wat mens kry van 'n groot oond. Hierdie is bevestiging dat die hel 'n warm plek is en ook dat die hel onder ons voete, vêr onder die aarde is.

Die rook is so erg dat die son en die lug deur die rook van die put verduister word.

OPENBARING 9:3 AFR53

En uit die rook het daar sprinkane uitgekom op die aarde, en aan hulle is mag gegee soos die skerpioene van die aarde mag het.

Johannes sien sprinkane wat saam met die bolle rook uitkom uit die bodemlose put. Latere verse gaan meer beskrywend wees en wys dat die wesens wat hy sien soos insekte lyk.

Die agste plaag was sprinkane en het die hele Egipteland bedek.

“die sprinkane het opgekom oor die hele Egipteland en in die hele gebied van Egipte gaan sit, 'n baie groot menigte — tevore was daar so 'n sprinkaanswerm nie gewees nie, en daarna sal so iets nie weer voorkom nie. En hulle het die oppervlakte van die hele land bedek, sodat die land swart was; EXODUS 10:14-15a AFR53

Die sprinkane wat Johannes gesien het, was egter baie anders as die gewone soort. Die vers vertel dat hulle 'mag ontvang soos die mag van skerpioene'. Die skerpioen se mag is in sy angel en die pyn van so 'n steek kan dae duur. Die mag aan die sprinkane kan net van God af kom, net soos God die sleutel gegee het om die put oop te maak.

OPENBARING 9:4 AFR53

En aan hulle is gesê dat hulle nie die gras van die aarde of enige groenigheid of enige boom moet beskadig nie, maar net alleen die mense wat die seël van God nie op hulle voorhoofde het nie.

Die sprinkane se mag kom met spesifieke instruksies en beperkings. Hulle word beveel om nie die gras of enige groenigheid of enige bome te beskadig nie. Die sprinkane moet dus teen hul natuur optree en niks groen eet nie - 'n aanduiding dat die 'insekte' geen gewone sprinkaan is nie.

Die sprinkane moet wel AL die mense wat NIE die seël van God op hul voorhoofde het NIE beskadig. Ons weet tot dusvêr dat die 144,000 Joodse evangeliste elkeen die seël van God op hul voorhoofde ontvang het.

Ons weet ook dat duisende mense Jesus as hul verlosser gaan aanvaar deur die evangelisasie veldtog van die 144,000. Daar word nie vêrdere detail gegee nie, maar ons kan aanneem dat elke gelowige ook God se merk moet he, want soos Timotheus in die vers hieronder vir ons leer - die Here ken wat syne is!

“Ewenwel, die fondament van God staan vas met hierdie seël: Die Here ken die wat syne is; en: Laat elkeen wat die Naam van Christus noem, afstand doen van die ongeregtigheid.” II TIMÓTHEÛS 2:19 AFR53

OPENBARING 9:5 AFR53

En dit is aan hulle gegee, nie om hulle dood te maak nie, maar dat hulle vyf maande lank gepynig sou word; en hulle pyniging was soos die pyniging van 'n skerpioen wanneer hy 'n mens steek.

Die sprinkane se instruksie is om ongelowiges te pynig vir vyf maande lank, maar hulle mag die mense nie dood maak nie. Die pyniging voel soos 'n skerpioensteek.

'n Skerpioensteek brand glo normaalweg soos die warmste kool in 'n vuur en die simptome daarvan kan die volgende insluit: ongemak, sweet, verhoogde bloeddruk, kwyling, mislikheid, braking, allergiese reaksies en stuiptrekkings.

Die enigste ander gebeurtenis in die Bybel wat vyf maande geduur het was tydens die vloed met Noag in die ark. Vyf maande x 30 dae = 150 dae.

“En die waters het die oorhand behou oor die aarde honderd-en-vyftig dae lank.” GÊNESIS 7:24 AFR53

OPENBARING 9:6 AFR53

En in dié dae sal die mense die dood soek en dit nie vind nie; en hulle sal verlang om te sterwe, en die dood sal vir hulle wegvlug.

In dié dae - die 150 dae of vyf maande van pyniging - sal die mense wens hulle is eerder dood. Maar, hulle sal nie kan doodgaan nie. Vir vyf maande lank sal niemand doodgaan nie! Niemand sal kan selfmoord pleeg nie, en mense sal mekaar ook nie kan doodmaak nie.

Vir vyf maande van onophoudelike pyn sal die mensdom 'n voorsmakie kry van hoe dit eendag in die hel gaan wees. 'n Genade tydperk om te besluit om eerder Jesus te volg. Die getal 5 beteken genade in die Bybel.

Martin Luther het die volgende gesê: Twee geboortes = een dood. Een geboorte = twee dode. Hoe werk dit?

Jesus verduidelik - die eerste geboorte is fisies, en met die tweede geboorte aanvaar ons Jesus as Verlosser. Dan sterf ons net eenmaal hier op aarde en ons gees leef vir ewig saam met Hom.

“Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie. Nikodémus sê vir Hom: Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie? Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.”
JOHANNES 3:3-5 AFR53

Fisiese dood is die eerste dood en die skeiding van gees en siel van die liggaam, maar die tweede dood is die skeiding van gees en siel van God.

“Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars — hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.” OPENBARING 21:8 AFR53

OPENBARING 9:7 AFR53

En die voorkoms van die sprinkane was soos dié van perde wat vir die oorlog toegerus is, en op hulle koppe was iets soos krone wat net soos goud gelyk het, en hulle gesigte was soos die gesigte van mense.

Die vers begin om vir ons te verduidelik hoe die demoniese sprinkane wat uit die bodemlose put vrygelaat is gaan lyk.

Soos perde wat toegerus is vir oorlog - om die mensdom te pynig is inderdaad om oorlog te voer en 'n sprinkaan se kop lyk natuurlik 'n bietjie soos 'n perd se kop.

Op hul koppe iets soos krone wat soos goud lyk - dié krone is in Grieks stephanos wat die kroon was wat jy by 'n olimpiese spele gewen het, dus iets waarvoor jy moes werk. Die demone het gewerk om in die spesifieke regiment te wees.

Gesigte soos gesigte van mense - spreek vanself.

OPENBARING 9:8 AFR53

En hulle het hare gehad soos vrouehare, en hulle tande was soos dié van leeus.

Hare soos vrouehare kan maanhare van perde wees omdat Johannes in die vorige vers gesê het dat die sprinkane soos oorlogsporde lyk.

Tande soos die van leeus - 'n voorkoms wat jou moet bang maak. Joël het ook 'n gesig van 'n sprinkaan weermag met leeutande gesien.

“Want 'n sterk en ontelbare nasie het opgetrek oor my land; sy tande is leeutande, en dit kan byt soos 'n leeuin.” JOËL 1:6 AFR53

OPENBARING 9:9 AFR53

En hulle het borsharnasse gehad soos van yster, en die gedruis van hulle vlerke was soos die gedruis van baie strydwaens met perde wat opruk na die oorlog.

Die sprinkane se borsstuk (kop, borsstuk en agterlyf) het gelyk of dit met iets soos yster beskerm is. Soos soldate wat hul wapenrusting aantrek. Sterk en reg vir oorlog.

Die sprinkaan weermag het vreesaanjaend gelyk, maar die effek is vererger deur die gedruis van hul vlerke. Dit het geklink soos baie strydwaens met perde wat opruk na 'n oorlog.

OPENBARING 9:10 AFR53

En hulle het sterte gehad soos dié van skerpioene, en daar was angels in hulle sterte, en hulle mag was om die mense vyf maande lank skade aan te doen.

Die demone se sterte was soos die van skerpioene, en daar was angels in hul sterte. Die mag van die demone was om vyf maande lank skade te doen aan die ongelowige mense.

Die vers beklemtoon wat ons tot dusvêr geleer het. Moet nie onder enige wanindruk verkeer nie, dit gaan 'n baie moeilike tydperk wees.

OPENBARING 9:11 AFR53

En hulle het as koning oor hulle die engel van die afgrond; sy naam in Hebreeus is Abáddon, en in Grieks het hy die naam van Apóllion.

Die sprinkane het 'n koning wat oor hul regeer. Die koning van die afgrond se naam is Abaddon (Hebreeus) of Apollion (Grieks) en die naam beteken Verwoester. Die Ou Testament boek Spreuke leer ons dat gewone sprinkane nie 'n koning het nie, so hierdie sprinkaanagtige gedroge kan net demone wees.

“sprinkane het nie 'n koning nie en tog trek die hele swerm in formasie;” SPREUKE 30:27
AFR83

Hoe vêrder ons in die Verdrukking tydperk inbeweeg hoe meer interaksie gaan daar tussen die fisiese en geestelike wêreldes wees. Wat vir ons vandag ondenkbaar is, gaan in die Verdrukking tydperk algemeen word.

OPENBARING 9:12 AFR53

Die een wee het verbygegaan; hierna kom daar nog twee weë.

Die pyniging van die eerste wee of die vyfde basuin is nou verby.

Hierdie gedeelte bevestig dat die weë op mekaar volg en nie gelyktydig gebeur nie. Dink jou in hoe verlig die mense moet wees dat die pyniging uiteindelik verby is, maar hou vas want daar kom nog twee weë.

OPENBARING 9:13 AFR53

En die sesde engel het geblaas, en ek het 'n stem gehoor uit die vier horings van die goue altaar wat voor God is,

Die sesde engel blaas die sesde basuin!

Johannes hoor 'n stem wat kom van die goue altaar wat voor God is. Hierdie is weer die wierookaltaar in die tempel, in die hemel, waar die martelaars se gebede geplaas is.

Die opdrag kom direk van God en ons sal sien dat bonatuurlike wesens God se opdrag moet uitvoer. Die gebeure wat volg gaan dus van bonatuurlike en nie natuurlike aard wees nie.

OPENBARING 9:14 AFR53

en dié het aan die sesde engel met die basuin gesê: Maak die vier engele los wat gebind is by die groot rivier, die Eufraat.

God gee die volgende opdrag aan die sesde engel met die sesde basuin.

Die vier engele wat gebind is by die Eufraatrivier moet losgemaak word. Engele wat gebind is, of in ander woorde, in gevangenis is, verwys na gevalle engele of demone wat ook beklemtoon word deur die feit dat hulle nie in die hemel nie, maar onder op die aarde is.

Die Eufraatrivier is die oostelike grens van Israel (Gen 15:18). Sonde het hier begin toe Eva die vrug geëet het (Gen 3:6), Nimrod het sy koninkryk Babel hier gestig (Gen 10:10) en die toring van Babel is hier gebou (Gen 11:4). Dus, die gepaste hoofkwartiere van heidense aanbidding.

OPENBARING 9:15 AFR53

Toe is die vier engele losgemaak wat gereed gehou was vir die uur en dag en maand en jaar, om 'n derde van die mense dood te maak.

Die vier engele het 'n spesifieke taak vooruit beplan deur God wat die einde van die begin af ken. Dié gevalle engele is gereed gehou vir 'n spesifieke uur en dag en maand en jaar!

“wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen;” JESAJA 46:10 AFR53

Die engele se hooftaak is om 'n derde van die mense wat op die stadium nog lewe, dood te maak.

OPENBARING 9:16 AFR53

En die getal van die leërs van perderuiters was twee maal tienduisend maal tienduisend; en ek het hulle getal gehoor.

Die gevalle engele word 'n bietjie hulp toegestaan deur leërs van perderuiters. Die getal van die perderuiters word vir ons gegee, en hier moet ons weer wiskunde kan doen, of ons optelmasjiene se hulp inroep. Die getal is wat Johannes gehoor het, en dit word vir ons gegee.

Twee maal tienduisend maal tienduisend = $2 (10,000 \times 10,000) = 2 (100,000,000) = 200,000,000$. In woorde is die antwoord = twee honderd miljoen.

OPENBARING 9:17 AFR53

En só het ek in hierdie gesig die perde gesien en die wat op hulle sit, met vuurrooi en blou en swawelgeel borsharnasse. En die koppe van die perde was soos leeukoppe, en uit hulle bekke het vuur en rook en swawel uitgegaan.

Hier beskryf Johannes wat hy sien, die perde en hul ruiters. Ons het hier met 'n heel ander regement van demone te doen. Die vyfde basuin se demone het goue krone gedra wat hul 'embleem' kon wees.

Die sesde basuin se twee honderd miljoen ruiters word gekenmerk aan die kleure van hul borsharnasse. Die kleure is vuurrooi, blou en swawelgeel.

Die perde het 'n bonatuurlike voorkoms met koppe soos leeukoppe, en uit hul bekke het vuur en rook en swawel gegaan. Dit was die perde uitspoeg spieëlbeeld die kleure van die borsharnasse. Vuur (rooi), rook (blou), swawel (geel).

OPENBARING 9:18 AFR53

Deur hierdie drie plaes is 'n derde van die mense gedood, deur die vuur en deur die rook en deur die swawel wat uit hulle bekke uitgegaan het;

Hierdie leer wat tweehonderd miljoen (200,000,000) sterk is maak een derde van die mense wat op die stadium nog lewe dood. Vuur, rook en swawel word uit die bekke van die perde gespoeg om die mense dood te maak.

Hoeveel mense is tot op datum van hierdie tyd in die Verdrukking dood. As ons 'n rowwe som maak en die Wegraving buiterekening hou is die helfte van die mense op aarde teen die tyd dood. Tans is daar 7,8 biljoen mense en die helfte daarvan is 3,9 biljoen.

Mense tans op aarde (Junie 2020 - 7,8 biljoen)	7,800,000,000
Seël 4 (Vaal perd) dood 1/4 van aarde	- 1,950,000,000
Seël 5 Martelare gedood (getal onbekend)	- 500,000
Basuin 6 Demoon perderuiters 1/3 aarde	- 1,949,833,333
Totaal mense wat nog lewe (skatting)	3,890,666,667

OPENBARING 9:19 AFR53

want hulle mag is in hulle bek en in hulle sterte; want hulle sterte is soos slange en het koppe, en daarmee rig hulle skade aan.

Die mag van die perde is in twee plekke - bek en stert. Die stert het ook mag want die stert is soos 'n slang met 'n kop en daarmee word ook skade aangerig.

Dit lyk nie of die derde wat doodgemaak word op een gedeelte van die aarde gesentreer is nie, eerder dat die 200 miljoen demoonperde die hele wêreld aanval. As daar dus drie mense in 'n gesin of vriendekring is, sal een van hulle nie meer wees nie. Dié dood raak op dié stadium almal op aarde, direk of indirek.

OPENBARING 9:20 AFR53

En die orige mense wat deur hierdie plaë nie gedood is nie, het hulle nie bekeer van die werke van hul hande, om die duiwels te aanbid, of die afgode van goud en silwer en koper en klip en hout wat nie kan sien of hoor of loop nie.

Die orige mense wat nie deur die plaë doodgemaak is nie, met ander woorde die ongelowiges wat nog lewe op die stadium - hulle weier nog steeds om Jesus as hul Verlosser te aanvaar.

Die vers sê: hulle bekeer hulle nie van die werke van hul hande nie. Wat is die werke van hul hande? Die vers verduidelik vir ons: om duiwels en afgode te aanbid. Afgode gemaak van goud, silwer, koper, klip en hout - dus gode wat nie kan sien of hoor of loop nie.

Duiwels aan die anderkant is werklik - maar 'n Christen word verbied om hulle te aanbid.

“Nee, maar dat die heidene wat dit offer, aan duiwels offer en nie aan God nie. En ek wil nie hê dat julle met die duiwels gemeenskap moet hou nie. Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van die duiwels nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van die duiwels nie.” I KORINTHIËRS 10:20-21 AFR53

OPENBARING 9:21 AFR53

En hulle het hul nie bekeer van hul moorde en hul towerye en hul hoerery en hul diefstalle nie.”

Hierdie vers brei uit oor die sondes waarvan die ongelowiges hul nie bekeer nie - moord, towery, hoerery (onsedelikheid) en diefstal.

Moord - onthou dat aborsie ook tel onder moord.

Towery - die Grieks vir die woord is pharmakeia wat meer as een betekenis het, nl: die gebruik of toediening van medisyne - ook dwelm gebruik, vergiftiging en towery of towerkunste

Onsedelikheid - 'n Refleksie van vandag se kultuur

Diefstal - spreek vanself

Die boek Galasiërs leer ons ook van die verkeerde werke van die vlees!

“En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid; afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap; afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.” GALÁSIËRS 5:19-21 AFR53

Openbaring 10



OPENBARING 10:1 AFR53

“En ek het 'n ander sterk engel uit die hemel sien neerdaal, bekleed met 'n wolk, en 'n reënboog was oor sy hoof, en sy aangesig was soos die son, en sy voete soos pilare van vuur;

Johannes sien ‘n ander engel wat uit die hemel neerdaal. Die beskrywing van die engel gee vir ons die volgende detail wat beskryf dat die engel ‘n belangrike plek in die hemel moet he.

- sterk engel
- bekleed met ‘n wolk
- ‘n reënboog oor sy hoof
- sy aangesig soos die son
- sy voete soos pilare van vuur

Hierdie is die derde verskyning van ‘n ander tipe engel. Die eerste was in Openbaring 7:2 waar die engel opdrag gegee het aan vier engele om te wag voor hul die aarde beskadig.

“En ek het 'n ander engel sien opkom van die opgang van die son, met die seël van die lewende God; en hy het met 'n groot stem geroep na die vier engele aan wie dit gegee is om die aarde en die see te beskadig” OPENBARING 7:2 AFR53

Die tweede engel was in Openbaring 8:3 wat met die gebede van die martelaars voor die altaar gestaan het.

“En 'n ander engel het gekom en met 'n goue wierookbak by die altaar gaan staan, en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê;” OPENBARING 8:3 AFR53

OPENBARING 10:2 AFR53

en in sy hand het hy 'n geopende boekie gehad, en hy het sy regtervoet op die see gesit en sy linkervoet op die land;

'n Aanduiding van engel se identiteit word gevind in iets wat hy dra: 'n boekie. Die woord vir boek in Grieks is biblaridion, en die verkleinwoord is biblos, of klein boekrol. Die klein boekrol  is wat die engel hier dra.

Die engel self is vêr van klein. Sy regtervoet is op die see, en sy linkervoet is op die land - reusagtig in voorkoms! Let ook op dat sy voet op die see en nie in die see is nie.

OPENBARING 10:3 AFR53

en hy het met 'n groot stem uitgeroep soos 'n leeu wat brul, en toe hy uitgeroep het, het die sewe donderslae hulle stemme laat hoor.

Die engel roep uit met groot stem wat klink soos die geweldige brul van 'n leeu. In antwoord tot die geweldige stem hoor Johannes die sewe donderslae wat hul stemme laat hoor.

Stemme wat klink soos donderslae is gewoonlik God se stem soos die vers hieronder bevestig.

“En die Here het in die hemel gedonder, en die Allerhoogste het sy stem laat hoor; hael en gloeiende kole.” PSALMS 18:14 AFR53

OPENBARING 10:4 AFR53

En toe die sewe donderslae hulle stemme laat hoor het, wou ek skrywe; maar ek het 'n stem uit die hemel vir my hoor sê: Verseël wat die sewe donderslae gespreek het, en skryf dit nie op nie.

Johannes wil soos hy tot nou toe gedoen het neerskryf wat hy hoor. Die sewe donderslae vertel hul gedeelte van die profesie en Johannes se eerste reaksie is om te skryf. Maar, 'n stem uit die hemel sê vir Johannes hy moet nie skryf wat hy gehoor het nie, hy moet dit wat die donderslae gespreek het verseël. Hierdie is die enigste gedeelte in die hele boek Openbaring wat verseël is.

Iemand in die Ou Testament het ook 'n profesie gehoor wat hy moes verseël. Dit is natuurlik Daniel - kom ons lees die gedeelte.

“En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe; baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder.” DANIËL 12:4 AFR53

OPENBARING 10:5 AFR53

En die engel wat ek op die see en op die land sien staan het, het sy hand na die hemel opgehef,

Johannes kyk nog steeds vir die engel wat met sy een voet op die see en sy ander voet op die land staan. Die engel hef sy hand op na die hemel.

Daniel het 'n soortgelyke gesig gehad.

“En ek, Daniël, het gesien, en kyk daar het twee ander gestaan, die een duskant op die wal van die rivier en die ander oorkant op die wal van die rivier. En een het aan die man, met

linne bekleed, wat bo-oor die water van die rivier was, gesê: Hoe lank sal die einde van die wonderbaarlike dinge uitbly? Toe hoor ek die man, met linne bekleed, wat bo-oor die water van die rivier was, en hy het sy regterhand en sy linkerhand na die hemel opgehef
DANIËL 12:5-7a AFR53

OPENBARING 10:6 AFR53

en hy het gesweer by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die hemel geskape het en wat daarin is, en die aarde en wat daarin is, en die see en wat daarin is, dat daar geen tyd meer sal wees nie;

Die engel wat sy hand na die hemel ophef sweer by Hom wat:

- tot in alle ewigheid lewe,
- die hemel geskape het en wat daarin is,
- die aarde geskape het en wat daarin is en
- die see geskape het en wat daarin is.

So die engel sweer by God wat die hemel en die aarde geskape het.

In Daniel se visioen het die engel ook gesweer by die Ewig-Lewende, so die engele wat Johannes en Daniel sien doen dieselfde.

“Toe hoor ek die man, met linne bekleed, wat bo-oor die water van die rivier was, en hy het sy regterhand en sy linkerhand na die hemel opgehef en gesweer by die Ewig-Lewende: 'n Tyd, tye en 'n halwe tyd, en as hulle die mag van die heilige volk geheel verstrooi het, sal al hierdie dinge vervul word.” DANIËL 12:7 AFR53

Johannes se engel sweer dat daar geen tyd meer sal wees nie. Ons het nou die halfpad merk bereik en daar is nou drie en 'n half jare oor, die Groot Verdrukking. Daniel se visioen vertel ook van die laaste 3,5 jare of tyd, tye en 'n halwe tyd wat oor is voor al hierdie dinge vervul is.

OPENBARING 10:7 AFR53

maar in die dae van die stem van die sewende engel, wanneer hy met die basuin sal blaas, dan is die verborgenheid van God volbring, soos Hy die blye tyding verkondig het aan sy diensknegte, die profete.

Die verborgenheid van God sal volbring wees wanneer die sewende engel die sewende basuin gaan blaas. God het in die Ou en Nuwe Testamente verborgenhede aan sy profete verkondig, en al die verborgenhede sal vervul word wanneer die laaste basuin blaas.

‘n Verborgenhede is in engels ‘n ‘mystery’ en volg ‘n lys van ‘n paar mysteries.

Die koninkryk van God - “Toe antwoord Hy en sê vir hulle: Omdat dit aan julle gegee is om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken, maar aan hulle is dit nie gegee nie.”

MATTHÉÛS 13:11 AFR53

Die tydelike verharding van Israel - “Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het;” ROMEINE 11:25 AFR53

Die wegraping - “Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.”
I KORINTHIËRS 15:51-52 AFR53

Die vrou en die dier - “Toe sê die engel vir my: Waarom het jy jou verwonder? Ek sal jou die verborgenheid van die vrou vertel en van die dier met die sewe koppe en die tien horings, wat haar dra.”
OPENBARING 17:7 AFR53

OPENBARING 10:8 AFR53

En die stem wat ek uit die hemel gehoor het, het weer tot my gespreek en gesê: Gaan, neem die geopende boekie in die hand van die engel wat op die see en op die land staan.

Die stem wat Johannes uit die hemel gehoor het, praat weer met hom. Die stem gee 'n opdrag om die boekie wat in die engel se hand is te gaan haal. Die is 'n oop boek en dit is moontlik dat hierdie boek die verseelde boek van Openbaring 5 kan wees.

Die boek in Openbaring 5 se sewe seëls is hier al oopgemaak. Die sewende seël het vir ons die sewe basuine gegee waarvan die eerste ses al geblaas het. Al wat uitstaande is, is die sewende seël wat geblaas moet word, en die vorige vers sê dan sal God se verborgenheid volbring wees.

OPENBARING 10:9 AFR53

En ek het na die engel gegaan en aan hom gesê: Gee my die boekie. Toe sê hy vir my: Neem en eet dit op, en dit sal jou maag bitter maak, maar in jou mond sal dit soet wees soos heuning.

God se Woord word gereeld in die Bybel met kos vergelyk.

Brood - “Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.”
MATTHÉÛS 4:4 AFR53

Melk - “en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat julle daardeur kan opgroei,”
I PETRUS 2:2 AFR53

Vaste kos (vleis) - “Ek het julle met melk gevoed, nie met vaste kos nie, want julle kon dit nog nie verteer nie. En julle kan dit ook nou nog nie verteer nie,”
1 KORINTIËRS 3:2 AFR83

Heuning - “Hoe aangenaam is u woord, soeter as heuning in die mond.”
PSALMS 119:103 AFR83

Om te sien, om in te neem, en om te weet ... is nie genoeg nie. Dit is eers na die verwerking van die boek se inligting dat Johannes in staat is om 'weer te profeteer'.

OPENBARING 10:10 AFR53

Toe neem ek die boekie uit die hand van die engel en eet dit op, en in my mond was dit soet soos heuning; maar toe ek dit geëet het, het my maag bitter geword.

Die profesie wat Johannes lees het 'n bittersoet uitwerking op hom. Hy neem die boek uit die hand van die engel en eet dit op. Hy het dus alles wat in die boek geskryf is sy eie gemaak en daar is 'n

soetheid aan die eindtyd inligting wat hy ontvang, maar soos die inligting verwerk word maak dit sy maag egter bitter.

Ek skat die profesie het dieselfde uitwerking ook op ons. Dit is lekker om te lees dat God op die einde oorwin en dat ons vir ewig en ewig saam met ons Verlosser gaan woon. Maar, as ons dink aan die vriende en familie wat ons ken wat nie vir Jesus kies nie, word ons maag ook bitter want hulle sal vir ewig en altyd van God geskei wees.


OPENBARING 10:11 AFR53

En hy het vir my gesê: Jy moet weer profeteer oor baie volke en nasies en tale en konings.”

Johannes het hier met die oop boek verdere inligting gekry wat hy moes verteer aangaande die profesie van die eindtye. Hy word aangesê om nou weer vêrder te profeteer oor almal op die aarde. Almal op die aarde want ons word vertel - baie volke en nasies en tale en konings!


Hoofstukke 11-19 wat volg is die profesie wat Johannes aangesê is om met ons te deel.

Openbaring 11



OPENBARING 11:1 AFR53

“En 'n riet soos 'n stok is aan my gegee, en die engel het gestaan en gesê: Staen op en meet die tempel van God en die altaar en die wat daarin aanbid.



Ons begin die hoofstuk met die wete dat Israel se derde tempel gebou is, met mense wat daar aanbid en 'n altaar vir offerhandes wat in gebruik is. Johannes kry 'n riet wat soos 'n stok lyk en hy moet die tempel se afmetings neem.

Hoekom is dit belangrik om te weet dat 'n werkende tempel weer gebou gaan word? Ons het in Daniel 9:27 geleer dat die Antichris vir een week (7 jaar) 'n verbond met die Jode gaan sluit en in die helfte van die week (na eerste 3,5 jaar) gaan die offerhandes gestaak word.

“En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word.” DANIËL 9:27 AFR53

Is jy bewus dat huidiglik in Jerusalem die Jode alles in gereedheid het om hul derde tempel te bou? In my boek ‘Die tempel van God’ bespreek ek die derde tempel in detail en hier is 'n lys van 'n paar van die items wat huidiglik gereed is vir die derde tempel. ([Link na hoofstuk oor die 3de tempel:](http://www.reginatorre.com/category/1-5-3de-tempel/) <http://www.reginatorre.com/category/1-5-3de-tempel/>)

- 'n Joodse Raad is in 2004 gekies (Eerste Joodse Raad na die tempel in 70 AD vernietig is)
- Rabbie Baruch Kahane, is in 2018 verkies as die hoë priester tydens die Hanukkah seremonie.
- 'n Rooi koei of red heifer is in Jerusalem gebore
- Die priesters se kleredrag is alles klaar gemaak
- Die tempelmeubels is klaar gemaak (brandofferaltaar, koperwaskom, menorah, tafel van toonbrode en reukofferaltaar)

OPENBARING 11:2 AFR53

Maar die voorhof buitekant die tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad twee-en-veertig maande lank vertrap.

Johannes word vertel om die voorhof van die tempel nie te meet nie. Waar is die voorhof?

Die tempel bestaan uit die tempelgebou en 'n voorhof wat omring is deur 'n muur. Die muur het net een ingang wat aan die oostekant geleë is. So die tempel bestaan uit die volgende:

Voorhof binne die tempelmuur


- brandofferaltaar
- koperwaskom

Tempelgebou - Kamer 1: Heilige plek

- menorah
- tafel van toonbrode
- reukofferaltaar

Tempelgebou - Kamer 2: Allerheiligste plek

- Tot en met Salomo se tempel is die verbondsark hier gehuisves.
- Huidiglik weet niemand waar die verbondsark is nie!



Die tempel se voorhof buite die tempel waarna die vers verwys is net buite die tempel ingang en in Herodus se tempel is dit die vrouehof genoem. Dit is die naaste wat Joodse vrouens aan die tempel ingang kon kom, en in die toekoms sal die gedeelte aan die heidene gegee word.

Die heilige stad is natuurlik Jerusalem en dit is waar die tempel weer gebou gaan word. Die heidene sal vir 42 maande die voorhof buite die tempelmuur in Jerusalem vertrap, of anders gestel hulle sal toegang tot die gedeelte he. 42 Maande = 1,260 dae = 3,5 jaar = die eerste helfte van Daniel se sewe jaar.

OPENBARING 11:3 AFR53

En Ek sal aan my twee getuies gee dat hulle, met sakke bekleed, duisend-tweehonderd-en-sestig dae lank sal profeteer.

Twee spesiale mans wat hier getuies genoem word het 'n spesifieke taak wat deur God self aan hulle gegee word.

Die twee getuies gaan vir 1,260 dae profeteer, en soos ons gister gesien het is dié tydperk dieselfde as die 42 maande wat die heidene die tempel se voorhof gaan vertrap. Althoe die gebeurtenisse gebeur gelyktydig gedurende die eerste helfte van Daniel se sewe jaar wat ons nou ken as die Verdrukking tydperk.

'n Getuie is 'n persoon wat getuig oor die waarheid van 'n spesifieke gebeurtenis. Die Ou Testament leer ons dat slegs op die verklaring van twee of meer getuies sal 'n saak van krag wees.

“Een getuie mag nie teen iemand optree insake enige misdaad of enige sonde, by enige misstap wat hy begaan nie; op die verklaring van twee getuies of op die verklaring van drie getuies sal 'n saak van krag wees.” DEUTERONÓMIUM 19:15 AFR53

Die twee mans gaan getuig oor die sondes van die mense op aarde, sodat hulle of hulself bekeer of verewig hul harte teen God verhard.

Met sakke bekleed of anders gestel in sak en as! Die klere wat profete van ouds gedra het wanneer hul gerou het, of hartseer was. Die getuienis wat die twee mans lewer is nie 'n blye boodskap nie.

OPENBARING 11:4 AFR53

Hulle is die twee olyfbome en die twee kandelaars wat voor die God van die aarde staan.



Johannes word vertel wie die twee mans is. Die twee olyfbome en kandelaars is 'n profesie wat deur Sagaria uitgespreek is en hier in Openbaring is nou die vervulling daarvan.

“En hy het vir my gesê: Wat sien jy? Toe antwoord ek: Ek sien daar 'n kandelaar, heeltemal van goud, en sy oliekan bo-oor hom en sy sewe lampe op hom; telkens sewe aanvoerpype loop na die lampe wat bo-oor hom is. Ook twee olyfbome langs hom, een aan die regterkant van die oliekan en een aan die linkerkant daarvan.” SAGARÍA 4:2-3 AFR53

Olie vir die lampe is 'n prentjie van die Heilige Gees. Die olyfbome word gedurigdeur gevul met die olie van die Heilige Gees.

Die twee olyfbome is die twee geslafdtes wat by die Here van die ganse aarde staan. Dit beteken dat die twee getuies se bediening 'n wêreldwye invloed gaan he.

“Daarop het ek begin spreek en aan hom gesê: Wat beteken hierdie twee olyfbome aan die regterkant van die kandelaar en aan die linkerkant daarvan? En hy sê: Dit is die twee gesalfdes wat by die Here van die ganse aarde staan.” SAGARÍA 4:11, 14 AFR53

OPENBARING 11:5 AFR53

En as iemand hulle wil beskadig, gaan daar vuur uit hulle mond en verslind hulle vyande; en as iemand hulle wil beskadig, moet hy op dieselfde manier gedood word.

Die twee profete gaan 'super powers' he. Niemand sal hulle kan skade aandoen gedurende die 3,5 jaar wat hulle gaan profeteer nie. Die oningeligtes wat die twee gaan probeer doodmaak sal met vuur 🔥 gespoeg word. Die vers sê dat vuur uit hul monde sal uitgaan om hul vyande te verslind.

Daar is 'n paar bespiegeling oor wie die twee getuies kan wees. Die eerste goeie kandidaat is die profeet Elia wat nooit gesterf het nie maar lewendig opgeneem is hemel toe. Die profeet Maleagi het ook geprofeteer dat Elia gestuur gaan word voor die groot en vreeslike dag van die Here. Ons weet nou al dat dit verwys na die Verdrukking tydperk.

“En terwyl hulle aldeur loop en spreek, kom daar meteens 'n wa van vuur met perde van vuur wat skeiding tussen hulle twee maak; en Elía het in die storm na die hemel opgevaar.” II KONINGS 2:11 AFR53

“Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van die Here aanbreek.” MALEÁGI 4:5 AFR53

Die tweede kandidaat kan of Moses of Henog wees. Moses omdat hy saam met Elia ‘n ‘kantoor vergadering’ gehad het (geleen van wyle Chuck Missler) met Jesus op ‘n hoë berg. Henog omdat hy nooit gesterf het nie maar deur God weggeneem of weggeraap is.

“En Hy het voor hulle van gedaante verander, en sy aangesig het geblink soos die son, en sy klere het wit geword soos die lig. En kyk, daar verskyn aan hulle Moses en Elía in gesprek met Hom.” MATTHÉÜS 17:2-3 AFR53

“En Henog het met God gewandel; en hy was daar nie meer nie, want God het hom weggeneem.” GÉNESIS 5:24 AFR53

OPENBARING 11:6 AFR53

Hulle het mag om die hemel te sluit, sodat daar in die dae van hulle profesie geen reën val nie; en hulle het mag oor die waters, om dit in bloed te verander en om die aarde te tref met allerhande plaes so dikwels as hulle wil.

Die twee getuies het die mag om die volgende te veroorsaak terwyl die sewe seëls en die eerste ses basuine die aarde tref.

- die hemel te sluit, sodat geen reën val nie (die gevolg is droogte)
- mag oor die water om dit in bloed te verander
- om die aarde met allerhande plaes te tref
- spoeg vuur om hulself te beskerm

Geen wonder die twee het die beskerming van God nodig nie. Kom ons hersien wat as gebeur in die eerste 3,5 jaar van die Verdrukking terwyl die getuies hulle magte uitvoer en profeteer oor wat en waarom as besig is om te gebeur.

Die sewe seëls: Antichris, oorlog, hongersnood, dood, martelare, tekens in die lug.

Dan kom die eerste ses basuine: hael, vuur en bloed, 1/3 van see word bloed, 1/3 van water word bitter, 1/3 van son, maan en sterre word donker, demoon sprinkane pynig mense vir 5 maande, 200 miljoen demoon perde en ruiters maak 1/3 van mense dood.

OPENBARING 11:7 AFR53

En wanneer hulle hul getuienis voleindig het, sal die dier wat uit die afgrond opkom, teen hulle oorlog voer en hulle oorwin en hulle doodmaak;

Ons word hier vertel dat die twee mans wat in sak en as gekleed is se getuienis gaan eindig, en ons weet dit gebeur 1,260 dae vandat hulle begin profeteer het. Hoe gaan hul einde kom? Die dier wat uit die afgrond opkom gaan oorlog voer teen hulle en hulle doodmaak.

Die put van die afgrond is die hel of die onderwêreld en dit is die plek waar die Here die ongehoorsame engele-wêreld ingeperk het. Die dier van die afgrond kom van hier af.

Die verloop van die gebeure is als vooruitbepaal deur God wat die einde van die begin af ken!

OPENBARING 11:8 AFR53

en hulle lyke sal lê op die straat van die groot stad wat geestelik genoem word Sodom en Egipte, waar ook onse Here gekruisig is.

Die twee getuies se lyke gaan op die straat lê, geen begrafnis word vir hulle gehou nie. Hul lyke gaan in die stad Jerusalem wees, dieselfde stad waar Jesus gekruisig is, ook die stad waar hulle die hele tyd geprofeteer het.

Die stad word geestelik Sodom en Egipte genoem, wat verwys na die geestelike verval van die mense in die stad.

OPENBARING 11:9 AFR53

En mense uit die volke en stamme en tale en nasies sal hulle lyke drie en 'n halwe dag lank sien en nie toelaat dat hulle lyke in die graf gelê word nie.

Al die mense van die wêreld sal die lyke sien wat op die straat in Jerusalem lê. Hoekom al die mense van die wêreld? Want die teks sê weereens, 'en mense uit die volke, en stamme en tale en nasies.

Die mense sal drie en 'n halwe dag lank na die lyke kyk en nie toelaat dat hulle begrawe word nie. Dit is hier waar vandag se tegnologie kan saamspeel sodat almal op hul tv's kan kyk na die 24 uur tv dekking van die gebeure wat in Jerusalem se strate afspeel.

OPENBARING 11:10 AFR53

Die bewoners van die aarde sal bly en verheug wees oor hulle en sal vir mekaar geskenke stuur, omdat dié twee profete die bewoners van die aarde gepynig het.

Die bewoners van die aarde is verheug oor die dood van die twee profete wat hulle gepynig het. Hulle dink moontlik dat al die slegte goed wat tot dusver gebeur het met die dood van die twee getuies ook tot 'n einde gaan kom. Hulle is so bly dat hulle vir mekaar persente koop om die jeuglike tyding te vier.

Is dit moontlik dat die bewoners van die aarde die gebeure van die seëls en die basuine aan die twee getuies toeskryf, want wie anders kon nou die rampe veroorsaak het?

OPENBARING 11:11 AFR53

En ná die drie en 'n halwe dag het 'n gees van die lewe uit God in hulle ingegaan, en hulle het op hul voete gaan staan, en 'n groot vrees het geval op die wat hulle aanskou het.

God vestig die wêreld se aandag 100% op sy twee gesalfdes en nou gaan hulle sien hoe wonderwerke verrig word. Nadat die twee getuies vir drie en 'n halwe dae dood gelê het op 'n straat in Jerusalem, word hulle uit die dood uit opgewek deur 'n gees van die lewe wat uit God in hul ingaan.

'n Groot vrees val op die toeskouers toe hulle sien hoe die twee getuies begin beweeg en op hul voete staan. Hulle moet op die stadium tog besef dat daar wel 'n God is en dat hul straf nog nie verby is nie.

OPENBARING 11:12 AFR53

En hulle het 'n groot stem uit die hemel vir hulle hoor sê: Kom op hierheen! En hulle het opgevaar na die hemel in die wolk, en hul vyande het hulle aanskou.

Kom op hierheen! Ons het hierdie woorde laas in Openbaring 4:1 gelees met wat ons aandui as die kerk se wegraping.

“Na hierdie dinge het ek gesien — kyk, 'n geopende deur in die hemel, en die eerste stem wat ek soos 'n basuin met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur.” OPENBARING 4:1 AFR53

Hierdie keer is dit die twee getuies se beurt. God het hulle uit die dood uit opgewek, en nou vaar hulle op hemel toe in 'n wolk terwyl hul vyande hulle aanskou.

OPENBARING 11:13 AFR53

En in dié uur het daar 'n groot aardbewing gekom, en 'n tiende van die stad het geval, en seweduisend mense het in die aardbewing omgekom, en die ander het bevrees geword en aan die God van die hemel heerlijkheid toegebring.

Gedurende die uur wat die twee getuies opvaar hemel toe tref 'n groot aardbewing die stad Jerusalem. Die aardbewing is so erg dat 'n tiende van die stad val en seweduisend mense sterf.

In Elia (moontlik een van die getuis) se tyd toe hy gedink het hy is die enigste persoon wat nog vir God is, het God hom laat sien dat daar nog 'n verdere seweduisend mense is wat nie die knieë vir Baäl gebuig het nie.

“Maar Ek sal seweduisend in Israel laat oorbly, al die knieë wat nie voor Baäl gekniel en elke mond wat hom nie gesoen het nie.” I KONINGS 19:18 AFR53

Daar is tog 'n ander hoeveelheid wat bevrees word en heerlijkheid aan die God van die hemel gee!

OPENBARING 11:14 AFR53

Die tweede wee het verbygegaan; kyk, die derde kom gou.

Ons weet dat daar drie wee is en dan sal die Verdrukking verby wees. Die eerste wee was die demoon sprinkane, en die tweede wee was die 200 miljoen demoon weermag wat 'n derde van die wêreld doodgemaak het. Die eerste twee wee het ons tot by die middelpunt van die Verdrukking gebring. Die derde wee word vertel kom gou!

Die twee getuies het duidelik gedurende die eerste drie en 'n half jaar van die Verdrukking geprofeteer en is dood gedurende die middel van die sewe jaar Verdrukking.

OPENBARING 11:15 AFR53

En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.

Die sewende engel blaas die sewende basuin!

Ons kry nou 'n toekomsblik oor wat gaan gebeur as die sewe skale van wraak (die sewende basuin) klaar uitgegooi is. Die koninkryke van die wêreld is nie meer die eiendom van Satan nie, maar die eiendom van Jesus Christus, en Jesus gaan as Koning heers tot in alle ewigheid.

Aan die begin van Jesus se bediening terwyl Hy gevas het vir veertig dae en veertig nagte het Satan 'n kortpad opsie aan Hom gebied om die koninkryke van die wêreld te bekom. Jesus het die Satan egter weggejaag en die lang pad gevolg wat vooraf vir Hom beplan was.

“Weer neem die duiwel Hom saam na 'n baie hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlijkheid, en sê vir Hom: Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid. Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.” MATTHEÛS 4:8-10 AFR53

OPENBARING 11:16-17 AFR53

En die vier-en-twintig ouderlinge wat voor God op hulle trone sit, het op hulle aangesig geval en God aanbid en gesê: Ons dank U, Here God, Almagtige, wat is en wat was en wat kom, dat U u groot mag aangeneem en as koning geheers het.

Met die blaas van die sewende engel se basuin, val die vier en twintig ouderlinge wat in die hemel is op hulle aangesigte neer en prys God omdat al die beloftes van die Bybel tot vervulling gekom het. Hulle prys God met danksegging, die God wat is, wat was en wat kom.

OPENBARING 11:18 AFR53

En die nasies was vertoornd, en u toorn het gekom en die tyd van die dode om geoordeel te word en om die loon te gee aan u diensknegte, die profete, en aan die heiliges en aan die wat u Naam vrees, klein en groot, en om die verderwers van die aarde te verderf.

Die ouderlinge gee 'n vinnige oorsig oor die gebeure aan die einde van die Verdrukking.

Die nasies was woedend, en God se toorn het oor hulle gekom. Die dode word tydens die laaste oordeel voor die groot wit troon geoordeel en hul eindbestemming is die poel van vuur.

“En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie.” OPENBARING 20:11 AFR53

Maar, die loon word gegee aan God se diensknegte, profete, heiliges en die wat God se Naam vrees, klein en groot. So duidelik is hier 'n prys (loon) wat vir Christene gegee word.

“En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.” OPENBARING 22:12 AFR53

OPENBARING 11:19 AFR53

En die tempel van God het in die hemel oopgegaan, en sy verbondsark is in sy tempel gesien, en daar was weerligte en stemme en donderslae en aardbewing en groot hael.”

Johannes sien die tempel van God wat in die hemel oopgaan en binne die tempel sien hy die verbondsark. Hierdie is ons as Christene se eindbestemming, om in die tempel by God te woon.

In Openbaring 21 sien Johannes ‘n soortgelyke gesig. Hy sien die heilige stad, die nuwe Jerusalem wat van God uit die hemel neerdaal.

‘n Stem sê vir hom die tabernakel van God is by sy mense en God sal by hul woon. Dit verduidelik vir ons die tabernakel en die tempels wat deur die eeue heen gebou is.

God met ons! Omdat sonde die mens van God geskei het, het God die tempel gebruik om by sy mense te woon.

“En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is. En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.” OPENBARING 21:2-3 AFR53”

Openbaring 12



OPENBARING 12:1 AFR53

“En 'n groot teken het in die hemel verskyn: 'n vrou wat met die son bekleed was, en die maan was onder haar voete, en op haar hoof 'n kroon van twaalf sterre;

Hoofstuk 12 begin met twee tekens, en ons weet dit is tekens want Johannes vertel dit so vir ons. Tekens is handige instrumente wat ons iets leer oor dit wat hulle voorstel. Die betekenis van die vrou, son, maan en twaalf sterre kry ons nie in Openbaring nie maar ver terug in Genesis met Josef se verhaal.

Josef se drome sê dat sy pa (son), ma (maan) en broers (elf sterre, Josef uitgesluit) voor hom gaan neerbuig.

“Ook het Josef 'n droom gehad wat hy aan sy broers vertel het. Daardoor het hulle hom nog meer gehaat. Hy het naamlik vir hulle gesê: Hoor tog hierdie droom wat ek gehad het. Kyk, ons was besig om gerwe te bind op die land toe meteens my gerf gaan staan en ook regop bly staan, terwyl julle gerwe daar rondom kom en hulle voor my gerf neerbuig. Toe sê sy broers aan hom: Wil jy miskien oor ons regeer? of wil jy miskien oor ons heers? En hulle het hom nog meer gehaat oor sy drome en oor sy woorde. Daarna het hy nog 'n ander droom gehad en dit aan sy broers vertel en gesê: Kyk, ek het nog 'n droom gehad — die son en die maan en elf sterre het hulle voor my neergebuig. Toe hy dit aan sy vader en sy broers vertel, het sy vader hom hard bestraf en aan hom gesê: Wat is dit vir 'n droom wat jy gehad het? Moet ons werklik kom, ek en jou moeder en jou broers, om ons voor jou na die aarde neer te buig?”
GÉNESIS 37:5-10 AFR53

Die vrou bekleed met die son, maan en twaalf sterre is dus 'n voorstelling van die nasie Israel. Die twaalf stamme van Israel wat voortspruit uit Jakob, een van die aartsvaders.

OPENBARING 12:2 AFR53

en sy was swanger en het uitgeroep in haar weë en barensnood.

Die vrou is hoog swanger en roep uit vanwee haar geboortepyne. ‘n Swanger vrou kan nie die kerk voorstel nie, want die kerk word uitgedruk as die maagdelike bruid van Jesus.

“Want ek is jaloers oor julle met 'n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind, om julle as 'n reine maagd aan Christus voor te stel.” II KORINTHIËRS 11:2 AFR53

Israel daarteen word deurgans in die Bybel as ‘n vrou voorgestel, en wel ook die vrou van God.

“Maar soos 'n vrou troueloos skei van haar minnaar, so het julle troueloos teen My gehandel, o huis van Israel, spreek die Here.” JEREMIA 3:20 AFR53

OPENBARING 12:3 AFR53

En 'n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was 'n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone;

Die tweede teken wat in die hemel verskyn is ‘n groot vuurrooi draak met sewe koppe en sewe krone op die koppe, en tien horings. Die draak se betekenis kry ons sommer gou in hierdie hoofstuk en wel in vers 9. Die draak is niemand anders as die ou slang van die tuin van Eden, wat ons noem die duiwel of Satan.

“En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan,”
OPENBARING 12:9 AFR53

Waar het ons die sewe koppe, sewe krone op die koppe en tien horings gesien? Daniel 7 vertel ons van die vierde dier wat die laaste heiden koninkryk op aarde voorstel. Die vierde koninkryk sal deur tien konings regeer word - voorgestel deur die 10 tone van die standbeeld in Daniel 2, en die tien horings van die verskriklike dier in Daniel 7. Daniel vertel dat drie van die tien horings ontwortel word, wat sewe konings laat oorbly wat oor die bestaande tien koninkryke regeer.

“Daarna het ek in die naggestigte gesien, en kyk, daar was 'n vierde dier, vreeslik en skrikwekkend en baie sterk, en dit het groot ystertande gehad; dit het verslind en vermorsel en die oorskot met sy pote vertrap; en dit was verskillend van al die diere wat voor hom gewees het, en dit het tien horings gehad. Terwyl ek op die horings ag gee, kom daar 'n ander horinkie tussen hulle op, en drie van die vorige horings is daarvoor ontwortel; en kyk, in hierdie horing was oë soos mens-oë, en 'n mond wat groot dinge spreek.” DANIËL 7:7-8 AFR53

“Só het hy gesê: Die vierde dier — die vierde koninkryk sal op die aarde wees, wat verskil van al die koninkryke en die hele aarde sal verslind en dit sal vertrap en dit verbrysel. En die tien horings — uit daardie koninkryk sal tien konings opstaan, en 'n ander een sal ná hulle opstaan, en hý sal verskillend wees van die voriges en drie konings neerwerp. En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd.” DANIËL 7:23-25 AFR53

OPENBARING 12:4 AFR53

en sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi. En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het.

Sterre het ons reeds gesien verteenwoordig engele, en sterre wat val verteenwoordig demoniese of gevalle engele en die leier van die groep is Satan.

Satan het 'n derde van die engele saam met hom geneem in sy rebellie teen God, en hul bestemming is die aarde.

Satan (die draak) staan voor die nasie Israel (die vrou) en wil Jesus (die kind) verslind. Dit vat ons terug na Genesis 3:15 wat bekend staan as die proto-evangelium of die eerste Evangelie - God stel vyandskap tussen Jesus (die vrou se saad) en Satan (die slang se saad).

“En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.” GÉNESIS 3:15 AFR53

Jesus word met Sy kruisiging ‘in die hakskeen gebyt’ maar aan die einde van die duisendjarige vrederyk sal Jesus Satan se kop vermorsel deur hom in die poel van swawel en vuur te werp waar hy sal wees tot in ewigheid.

“En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.”

OPENBARING 20:10 AFR53

OPENBARING 12:5 AFR53

En sy het 'n manlike kind gebaar, wat al die nasies met 'n ystersepter sou regeer; en haar kind is weggeruk na God en sy troon.

Die manlike kind wat die vrou baar is Jesus wat uit die volk Israel gebore word. Die Jesus waarna hier verwys word is nie die baba wat in Betlehem gebore is nie, maar die Koning wat die nasies met 'n ystersepter gaan regeer .

“U sal hulle verpletter met 'n ysterstaf, U sal hulle stukkend slaan soos 'n erdepot.”

PSALMS 2:9 AFR53

Jesus is die leeu uit die stam van Juda, 'n afstammeling van koning Dawid, en Hy gaan eendag regeer met 'n ysterstaf.

“Die septer sal van Juda nie wyk nie, nòg die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees.” GÉNESIS 49:10 AFR53

“Maar daar sal 'n takkie uitspruit uit die stomp van Ísai, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra;” JESAJA 11:1 AFR53

“Toe sê een van die ouderlinge vir my: Moenie ween nie; kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek.” OPENBARING 5:5 AFR53

Haar kind is weggeruk na God se troon - Jesus se hemelvaart.

“Nadat die Here dan met hulle gespreek het, is Hy opgeneem in die hemel en het gaan sit aan die regterhand van God.” MARKUS 16:19 AFR53

OPENBARING 12:6 AFR53

En die vrou het na die woestyn gevlug waar sy 'n plek het wat deur God gereed gemaak is, dat hulle haar daar sou onderhou duisend-tweehonderd-en-sestig dae lank.

Ons weet nou dat die vrou 'n voorstelling is van die volk Israel. Hier vlug die Israeliete die woestyn in na 'n plek wat God vir hulle gereed gemaak het om hulle te onderhou vir 1,260 dae.

Hierdie tydperk van 1,260 dae of 3,5 jaar verwys na die tweede helfte van die Verdrukking.

OPENBARING 12:7 AFR53

En daar het oorlog in die hemel gekom: Migaël en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer;

Ons weet wat oorlog beteken, sommiges beleef dit self en ander sien dit in die stories op tv.

Die engel Migaël en sy engele (God se verteenwoordigers) voer oorlog teen die draak en sy engele (Satan en sy verteenwoordigers), en die oorlog speel in die hemele af.

Oorlog in die hemel het al in Genesis begin, maar tot vandag toe nog het Satan toegang tot die hemel. Ons kry die inligting in Job, en Satan se werk is om ons gedurigdeur voor God te veroordeel.

“En op 'n dag toe die seuns van God kom om hulle voor die Here te stel, het die Satan ook onder hulle gekom. Toe vra die Here vir die Satan: Waar kom jy vandaan? En die Satan antwoord die Here en sê: Van 'n swerftog oor die aarde, wat ek deurkruis het.” JOB 1:6-7 AFR53

OPENBARING 12:8-9 AFR53

en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie. En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp.

Hierdie oorlog tussen die engele in die hemelruim kom tot 'n hoogtepunt in die middel van die Verdrukking tydperk. Satan en sy trawante kon nie vir die engel Migaël en sy weermag verder teenstaan nie, en die uiteinde is dat Satan en sy demone nie meer 'n plek in die hemel het nie.

Waar Satan tot op die stadium nog toegang tot die hemel gehad het om Christene te veroordeel, is die toegang nou iets van die verlede. Die groot draak, die ou slang, wat die hele wêreld verlei en wat ons noem duiwel en Satan word nou halfpad deur die Verdrukking neergewerp op die aarde, en sy engele saam met hom.

Daniel gee ook 'n toekomsblik oor Satan en sy engele wat uit die hemel uitgegooi word.

“En uit een van dié het 'n horing, eers klein, uitgekom, maar dit het baie groot geword na die suide en na die ooste en na die Pragtige Land toe. En dit het groot geword tot by die leër van die hemel en het sommige van die leër, naamlik van die sterre, op die aarde laat val en hulle vertrap.” DANIËL 8:9-10 AFR53

OPENBARING 12:10 AFR53

Toe hoor ek 'n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag.

Johannes hoor 'n groot stem in die hemel wat sê dat die heil en die krag en die koningskap die eiendom van God is. Dit waarmee ons die Onse Vader gebed eindig, word nou bevestig - want aan U behoort die koninkryk, en die krag, en die heerlikheid, tot in ewigheid, Amen!

Die hemele juig omdat Satan uit die hemel uit verban is. Satan, wat elkeen van ons dag en nag aankla voor God, hy word uit die hemel uitgegooi. Dit gebeur halfpad deur die sewe jaar Verdrukking.

Dink daaraan dat elke keer as ons sondig, gee ons vir Satan amunisie om ons voor God aan te kla. Dit stop in die middel van die Verdrukking, Satan is uit die hemel!

OPENBARING 12:11 AFR53

En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.

Hulle, naamlik die gelowiges, het Satan oorwin deur:

1. Die bloed van die Lam.
“omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos,” I PETRUS 1:18-19 AFR53
2. Die woord van hulle getuienis, want geloof gebeur wanneer mense die Woord van God hoor.
“Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.” ROMEINE 10:17 AFR53

Die gelowiges het ook tot die dood toe, nie hul lewens liefgehad nie. Dit beteken hulle is gewillige martelare vir Jesus.

OPENBARING 12:12 AFR53

Daarom, wees verheug, o hemele en die wat daarin woon; wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het.

Die hemele en die wat daarin woon is verheug, want Satan is nie meer daar nie!

Maar, wee die bewoners van die aarde en die see! Dit klink nie goed nie. Die hemele juig maar die aarde is in stres want die duiwel wat nie meer hemel toe kan gaan nie, is nou op die aarde losgelaat en vasgekeer. Satan se woede is groot want hy weet sy tyd is min en hy wil maksimum skade en verwoesting veroorsaak.

Sy eerste slagoffer is natuurlik die volk Israel, want Israel is God se volk van keuse, en dit is hoekom God vir Israel spesiale beskerming gaan gee.

OPENBARING 12:13 AFR53

En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolg wat die seuntjie gebaar het;

Toe die draak (Satan) sien dat hy neergeserp is op die aarde, het hy die vrou (Israel) vervolg. Die vrou wat die seuntjie gebaar het. Die nasie Israel uit wie Jesus gebore is, word nou deur Satan vervolg. Hierdie tweede helfte van die Verdrukking staan bekend as die tyd van benoudheid, of die benoudheid van Jakob. In Engels het julle al gehoor van ‘the time of Jacob’s trouble.’ Jakob is weereens ‘n voorstelling van die nasie Israel.

“En in dié tyd sal Mígaël, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan.”
DANIËL 12:1 AFR53

“Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word.” JEREMIA 30:7 AFR53


OPENBARING 12:14 AFR53

maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, 'n tyd en tye en 'n halwe tyd.

Weereens kom God tot Sy volk se redding.

..... maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan.”
DANIËL 12:1b AFR53

Net soos die Israeliete van ouds wat uit Egipteland uit die slawehuis uitgetrek het en in die woestyn geskuil het terwyl God gesorg het vir manna uit die hemel, so gaan God weer Sy volk op arendsvlerke na die woestyn bring om vir hulle te sorg.



“Julle het self gesien wat Ek aan die Egiptenaars gedoen het, en dat Ek julle op arendsvlerke gedra en julle na My toe gebring het.” EXODUS 19:4 AFR53

God gaan Sy volk in die woestyn bewaar en onderhou, uit die gesig van die slang vir ‘n tydperk van tyd, tye en ‘n halwe tyd - drie en ‘n halwe jaar.

Die plek waar God se volk gaan skuil is die dorp Petra in die suide van Jordanië. Ons kry die inligting van die profeet Miga.

“Ek sal julle almal bymekaarmaak, Jakob, Ek sal dié vergader wat van Israel oorgebly het, Ek sal hulle bymekaarbring soos skape in 'n kraal, soos 'n groot kudde in die weiveld, die wêreld sal dreun van mense.” MIGA 2:12 AFR83

Skaap kraal is die Hebreeuse woord Botzra wat ook anders gestel die dorp Petra is.

OPENBARING 12:15 AFR53

En die slang het uit sy bek water soos 'n rivier agter die vrou aan uitgegooi, om haar te laat wegvoer deur die rivier.

Ondanks die beskerming van God, doen die vyand alles in sy vermoë om Israel te vernietig. Die draak gebruik selfs water om Israel in 'n vloed te laat verdrink.

Petra het al meer as een keer in die verlede vloede ondervind wanneer dit baie reën.

‘n Vloed soos in die vers uitgebeeld deur die strate van Petra in die toekoms is dus nie uitgesluit nie.



OPENBARING 12:16 AFR53

En die aarde het die vrou te hulp gekom, en die aarde het sy mond oopgemaak en die rivier opgesluk, wat die draak uit sy bek uitgegooi het.

God is egter byderhand om Sy volk te beskerm teen die aanslae van die duiwel. Die aarde maak sy mond oop om die water in te sluk en die land op te droog. ‘n Aardbewing veroorsaak dus ‘n skeur om die water af te keer.

OPENBARING 12:17 AFR53

En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.

Die Satan is woedend omdat die volk uit sy greep weggekom het. Nou gaan hy sy woede en toorn maar moet uithaal op die res van die mense op aarde. Hulle is 1) die ongelowige Jode wat die nakomelinge is wat God se gebooie bewaar en 2) die gelowige ander mense wat wel vir Jesus volg.

Ons bereik nou hier die begin van die tweede helfte van die Verdrukking wat Jesus in Mattheus aan Sy dissipels verduidelik.

“Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom — laat hy wat lees, oplet — dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug;

Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie.” MATTHÉÛS 24:15-16, 21 AFR53

OPENBARING 12:18 AFR53

En ek het op die sand van die see gaan staan.”

Johannes staan nou op die sand van die see om die volgende gebeure wat gaan plaasvind te sien

Openbaring 13



OPENBARING 13:1 AFR53

“En ek het 'n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe 'n naam van godslastering.

In hoofstuk 12 het ons kennis gemaak met die groot vuurrooi draak wat sewe koppe, tien horings en sewe krone het. Dit het ons geleer is die Satan met tien konings onder sy mag en dat hy drie van die tien konings doodmaak, wat ons bring by sewe krone. Hierdie is ook die vierde koninkryk (Roomse koninkryk verlede en toekoms) in Daniel se drome.

En 'n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was 'n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone; OPENBARING 12:3 AFR53

Johannes staan nou op die sand van die see (Openbaring 12:18) en hy sien 'n dier wat uit die see opkom met dieselfde eienskappe van die draak, net met tien konings. Die see is 'n uitbeelding van die mensdom soos in 'n see van mense. In hoofstuk 12 is Satan uit die hemel verban en op die aarde vasgekeer. Hier is nou die Antichris wat as mens op die toneel verskyn reg in die middel van die Verdrukking met tien konings en tien koninkryke onder sy mag.

OPENBARING 13:2 AFR53

En die dier wat ek gesien het, was soos 'n luiperd, en sy pote soos dié van 'n beer, en sy bek soos die bek van 'n leeu; en die draak het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag.

Johannes omskryf die dier met die beeldspraak van Daniel se drome.

Die dier is soos 'n luiperd (Alexander die Grote se Griekse koninkryk), het pote soos 'n beer (Die koninkryke van die Mede en Perse), en die bek van 'n leeu (Nebukadneser se koninkryk, Babilon).

Die persoon wat Johannes sien sal heel moontlik uit Europa sy verskyning maak. Daniel 9:26 vertel dat die Antichris van dieselfde omgewing sal kom as die mense wat die tempel in 70 AD verwoes het - die Romeinse Ryk (die volk van 'n vors wat sal kom)

“En ná die twee-en-sestig sewetalle sal 'n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met 'n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings.”
DANIËL 9:26 AFR53

Die draak (Satan) gee die mens (die Antichris) wat hom verteenwoordig, sy krag en sy troon en groot mag.

OPENBARING 13:3 AFR53

En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan.

Een van die dier se koppe is gewond. Hoofstuk 17 gaan ons in detail leer wie en wat die koppe is, vir nou sal ek net sê dat die sewende kop die Antichris self voorstel.

Johannes sien een van die koppe ‘net of dit dodelik gewond was’, en toe is die dodelike wond genees. Johannes sê nie dit was definitief dodelik gewond nie, nee, hy sê net of dit dodelik gewond was. So almal op aarde gaan dink dat die Antichris doodgemaak is, en toe uit die dood uit opgestaan het. Die groot na-aper wil homself voordoen as Jesus wat uit die dood uit opstaan.

Die hele wêreld gaan val vir die vertoning en in verwondering agter die dier aangaan.

OPENBARING 13:4 AFR53

En hulle het die draak aanbid wat die dier mag gegee het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?

Satan soek nie net mag en krag nie, hy wil ook aanbid word soos God drie-enig aanbid word. Hier in die helfte van die Groot Verdrukking gaan sy wens bewaarheid word.

Die vers gee vir ons die inligting. Hulle het die draak (Satan) aanbid wat die dier (die Antichris) mag gegee het! Die bewondering vir die draak en die dier is so soet soos stroop.

Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer? Die wêreld hang aan die lippe van die draak en die dier.

OPENBARING 13:5 AFR53

En 'n mond is aan hom gegee wat groot woorde en godslasteringe uitspreek, en aan hom is mag gegee om dit twee-en-veertig maande lank te doen.

Die dier (die Antichris) gaan deur die draak (Satan) die gawe ontvang om te praat, die vers verduidelik dat ‘n mond aan hom gegee is om groot woorde te praat. Selfs Daniel het gesien dat die Antichris ‘n mond het wat groot dinge spreek teen die Allerhoogste.

Die mag om te praat sal hy he vir twee en veertig maande, dus drie en ‘n halwe jaar - die tweede helfte van die Groot Verdrukking. Daniel gee die tydperk as ‘n tyd, tye en die helfte van tyd.

“Terwyl ek op die horings ag gee, kom daar 'n ander horinkie tussen hulle op, en drie van die vorige horings is daarvoor ontwortel; en kyk, in hierdie horing was oë soos mens-oë, en 'n mond wat groot dinge spreek.

En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd.” DANIËL 7:8, 25 AFR53

OPENBARING 13:6 AFR53

En hy het sy mond oopgemaak om te laster teen God, om sy Naam en sy tabernakel en die wat in die hemel woon, te laster.

Paulus het ons ook voorberei op die Antichris wat teen God gaan laster, hy noem hom die teënstaander wat hom verhef bo al wat God genoem word. Paulus en Daniel sê verder dat die Antichris in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is.

Die Antichris laster hier teen God, teen God se tabernakel en teen die wat in die hemel woon.

“die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is.” II THESSALONICENSE 2:4 AFR53

“En die koning sal doen net wat hy wil en homself verhef en hom groot hou bo enige god, en teen die God van die gode sal hy wonderbaarlike dinge spreek; en hy sal voorspoedig wees, totdat die grimmigheid ten einde is; want wat vas besluit is, sal uitgevoer word.” DANIËL 11:36 AFR53

OPENBARING 13:7 AFR53

Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin, en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie.

Ons het in hoofstuk 12 geleer dat Satan en sy engele uit die hemel uit verban is en nou vasgekeer is op die aarde. Hulle maak nou oorlog teen die Jode en die Christene - die heiliges - en hulle gaan oorwin. Hoe werk dit nou? Onthou dat die Jode wat Jesus aanvaar gedurende die eerste helfte van die Verdrukking is op die stadium in Petra in veilige bewaring.

“Ek het gesien dat hierdie horing oorlog voer met die heiliges en hulle oorwin,” DANIËL 7:21 AFR53

“En sy krag sal sterk word, maar nie deur sy krag nie; en hy sal buitengewoon baie kwaad aanrig en dit voorspoedig uitvoer; en hy sal magtiges vernietig en ook die volk van die heiliges.” DANIËL 8:24 AFR53

Satan maak oorlog teen die hele aarde wat op die stadium nog bestaan. Elke stam en taal en nasie, almal wat dit waag om Jesus as Verlosser te aanvaar.

OPENBARING 13:8 AFR53

En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie.

Diegene wat in die boek van die lewe van die Lam opgeneem is, verwys na die uitverkorenes van God, die mense wat gered is deur Sy genade. Kyk mooi wat hierdie vers verduidelik - die mense wat die dier begin aanbid, sal nooit gered word nie.

Elke mens staan voor 'n keuse: Jesus of Satan - moet nie verkeerd kies nie!

“Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie. Want alles wat in die wêreld is — die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe — is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld. En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig.” I JOHANNES 2:15-17 AFR53

OPENBARING 13:9 AFR53

As iemand 'n oor het, laat hom hoor.

Ons het ore gekry om te hoor - geloof gebeur wanneer die Woord van God gehoor word - luister mooi!

“Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.” ROMEINE 10:17 AFR53

“So then faith cometh by hearing, and hearing by the word of God.” Romans 10:17 KJV

OPENBARING 13:10 AFR53

As iemand krygsgevangenes maak, gaan hy in krygsgevangenskap; as iemand met die swaard doodmaak, moet hy met die swaard doodgemaak word. Hier is die lydszaamheid en die geloof van die heiliges.

Die AFR83 verduidelik die somber realiteit van die tweede helfte van die Verdrukking 'n bietjie beter. Diegene wat Jesus as Verlosser aanvaar gaan heel moontlik 'n martelaar wees vir Jesus deur gevange geneem te word of met die swaard doodgemaak te word.

Gelowiges op die stadium moet weet dat die Antichris hulle gaan soek om dood te maak, hulle moet volhard in hul geloof en nie bang wees vir dit wat voorlê nie.

“As iemand bestem is vir gevangenskap, gaan hy in gevangenskap; as iemand bestem is om met 'n swaard doodgemaak te word, word hy met 'n swaard doodgemaak. Hier het die gelowiges volharding en geloof nodig.” DIE OPENBARING 13:10 AFR83

OPENBARING 13:11 AFR53

En uit die aarde het ek 'n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos 'n lam en het gepraat soos 'n draak.

Johannes sien 'n tweede dier wat die keer uit die aarde opkom, en hierdie dier is 'n kombinasie van 'n lam en 'n draak. Die horings van die lam is beeldspraak vir heerskappy en gesag, en die lam verwys na 'n profeet soos Jesus. Die dier praat soos 'n draak wat vir ons sê dat die persoon namens Satan praat.

Hierdie dier is dus 'n profeet van Satan wat namens Satan praat, en van hier af sal die dier of persoon bekend wees as die Vals Profeet.

OPENBARING 13:12 AFR53

En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is.

Die tweede dier (Vals Profeet) oefen al die mag van eerste dier (Antichris) namens hom uit. Die eerste en tweede diere het hul mag en krag en heerskappy van die draak (Satan) gekry. Ons het hier die groot Nabootser (Satan) wat die Drie-enige God probeer naboots.

Vader - Satan
Seun - Antichris
Heilige Gees - Vals Profeet

Die Vals Profeet maak dat die aarde en die mense wat daarop woon, die Antichris aanbid, die persoon wie se dodelike wond genees is. Die Antichris wat hom voordoen as Jesus! Jesus het gedurende Sy tyd op aarde vir die mense gesê dat Hy in die Naam van Sy Vader gekom het en Hy is nie aanvaar nie, maar dat in die toekoms iemand anders in sy eie naam sal kom wat aanvaar sal word. Dit is die Antichris waarvan Jesus gepraat het wat nou aanvaar gaan word.

“Ek het in die Naam van my Vader gekom, en tog aanvaar julle My nie. As iemand anders in sy eie naam kom, sal julle hom aanvaar.” JOHANNES 5:43 AFR83

OPENBARING 13:13 AFR53

Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense.

Die Vals Profeet doen ook groot tekens! Moet nie vir een oomblik dink dat Satan en sy trawante nie ook tekens kan doen nie. Ons hoef net terug te gaan na Moses wat voor die Farao sy staf neergooi sodat dit in 'n slang kan verander. Farao kry toe sy eie mense of towenaars om dieselfde te doen.

“Die farao roep toe ook sy manne bymekaar wat dié soort ding ken, sy goëlaars. Dié Egiptiese towenaars doen toe met hulle towerkunste presies dieselfde: soos elkeen sy kerie neergooi, verander dit in 'n groot slang. Maar toe sluk Aäron s'n hulle s'n in!” EKSODUS 7:11-12 AFR83

Die Vals Profeet gaan vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde terwyl die wêreld hom in verwondering aanskou.

OPENBARING 13:14 AFR53

En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het.

Satan verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat die Vals Profeet uitvoer. Indien jy Jesus nie al op die stadium aanvaar het nie, gaan dit moeilik wees om te glo dat die Vals Profeet 'n handlanger van Satan is.

“Baie sal gereinig en gesuiwer en gelouter word, maar die goddelose sal goddeloos handel; en geeneen van die goddelose mense sal verstaan nie, maar die verstandiges sal verstaan.”
DANIËL 12:10 AFR53

Die Vals Profeet gee die bewoners van die aarde bevel om 'n standbeeld te maak van die Antichris wat gewond was en weer lewendig geword het.

Weereens kan ons net na Moses en Aaron en die volk Israel gaan kyk. Terwyl Moses op die berg met God praat, vergeet die volk van hul wonderbaarlike ontvlugting uit Egipte, en die see wat soos 'n berg links en regs oopgemaak sodat hulle kon deurloop. Hulle soek iets om te aanbid en Aaron maak vir hulle 'n goue kalf.

“Toe die volk sien dat Moses vertoef om van die berg af te kom, het die volk rondom Aäron versamel en vir hom gesê: Kom, maak vir ons gode wat voor ons uit trek; want hierdie Moses, die man wat ons uit Egipteland laat optrek het, ons weet nie wat van hom geword het nie.” EXODUS 32:1 AFR53

OPENBARING 13:15 AFR53

En dit is hom gegee om 'n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie.

Die standbeeld van die Antichris gaan staan in Jerusalem in die tempel van God, soos Daniel 9:27 vir ons geleer het.

Gedurende die helfte van die week is presies in die middel van die Verdrukking tydperk van sewe jaar. Ons weet daar is 'n tempel want dit is waar die Joodse volk hul offerandes gaan doen. Daniel vertel dat die slagoffer en spyspffer sal ophou, en wat gebeur dan?

Op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees - dit beteken dat die Antichris se standbeeld in die tempel, in die Allerheiligste vertrek waar die Verbondsark se plek gewoonlik is, gaan staan.

“En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word.” DANIËL 9:27 AFR53

Openbaring gee nou vir ons meer inligting oor die standbeeld. Die Vals Profeet gaan 'n gees aan die Antichris se beeld gee sodat die beeld gaan praat, en almal gaan die beeld aanbid. Die wat dit waag om nie die beeld te aanbid nie, sal gedood word.

OPENBARING 13:16 AFR53

En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word;

Hoe gaan die Antichris seker maak dat almal op aarde hom aanbid. Die vers sê duidelik - hy maak dat almal, klein en groot, ryk en arm, slawe en vrymense 'n merk moet kry.

Die merk wat elkeen kry sal op hul regterhand en op hul voorhoofde gegee word, en dit sal 'n teken wees vir die Antichris of jy vir hom of teen hom is.

Hier in die middel van die Groot Verdrukking kom ons by die laaste skeidingslyn. Wat elke persoon hier kies, het 'n ewige uitwerking.

Neem die merk van die dier en jy behoort vir ewig aan Satan, weier die merk van die dier en jy behoort vir ewig aan Jesus!

OPENBARING 13:17 AFR53

sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het.

Nie net word almal gemerk nie, maar die merk bepaal of jy kan voortgaan met jou lewe soos jy dit ken, om te koop en te verkoop. Anders gestel,

- het jy 'n plek om te bly of slaap jy in die veld,
- het jy kos om te eet of skreeu jou maag van hongerpyne,
- kan jy vrylik rondbeweeg of moet jy gedurig uitkyk vir kameras en 'drones', ens.....

Die merk gaan beslis 'n groot finansiële impak he op die mensdom van daardie tyd. 'n Negatiewe impak vir Christene en 'n positiewe impak vir Satan se navolgers.

Onthou net dat op die stadium van die geveg is daar drie en 'n half jaar oor voor Jesus terugkom en Satan vir ewig gaan oorwin.

OPENBARING 13:18 AFR53

Hier kom die wysheid te pas. Wie die verstand het, laat hom die getal van die dier bereken, want dit is die getal van 'n mens; en sy getal is seshonderd-ses-en-sestig."

Die merk van die dier - 666!

Vra vir enige persoon, gelowig of ongelowig, of hy al van die merk van die dier gehoor het en meeste sal 'n storie hê om te beskryf wat hulle dink dit beteken.

In hoofstuk 7 het ons geleer dat God die 144,000 Joodse evangeliste op hul voorgoofde verseël het sodat hulle die evangelie kon uitdra na die hele wêreld.

“en gesê: Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie.” OPENBARING 7:3 AFR53

Satan, die groot na-aper van God, wil sy navolgers ook verseël en daarom het hy 'n merk wat elkeen van hulle op hul voorhoofde en regterhande moet kry.

‘n Paar ‘fun facts’ rakende die getal 6:

- 6 is die getal van die mens, 666 = mens mens mens, en verteenwoordig mens sonder God,
- Adam was geskape op die 6de dag,
- 6 dae in die week moet ons (mense) werk,
- Die 6de gebod - jy mag nie doodslaan nie
- 6 beteken onvolmaaktheid

Tot op die stadium weet ons nie hoe die merk gaan lyk nie, ons kan net spekulêr, maar wat ons wel weet is dat ‘n Christen beslis nie die merk moet kry nie.

Openabring 14



OPENBARING 14:1 AFR53

“En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd-vier-en-veertigduisend met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe.

Ons is nog steeds in die middel van die Verdrukking en beweeg nou terug na die hemel waar Johannes vir ons verduidelik wat hy sien.

Die eerste wat hy sien is die Lam (Jesus) op die berg Sion. Die stad van God in die hemel, naamlik die hemelse stad Jerusalem, het ook ‘n berg Sion, en dit is wat Johannes sien. Ons lees in die boek Hebreërs ook van die hemelse Jerusalem.

“Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tienduiseende engele,” HEBREËRS 12:22 AFR53

Johannes sien verder die 144,000 Joodse evangeliste, met die Naam van God op hul voorhoofde wat saam met Jesus staan op die berg Sion. Hulle is dus almal nou in die hemel, elkeen van hulle, nie een is agtergelaat nie.

OPENBARING 14:2 AFR53

En ek het 'n geluid uit die hemel gehoor soos die geluid van baie waters en soos die geluid van 'n harde donderslag, en ek het die geluid gehoor van sitterspelers wat speel op hulle siters.

Johannes sien nie net visioene nie, maar hy hoor ook geluide. Duidelik is die hemel nie ‘n stil en somber plek nie want Johannes hoor die musiek van sitterspelers, die klank van ‘n harde donderslag en iets wat klink soos die geluid van baie waters.

Vorige verse in Openbaring het ons al voorgestel aan die geluide in die hemel.

“En ek het gesien toe die Lam een van die seëls oopmaak; en ek het een van die vier lewende wesens hoor sê, soos die geluid van 'n donderslag: Kom kyk!” OPENBARING 6:1 AFR53

“En die engel het die wierookbak geneem en dit met vuur van die altaar volgemaak en dit op die aarde gegooi; en daar het stemme gekom en donderslae en weerligte en aardbewing.”
OPENBARING 8:5 AFR53

OPENBARING 14:3 AFR53

En hulle het 'n nuwe lied gesing voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge; en niemand kon die lied leer nie, behalwe die honderd-vier-en-veertigduisend wat van die aarde vrygekoop is.

Ons het hier bevestiging dat ons na ‘n toneel in die hemel kyk want die 144,000 se toeskouers is die vier lewende wesens, die ouderlinge en hulle staan voor die troon van God.

Die evangeliste sing ‘n nuwe lied, ‘n lied wat net hulle kan sing want niemand kon die lied leer nie.

Die 144,000 is vrygekoop van die aarde wat beteken dat hulle nie meer op die aarde is nie, hulle is in die hemel en is vrygekoop deur die bloed van Jesus Christus.

In hoofstuk 5 het die vier en twintig ouderlinge ook ‘n nuwe lied gesing en Jesus geloof omdat Hy waardig is om die seëls oop te maak en aan die kruis gesterf het om hulle vry te koop met Sy bloed.

“Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie,” OPENBARING 5:9 AFR53

OPENBARING 14:4 AFR53

Dit is hulle wat hulself met vroue nie besoedel het nie, want hulle is maagdelik rein; dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan; dit is hulle wat gekoop is uit die mense as eerstelinge vir God en die Lam.

Wat is die eienskappe van die 144,000 evangeliste. Hulle is maagdelik rein, want hulle het hulself nie met vroue besoedel nie, en hulle het die Lam (Jesus) oral gevolg.

Hulle is ook gekoop uit die mense as eerstelinge vir God en die Lam. Hier het ons te doen met die begrip van eerste vrugte - die eerste vrugte van enige oes wat afgehaal word, word nie self geëet nie, maar aan God geoffer. Voorbeelde is: die eerste are van die koring oes, die eerste kalfie van ‘n koei wat gebore word en in die geval van die 144,000, die eerste volgelinge van Jesus in die Groot Verdrukking tydperk.

OPENBARING 14:5 AFR53

En in hulle mond is daar geen bedrog gevind nie; want hulle is sonder gebrek voor die troon van God.

Die 144,000 het nie die leuen geglo wat Satan aan die wêreld verkondig het nie.

“En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo,” II
THESSALONICENSE 2:11 AFR53

Hulle praat net die waarheid want in hul monde is geen bedrog gevind nie. Hulle is sonder fout of gebrek omdat hulle met die geregtigheid van Jesus geklee is.

“Ek is baie bly in die Here, my siel juig in my God; want Hy het my bekleed met die klere van heil, my in die mantel van geregtigheid gewikkel — soos 'n bruidegom wat priesterlik die hoofversiersel ombind, en soos 'n bruid wat haar versier met haar juwele.” JESAJA 61:10
AFR53

OPENBARING 14:6 AFR53

En ek het 'n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met 'n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke.

Johannes sien nou sewe engele elkeen met 'n ander boodskap. Die eerste engel vlieg in die lug en verkondig die evangelie aan al die bewoners van die aarde. 'n Pratende engel wat deur die lug vlieg moet tog 'n uitwerking hê op die mense wat dit aanskou en hoor!

Die bewoners is weereens **ALMAL** op aarde want die vers sê duidelik: alle nasies en stamme en tale en volke. Die engel sal dus so praat dat almal hom kan hoor en verstaan.

Wat is die ewige evangelie? Kom ons luister na Jesus self se woorde -

“Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.” JOHANNES 14:6 AFR53

OPENBARING 14:7 AFR53

En hy het met 'n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het.

Die engel praat met 'n groot stem en waarsku die mensdom dat die uur van God se oordeel gekom het, met ander woorde, die tyd loop uit om Jesus as Verlosser te aanvaar.

Voor Jesus opgevaar het na die hemel het hy 'n taak aan Sy diddipels en ook aan elkeen van ons gegee. Die taak is om uit te gaan en dissiplens te maak van al die nasies.

“Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.”
MATTHÉÛS 28:19 AFR53

Jesus het ook aan Sy dissipels gesê dat die evangelie eers aan die hele wêreld verkondig sal word voor die einde kom.

“En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word. En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.”
MATTHEÛS 24:12-14 AFR53

Ons is nou hier naby die einde en dit wat die mens nie kon doen nie, dit doen die engel nou - verkondig vir oulaas die evangelie sodat almal 'n kans kry om die Blye Boodskap te hoor.

OPENBARING 14:8 AFR53

En 'n ander engel het gevolg en gesê: Geval, geval het Babilon, die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery.

Die tweede engel kondig aan dat die groot stad Babilon geval het - Satan se hoofkwartiere van die begin af. Hierdie is die eerste keer in Openbaring dat die stad Babilon genoem word en ons sal meer inligting kry in die volgende hoofstukke.

Profete het vele kere van Babilon, of Babel soos die Ou Testament daarna verwys het, se val geprofeteer.

“Vlug uit Babel uit, en red elkeen sy lewe; kom nie om in sy ongeregtigheid nie; want dit is die tyd van wraak vir die Here: Hy gee hom sy verdiende loon.” JEREMIA 51:6 AFR53

“So sal dan Babel, die sieraad van die koninkryke, die trotse pronkstuk van die Chaldeërs, wees soos toe God Sodom en Gomorra omgekeer het.” JESAJA 13:19 AFR53

OPENBARING 14:9 AFR53

En 'n derde engel het hulle gevolg en met 'n groot stem gesê: As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang,

Die derde engel verskyn nou op die toneel en praat ook met 'n groot stem vir almal om te hoor. Die engel se boodskap verduidelik wat gaan gebeur as iemand die dier aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang.

Geen doekies word meer omgedraai nie, die engele wat nou praat kom met laaste en finale waarkuwings. Ai, hoe dom en onverskillig is diegene wat nie wil luister nie!

OPENBARING 14:10 AFR53

sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam.

Die mense wat die dier aanbid en die merk ontvang sal drink van die wyn van die grimmigheid van God - met ander woorde, hulle sal God se wraak ontvang as straf vir hul hardnekkigheid. Die wyn word ongemeng in die beker van God se toorn ingeskink, met ander woorde die wyn word nie verdun met iets soos water nie, maar word volsterkte ingeskink - volsterkte wraak!

“Want in die hand van die Here is 'n beker, en die wyn skuim; dit is oorvloedig gemeng, en Hy skink daaruit; ja, die afsaksel daarvan moet al die goddelose van die aarde opslurp, uitdrink.” PSALMS 75:9 AFR53

Elkeen wat God verwerp sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam.

OPENBARING 14:11 AFR53

En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie — hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang.

Herhaling is veronderstel om dit wat die skrywer wil sê te beklemtoon. Die woorde wat hier herhaal word is: diegene wat die dier aanbid en sy merk ontvang sal gestraf word.

Die skrywer, Johannes, wil vir almal wat Jesus nog nie as Verlosser aanvaar het nie bombardeer met sy woorde van waarskuwing. Die pyniging van God se wraak sal vir ewig duur, hulle het dag en nag geen rus nie, net pyn, vir ewig en ewig

OPENBARING 14:12 AFR53

Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar.

Lydsaamheid word beter beskryf deur die woord volharding. Hier kom dus die volharding van die heiliges te pas. Die heiliges is die mense wat God se gebooie onderhou en hul geloof in Jesus bewaar.

Johannes self praat hier en hy vertel vir die heiliges om te volhard gedurende die drie en ‘n half jaar verdrukking wat nou gaan volg.

OPENBARING 14:13 AFR53

En ek het 'n stem uit die hemel aan my hoor sê: Skryf — salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid, en hulle werke volg met hulle.

Johannes hoor ‘n stem (die vierde engel) uit die hemel wat vir hom hierdie woorde gee om aan die heiliges oor te dra. Salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Salig is die engelse woord ‘blessed’ of anders gestel geseënd. Dus, geseënd is die mense wat doodgemaak word omdat hulle in Jesus glo en nie die dier aanbid nie.

Ons het hier ‘n kontras tussen die wat die dier aanbid, en die wat vir hul geloof sterf. Die wat die dier aanbid ontvang God se wraak met vuur en swawel, en word in hul dood vir ewig en ewig gepynig dag en nag, maar die wat in die Here sterwe ontvang rus van hul arbeid en hul goeie werke volg hulle.

“Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.” MATTHÉÛS 11:28 AFR53

OPENBARING 14:14 AFR53

En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit wolk en een soos 'n Menseseun wat op die wolk sit, met 'n goue kroon op sy hoof en in sy hand 'n skerp sekel.

Johannes sien iemand wat op 'n wolk sit, een soos 'n Menseseun met 'n goue kroon op sy hoof en 'n skerp sekel in sy hand. Hierdie is nie Jesus nie want:

- die iemand is soos 'n Menseseun en nie die Menseseun nie, en
- die kroon is in Grieks 'stephanos' dus nie die kroon van 'n koning 'diadem' nie, maar die kroon wat jy bv. wen in 'n wedstryd by die olimpiese spele.

Hierdie is die volgende engel, die vyfde engel wat Johannes sien.

OPENBARING 14:15 AFR53

En 'n ander engel het uit die tempel gekom en met 'n groot stem geroep na Hom wat op die wolk sit: Slaan u sekel in en maai, want die uur het vir U gekom om te maai, omdat die oes van die aarde oorryp geword het.

'n Stem uit tempel gee vir die vyfde engel wat op die wolk sit 'n opdrag met 'n groot stem. Die engel moet die sekel inslaan en maai want die oes van die aarde is oorryp.

Engele word gebruik om gelowiges (die oes) wat deur die Antichris onthoof word te versamel en na die hemel te vergesel. Ons sien in Lukas dat gelowiges (soos in die verhaal van die ryk man en Lasarus) deur engele na die hemel vergesel word wanneer hulle sterf.

“En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.”
MATTHÉÛS 24:31 AFR53

“En toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham.”
LUKAS 16:22 AFR53

OPENBARING 14:16 AFR53

En Hy wat op die wolk sit, het sy sekel oor die aarde laat gaan, en die aarde is afgemaai.

Die engel op die wolk se taak met sy sekel is om gelowiges wat gemartel is tot die dood toe te gaan haal. Hierdie is die graanoes en die mense wat in die tyd doodgemaak word is soos ons in Daniel sien, die gelowiges wat deur die Antichris wat in daardie tyd gaan heers, onthoof word.

Die elfde koning sal opstaan en verskillend wees van die tien voor hom. Hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel. Die gelowiges sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van tyd - dus die tweede drie en 'n half jaar van die sewe jaar verdrukking.

“En die tien horings — uit daardie koninkryk sal tien konings opstaan, en 'n ander een sal ná hulle opstaan, en hý sal verskillend wees van die voriges en drie konings neerwerp. En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd.” DANIËL 7:24-25 AFR53

OPENBARING 14:17 AFR53

En 'n ander engel het uitgekom uit die tempel wat in die hemel is, en hy het ook 'n skerp sekel gehad;

Die sesde engel kom uit die tempel in die hemel, ook met 'n sekel. Hierdie engel gaan sy sekel op 'n ander groep mense gebruik. Die vyfde engel het sy sekel vir 'n graanoes gebruik in verse 14 tot 16 en die graanoes het die gelowiges voorgestel.

Die volgende groep wat hier in verse 17 tot 20 beskryf word, is die ongelowiges, die wat die merk van die dier ontvang het, wat in die wyndes God se wraak gaan ontvang.

OPENBARING 14:18 AFR53

en 'n ander engel wat mag oor die vuur gehad het, het uit die altaar uitgekom en met 'n groot stem geroep na hom wat die skerp sekel het, en gesê: Slaan jou skerp sekel in en saml die trosse van die wingerdstok van die aarde in, want sy druïwe het ryp geword.

Die sewende engel wat Johannes sien het mag oor vuur. Die engel kom ook uit die tempel in die hemel en roep ook met 'n groot stem. Die sewende engel roep na die sesde engel wat die skerp sekel het en sê: slaan jou skerp sekel in en versamel die trosse van die wingerdstok want die druïwe is ryp.

Johannes sien vorentoe in tyd na die einde van die Verdrukking tydperk en die groep wat versamel word, word gekenmerk as druïwetrosse wat ryp geword het. Hierdie groep is die ongelowiges wat deur die engel ingesamel word.

Jesus het ons geleer wat gebeur aan die einde met die oestyd. Hier het Jesus die gelowiges met koring vergelyk en die ongelowiges met onkruid. Die onkruid gaan verbrand word - vandaar die engel wat gebruik word wat mag oor vuur het.

“Laat altwee saam groei tot die oes toe, en in die oestyd sal ek vir die maaiers sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring bymekaar in my skuur.” MATTHEÛS 13:30 AFR53

OPENBARING 14:19 AFR53

En die engel het sy sekel oor die aarde laat gaan en die wingerdstok van die aarde afgeoes en dit gegooi in die groot parskuip van die grimmigheid van God.

Die sesde engel voer sy opdrag uit, hy laat sy sekel oor die aarde gaan en oes die wingerdstok heeltemal af. Wat gebeur met die wingerdstokke wat afgeoes is? Dit word als gegooi in die groot parskuip van die grimmigheid van God soos Jeremia geprofeteer het.

“Jy moet dan al hierdie woorde vir hulle profeteer en aan hulle sê: Die Here sal brul uit die hoogte en sy stem verhef uit sy heilige woning! Geweldig sal Hy brul oor sy woonplek; soos druïwetrapers sal Hy 'n vreugdegeroep aanhef teen al die inwoners van die aarde.” JEREMIA 25:30 AFR53

Jesaja het ook geprofeteer oor die druïwe wat in die pers getrap word.

“Ek het die pers alleen getrap, en van die volke was niemand by My nie; en Ek het hulle getrap in my toorn en hulle vertrap in my grimmigheid, sodat hulle lewensap op my klere gespat en Ek my hele gewaad bevlek het.” JESAJA 63:3 AFR53

OPENBARING 14:20 AFR53

En die parskuip is buitekant die stad getrap, en bloed het uit die parskuip gekom tot aan die tooms van die perde, tweehonderd myl ver.”

Onthou dat Johannes hier die einde van die Verdrukking sien. Die ongelowiges word almal versamel na ‘n plek wat in Hebreeus genoem word Armageddon. Ons gaan meer inligting kry in hoofstuk 16.

“En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armagéddon.”
OPENBARING 16:16 AFR53

Die slag van Armageddon gaan plaasvind in die dal van Josafat soos ons leer van die profesie van die profeet Joël. Dit gaan ‘n oorlog soos geen ander wees nie, want die vers van Openbaring sê dat die bloed sal kom tot by die tooms van die perde vir 200 myl of 321 km vêr.

“Want kyk, in dié dae en in dié tyd wanneer Ek die lot van Juda en Jerusalem verander, sal Ek al die nasies versamel en hulle na die dal van Jósafat laat aftrek, om daar met hulle 'n strafgerig te hou ter wille van my volk en my erfdeel Israel wat hulle onder die nasies verstrooi het, en my land wat hulle verdeel het.” JOËL 3:1-2 AFR53

“Die nasies moet hulle klaarmaak en optrek na die dal van Jósafat; want daar sal Ek sit om gerig te hou oor al die nasies rondom. Steek die sekel in, want die oes is ryp! Kom trap, want die parskuip is vol, die kuipe loop oor! Want hulle boosheid is groot. Menigtes, menigtes in die dal van beslissing, want naby is die dag van die Here in die dal van beslissing!” JOËL 3:12-14 AFR53

Openbaring 15



OPENBARING 15:1 AFR53

“En ek het 'n ander teken in die hemel gesien, groot en wonderlik: sewe engele met die sewe laaste plae, want daarmee is die grimmigheid van God voleindig.

Openbaring 14 het geëindig met die slag van Armageddon, maar in hierdie hoofstuk stap Johannes bietjie terug in tyd om vir ons die landskap voor God se algehele oordeel te beskryf.

Johannes sien nou hoe die einde gaan afspeel. Hy sien sewe engele met die sewe laaste plae vol van God se grimmigheid.

Die idee van plae wat volg na ongehoorsaamheid is ‘n deurlopende tema in die Bybel. Enigste verskil hier in Openbaring is dat die sewe skale die sewe finale plae is voor Satan vir ewig oorwin gaan word, en Jesus vir ewig as koning gaan regeer.

“En as julle jul teen My versit en na My nie wil luister nie, sal Ek meer plae op julle lê, sewevoudig volgens julle sondes.” LEVÍTIKUS 26:21 AFR53

OPENBARING 15:2 AFR53

En ek het gesien iets soos 'n see van glas, gemeng met vuur. En die oorwinnaars oor die dier en oor sy beeld en oor sy teken, oor die getal van sy naam, het ek by die see van glas sien staan, met siters van God.

Die tempel van God is prominent in die hoofstuk. Ons het in Openbaring 4 ook die see van glas raakgeloop en dit beskryf as die waskom van die tempel. Die see van glas in die troonkamer is van kristal, want niemand hoef meer skoon te was nie!

“en voor die troon was daar 'n see van glas soos kristal, OPENBARING 4:6a AFR53

Die koperwaskom en die brandofferaltaar was bymekaar in die buitehof van die tempel. In hierdie vers is die see van glas, gemeng met vuur 'n prentjie van die buitehof van die tempel. Jesus het as 'n Lam sonder gebrek aan die kruis gesterf vir my en jou sondes (die brandofferaltaar) en elkeen van ons is skoongewas van ons sondes (die koperwaskom).

Johannes sien die oorwinnaars oor die dier, en oor sy beeld en oor sy teken en oor die getal van sy naam by die see van glas - dit is almal wat in die Verdrukking Jesus as Verlosser aanvaar het en in die proses geweier het om die dier te aanbid. Hy sien die mense by die see van glas gemeng met vuur want hulle het Jesus as Verlosser aanvaar en is skoongewas van hul sondes.

OPENBARING 15:3 AFR53

En hulle het die lied gesing van Moses, die dienskneg van God, en die lied van die Lam, en gesê: Groot en wonderlik is u werke, Here God, Almagtige; regverdig en waaragtig is u weë, o Koning van die heiliges!

Die oorwinnaars oor die dier het ook 'n lied wat hul sing tot eer van God. Hulle sing die lied van Moses wat in Exodus 15:1-21 aangeteken word. 'n Dankseggingslied na die uittog uit Egipte en daarna die trek deur die Rooi See wat na links en regs oopgemaak het sodat die Israeliete kon deurloop.

Die lied van die Lam is opgeteken in Openbaring 5:9-12. Hier word gesing dat Jesus waardig is om die seëls oop te maak, en as geslagte Lam is Jesus waardig om al die lof en eer en heerlijkheid te ontvang.

Al die liedere wat gesing word is tot eer en verheerliking van God die Almagtige!

OPENBARING 15:4 AFR53

Wie sal U nie vrees nie, Here, en u Naam nie verheerlik nie? Want U alleen is heilig; want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat u regverdige daade openbaar geword het.

Wat beteken dit om God te vrees?

Vir die ongelowige beteken vrees vir God die vrees vir God se oordeel en die ewige dood, wat 'n ewige skeiding met God is.

“maar Ek sal julle wys wie julle moet vrees: vrees Hom wat, nadat Hy doodgemaak het, by magte is om in die hel te werp; ja, Ek sê vir julle, vrees Hom!” LUKAS 12:5 AFR53

Vir die gelowige is die vrees vir God iets heeltemal anders. Die gelowige se vrees is eerbied en ontsag vir God.

“Daarom, omdat ons 'n onwankelbare koninkryk ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. Want onse God is 'n verterende vuur.” HEBREËRS 12:28-29 AFR53

Ons kan net uitsien na die tyd wanneer al die nasies God gaan vrees en God gaan aanbid.

OPENBARING 15:5 AFR53

En ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, die tempel van die tent van die getuienis in die hemel is geopen.

Die tempel word 15 keer genoem in die boek Openbaring, maar eers vanaf hoofstuk 4 nadat die kerk weggeraap is. Vanaf hoofstuk 4 vorentoe werk God met die Joodse volk, Sy volk vir wie die tempel belangrik is.

Moses het die eerste tempel gebou en die planne vir die tempel het hy op die berg gekry. God het vir Moses 'n voorbeeld gewys van die tempel in die hemel.

“En kyk dat jy dit maak volgens die voorbeeld daarvan wat jou op die berg getoon is.”

EXODUS 25:40 AFR53

“Dit was dus nodig dat die afbeeldinge van die dinge in die hemele deur hierdie offers gereinig moes word, maar die hemelse dinge self deur beter offers as hierdie. Want Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom met hande gemaak, 'n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn;” HEBREËRS 9:23-24 AFR53

OPENBARING 15:6 AFR53

En die sewe engele met die sewe plae het uit die tempel uitgekom, bekleed met rein, blink linne, en om die bors omgord met goue gordels.

Die sewe engele se sewe plae verteenwoordig God se oordeel. Die engele kom van die teenwoordigheid en troon van God wat in die tempel is.

Die Ou Testament hoëpriester se werk was om op die Versoeningsdag of Jom Kippur die bloed van 'n dier sonder gebrek op die versoendeksel van die verbondsark in die Allerheiligste vertrek te sprinkel om sodoende die sondes van die volk vir die jaar vorentoe te bedek.

Die sewe engele met rein of wit klere en goue gordels, lyk baie soos die hoë priester wat ook wit klere aangetrek het om op die Versoeningsdag voor God te verskyn.

Die mense wat God se wraak gaan ontvang aan die einde van die Verdrukking het nie meer die voorreg om met bloed bedek te word nie, die voorreg is vir ewig verbeur toe hulle die dier se merk geneem het om hom te aanbid.

OPENBARING 15:7 AFR53

En een van die vier lewende wesens het aan die sewe engele sewe goue skale gegee, vol van die grimmigheid van God wat leef tot in alle ewigheid.

Die vier lewende wesens gee vir elkeen van die engele sewe goue skale. Die woord skale is misleidend in die Afrikaanse vertaling want ons weeg nie hier die inhoud nie, dis eerder die houer self - breë vlak bak of diep piering - waarna hier verwys word.

Die inhoud van die bakke is die grimmigheid van God. Romeine beskryf die grimmigheid van God as toorn wat ongelowiges gaan ontvang wanneer elkeen van hulle geoordeel sal word volgens hul werke.

“Maar ooreenkomstig jou verhardheid en onbekeerlike hart vergader jy vir jou toorn as 'n skat in die dag van die toorn en die openbaring van die regverdige oordeel van God wat elkeen sal vergeld na sy werke.” ROMEINE 2:5-6 AFR53

OPENBARING 15:8 AFR53

En die tempel het vol rook geword uit die heerlikheid van God en uit sy krag, en niemand kon ingaan in die tempel voordat die sewe plae van die sewe engele voleindig was nie.”

In die Ou Testament het Aaron op die Versoeningsdag ‘n vuurpan met gloeiende kole geneem en op die reukofferaltaar in die Heilige vertrek van die tempel geplaas. Daarna moes hy reukwerk van speserye op die kole strooi sodat ‘n dik wolk in die Heilige en Allerheiligste vertrekke gehang het. Die rook het veroorsaak dat hy God nie kon sien nie, en het so nie gesterwe nie.

“en die vuurpan vol gloeiende kole van die altaar voor die aangesig van die Here wegneem; daarby twee handevol fyngestamppte reukwerk van speserye en dit binnekant die voorhangsel bring. En hy moet die reukwerk op die vuur lê voor die aangesig van die Here, dat die wolk van die reukwerk die versoendeksel wat op die Getuienis is, kan oordek, sodat hy nie sterwe nie.” LEVÍTIKUS 16:12-13 AFR53

God se teenwoordigheid gekenmerk deur die rook vul weereens die tempel in die hemel en niemand mag ingaan voordat die sewe plae van die sewe engele nie voltooi is nie.

Openbaring 16



OPENBARING 16:1 AFR53

En ek het 'n groot stem uit die tempel aan die sewe engele hoor sê: Gaan gooi die skale van die grimmigheid van God op die aarde uit.

Ons het in die vorige hoofstuk gesien dat sewe engele met sewe plaes uit die tempel uitgekom het, en die vier lewende wesens het vir elke engel 'n skaal gegee met die grimmigheid van God. Verder het ons gesien dat die tempel gevul is met rook van die heerlijkheid van God, en van hier af kan niemand in die tempel ingaan totdat die sewe plaes voltooi is nie.

Die groot stem wat Johannes nou hoor wat uit die tempel uitkom is dus die stem van God. Die stem gee 'n bevel aan die engele - gooi die skale van die grimmigheid van God op die aarde uit!

OPENBARING 16:2 AFR53

Toe gaan die eerste een weg en gooi sy skaal op die aarde uit, en kwaai en bese swere het aan die mense gekom wat die merk van die dier gehad het en sy beeld aanbid het.

Die eerste engel gooi sy skaal op die aarde uit en die mense wat die teken van die plaes is, is die mense wat die merk van die dier het en sy beeld aanbid. Hulle slaan uit met kwaai en bese swere.

Ons sien dieselfde plaag in Exodus teen Farao en sy mense.

“Verder het die Here aan Moses en Aäron gesê: Neem julle twee hande vol roet uit die oond, en laat Moses dit na die hemel uitstrooi voor die oë van Farao; en dit sal fyn stof word oor die hele Egipteland en aan mense en diere swere veroorsaak wat in blare uitbreek, in die hele Egipteland.” EXODUS 9:8-9 AFR53

‘n Onvervulde profesie in Deuternomium vertel ook wat gaan gebeur met diegene wat nie luister na die stem van die Here nie.

“Maar as jy nie luister na die stem van die Here jou God, om sorgvuldig te hou al sy gebooie en sy insettinge wat ek jou vandag beveel nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal.

Die Here sal jou swaar tref met swere van Egipte en met geswelle en skurfte en uitslag waarvan jy nie kan gesond word nie.” DEUTERONÓMIUM 28:15, 27 AFR53

OPENBARING 16:3 AFR53

En die tweede engel het sy skaal op die see uitgegooi, en dit het bloed geword soos van 'n dooie, en al die lewende wesens in die see het gesterwe.

Die tweede engel gooi sy skaal op die see uit en die see word soos die bloed van ‘n dooie, wat tot gevolg het dat als wat lewe in die see sterf.

Hierdie plaag neem ons terug na Exodus na die eerste plaag wat die Egiptenare getref het - Moses slaan die water van die Nyl en dit verander in bloed sodat die visse in die rivier sterf almal.

“Moses en Aäron het toe so gedoen soos die Here beveel het — hy het die staf opgehef en die water wat in die Nyl was, geslaan voor die oë van Farao en voor die oë van sy dienaars; en al die water in die Nyl is in bloed verander. En die visse wat in die Nyl was, het doodgegaan; en die Nyl het gestink, sodat die Egiptenaars die water uit die Nyl nie kon drink nie. En daar was bloed in die hele Egipteland.” EXODUS 7:20-21 AFR53

OPENBARING 16:4 AFR53

En die derde engel het sy skaal uitgegooi op die riviere en op die waterfonteine, en dit het bloed geword.

Die derde engel gooi sy skaal op die vars water van die aarde uit en die riviere en waterfonteine word bloed. Nou is al die water ondrinkbaar - die see water en die vars water.

Hierdie oordeel is een van die talle aanduidings dat die sewe skale wat uitgegooi word aan die einde van die sewe jaar Verdrukking plaasvind.

Hoe lank kan iemand oorleef sonder om water te drink? Slegs 'n paar dae!

Die wêreld sal ‘n tyd lank kan oorleef op watervoorrade wat opgegaar is, maar beslis nie vir jare nie, so hier kom moeilikheid.

OPENBARING 16:5 AFR53

En ek het die engel van die waters hoor sê: Regverdig, Here, is U wat is en wat was, U, die Heilige, omdat U hierdie oordeel uitgevoer het;

Johannes hoor die engel van die waters se woorde. Die engel begin met lofprysing soos ons geleer is om te bid. God die alomteenwoordige wat is en wat was. Hy begin met die woord regverdig, dus beklemtoon hy dat die oordele oor die wat die dier en sy beeld aanbid regverdig uitgevoer word.

OPENBARING 16:6-7AFR53

want hulle het die bloed van heiliges en profete vergiet, en U het aan hulle bloed gegee om te drink, want hulle het dit verdien. En ek het 'n ander een uit die altaar hoor sê: Ja, Here God, Almagtige, waaragtig en regverdig is u oordele.

Die engel verduidelik dat die bloed van hierdie oordele 'n vergoeding is vir die wêreld wat die bloed van die heiliges vergiet het en daarom verklaar die engel dat die wêreld verdien om sonder water te wees.

Die wêreld wat die heiliges en profete doodgemartel het, verdien dit om bloed, en nie water nie, te drink.

‘n Ander engel praat uit die altaar en sê met lofprijsing aan God dat die oordele waaragtig en regverdig is.

OPENBARING 16:8 AFR53

En die vierde engel het sy skaal op die son uitgegooi, en daaraan is dit gegee om die mense met vuur te skroei.

Die vierde engel gooi sy skaal op die son uit en dit het tot gevolg dat die hitte van die son so warm word dat die mense deur die son geskroei word.

Die mense wat die dier se merk het en sy beeld aanbid loop nou rond met kwaai en bese swere. Wanneer hulle krane oopmaak om water te drink of die swere te wil ontsmet, kom daar net bloed uit, en nou skroei die son se strale so erg dit voel soos vuur. Klink nie soos ‘n plek waar enige persoon wil opeindig nie!

OPENBARING 16:9 AFR53

En die mense is geskroei met 'n groot hitte, en hulle het die Naam van God gelaster wat mag het oor hierdie plaë, en hulle het hul nie bekeer om Hom heerlikheid te gee nie.

Hoe erger die oordele word, hoe verder beweeg die mense wat deur die plaë getref word van God af weg.

Net soos Farao van ouds verhard die mense hul harte, laster die Naam van God en weier om hulself te bekeer en aan God heerlikheid te gee.

Ongelooflik om te dink dat alhoewel almal op aarde teen die tyd 100% weet en besef dat die plaë van God self kom, hulle nog steeds hul rug op Hom draai en eerder kies om hel toe te gaan!

OPENBARING 16:10 AFR53

En die vyfde engel het sy skaal uitgegooi op die troon van die dier, en sy koninkryk is verduister, en hulle het hul tonge gekou van pyn;

Die teiken van die oordele beweeg nou van die mense na die dier of die Antichris self, en die spesifieke teiken is die dier se troon of anders gestel sy hoofkwartiere.

In hoofstuk 13 word die vraag gevra - Wie kan teen die draak oorlog voer?

“En hulle het die draak aanbid wat die dier mag gegee het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?” OPENBARING 13:4 AFR53

Die vraag word hier geantwoord met die vyfde skaal wat op die dier se troon uitgegooi word en sy koninkryk so verduister dat die mense hul tonge kou van pyn. Die dier se koninkryk wat verduister is, is op hierdie stadium die hele wêreld behalwe die gebied van Petra waar die Joodse volk nou skuiling vind.

Dit laat ons terug dink aan die negende plaag oor Egipteland naamlik, drie dae se duisternis. Die duisternis was oor die hele Egipteland, maar die kinders van Israel het lig in hul woonplekke gehad.

“Toe Moses sy hand uitsteek na die hemel, kom daar 'n dik duisternis in die hele Egipteland, drie dae lank. Die een het die ander nie gesien nie, en niemand het van sy plek opgestaan nie, drie dae lank. Maar al die kinders van Israel het lig in hulle woonplekke gehad.” EXODUS 10:22-23 AFR53

OPENBARING 16:11 AFR53

en hulle het die God van die hemel gelaster oor hulle pyne en oor hulle swere, en het hulle nie bekeer van hul werke nie.

Hier is weereens bevestiging dat die mense hulle nie bekeer van hul werke nie. Die mense wat die dier aanbid hou aan om die God van die hemel te laster want hulle weet hul pyne en swere word deur God veroorsaak.

Daniel gebruik ook die aanspreekvorm van God soos ons in die vers sien - die God van die hemel!


“en dat hulle barmhartigheid van die God van die hemel moes afsmeek oor hierdie geheim, sodat hulle Daniël en sy metgeselle saam met die orige wyse manne van Babel nie sou ombring nie. Daarop is in 'n naggesig die geheim aan Daniël geopenbaar. Toe het Daniël die God van die hemel geloof.” DANIEL 2:18-19 AFR53

OPENBARING 16:12 AFR53

En die sesde engel het sy skaal uitgegooi op die groot rivier, die Eufraat, en sy water het opgedroog, sodat die pad van die konings wat van die ooste af kom, reggemaak kon word.

Die sesde engel gooi sy skaal op die Eufraat uit en dié groot rivier droog in geheel op om 'n maklike pad voor te berei vir die konings van die Ooste. Hierdie is die sewe konings waarvan Daniel ons vertel het en wat saam met die Antichris gaan beplan om teen God te veg.

Die Eufraat rivier is met die verbond wat God met Abraham gesluit het gekenmerk as die oostelike grens van Israel, maar Israel het tot en met vandag nog nie die grond in besit geneem om die grens hul eie te maak nie.



“Op dié dag het die Here met Abram 'n verbond gesluit en gesê: Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van die rivier van Egipte af tot by die groot rivier, die Eufraatrivier.”. GÉNESIS 15:18 AFR53

Wikipedia gee die volgende inligting: Die Eufraat is ongeveer 2 736 km lank en ontspring in die Taurus-berge van Oos-Turkye en vloei meestal in 'n suidoostelike rigting totdat dit naby Al-Kurna in Suid-Irak by die Tigris aansluit. Die twee riviere vorm saam die Sjatt al-Arab-waterweg, wat in die Persiese Golf uitmond.

OPENBARING 16:13 AFR53

En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom.

Johannes sien nou die onheilige drie-eenheid in werking. Satan die groot nabootser werk nou in al sy glorie asof hy God drie-enig is. Die draak, die dier en die valse profeet werk nou al drie onverpoos want hulle maak gereed vir die grootste oorlog van hul bestaan - die finale oorlog teen God Almagtig!

Uit die bek van die draak, en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet kom daar drie onreine geeste wat lyk soos paddas. Dit neem ons terug na die tweede plaag oor Egipte, naamlik paddas.

“Verder het die Here met Moses gespreek: Sê aan Aäron: Steek jou hand uit met jou staf oor die strome en oor die kanale en oor die waterkuile, en laat die paddas opkom oor Egipteland.” EXODUS 8:5 AFR53

OPENBARING 16:14 AFR53

Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God.

Die geeste van duiwels doen nou tekens, en hulle gaan uit na die konings van die aarde en na die hele wêreld want hulle wil almal versamel vir die groot oorlog wat teen God gevoer gaan word.

Dit is belangrik om te onthou dat God al die gebeure beplan en met die Eufraat rivier wat opgedroog het maak God die pad oop vir die Antichris en sy volgelingen van die Ooste om na Israel op te trek.

OPENBARING 16:15 AFR53

Kyk, Ek kom soos 'n dief. Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie.

Salig of geseënd is die mense wat niteenstaande hul haglike omstandighede van die tydperk leef in die lig en nie in die duisternis nie.

Hierdie vers verwys na die waarskuwing wat Paulus in sy tyd aan die Christene gegee het. Wees waaksaam sodat die koms van Jesus nie onverwags en soos 'n dief in die nag jou sou oorval nie.

“Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie.” I THESSALONICENSE 5:4 AFR53

Die dier se volgelingen leef wel in die duisternis, so Jesus se koms gaan vir hulle onverwags wees.

OPENBARING 16:16 AFR53

En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armageddon.

Die woord Armageddon is vertaal uit Hebreeus en beteken die heuwel of stad van Megiddo. Armageddon is die plek waar die konings van die dier hul leërs gaan versamel ter voorbereiding van die groot oorlog wat hulle teen God gaan voer.

Menige profete van die Ou Testament het geprofeteer oor die oorlog wat aan die einde van tyd gaan plaasvind.

“Daarom, verwag My, spreek die Here, op die dag wat Ek My gereed maak vir die buit; want dit is my strafoordeel om nasies te versamel, koninkryke te vergader om my grimmigheid oor hulle uit te stort, al die gloed van my toorn. Want die ganse aarde sal deur die vuur van my ywer verteer word!” SEFÁNJA 3:8 AFR53

“In dié dag sal die rouklag groot wees in Jerusalem, soos die rouklag van Hadad-Rimmon in die laagte van Megiddo.” SAGARÍA 12:11 AFR53

OPENBARING 16:17 AFR53

En die sewende engel het sy skaal uitgegooi in die lug, en 'n groot stem het uit die tempel van die hemel gekom, van die troon af, wat gesê het: Dit is verby!

Die sewende engel gooi die sewende en laaste skaal uit in die lug. Die lug is die laaste sfeer van Satan se invloed - die owerste van die mag van die lug.

“waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk,” EFÉSIËRS 2:2 AFR53

“Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.” EFÉSIËRS 6:12 AFR53

Die groot stem van God wat op die troon in die hemel sit, sê: Dit is verby! Met die sewende skaal is God se wraak uitgevoer en verby.

OPENBARING 16:18 AFR53

En daar het stemme gekom en donderslae en bliksemstrale, en daar het 'n groot aardbewing gekom soos daar nog nie gewees het vandat die mense op die aarde was nie — so 'n geweldige groot aardbewing.

Die sewende skaal wat in die lug uitgegooi word gaan gepaard met stemme en donderslae en bliksemstrale - 'n geweldige en vreeslike geraas!

En dan volg dié grootste en geweldigste aardbewing - die vers verduidelik die aardbewing se uitwerking - een soos wat die wêreld nog nooit gesien het nie.

Die Israeliete het in die Ou Testament net voor God vir Moses die tien gebooie gegee het, 'n klein voorsmakie gekry van hoe dit voel en klink in God se teenwoordigheid. Donderslae, blitse, 'n swaar wolk, en die geluid van 'n sterk basuin was so erg dat die volk gebeef het.

“En op die derde dag toe dit môre word, was daar donderslae en blitse en 'n swaar wolk op die berg en die geluid van 'n baie sterk basuin, sodat die hele volk wat in die laer was, gebeef het. Daarop het Moses die volk uit die laer gelei om God te ontmoet, en hulle het gaan staan by die voet van die berg. En die hele berg Sinai het gerook, omdat die Here in 'n vuur daarop neergedaal het. En sy rook het opgetrek soos die rook van 'n oond, en die hele berg het vreeslik gebewe.” EXODUS 19:16-18 AFR53

OPENBARING 16:19 AFR53

En die groot stad is in drie dele verdeel, en die stede van die nasies het geval. En die groot Babilon is in gedagtenis gebring voor God, om haar te gee die beker met die wyn van die grimmigheid van sy toorn.

Die groot stad waarna hier verwys word is moontlik die stad Babilon wat met die groot aardbewing in drie gedeel gaan word. Gewoonlik is die groot stad 'n verwysing na Jerusalem maar omdat die stad in dieselfde vers genoem word as Babilon wat in God se gedagtenis is, dink ek die verwysing is eerder Babilon.

Die nasies is 'n verwysing na die 'Gentiles' wat al die nasies behalwe die Joodse volk insluit. So al die stede van die wêreld (behalwe Israel en natuurlik Jerusalem) het geval in die groot aardbewing.

“Want so sê die Here van die leërskaar: 'n Rukkie nog, 'n kort tydjie, dan sal Ek die hemel en die aarde en die see en die droë grond laat bewe.” HAGGAI 2:6 AFR53

“So sal dan Babel, die sieraad van die koninkryke, die trotse pronkstuk van die Chaldeërs, wees soos toe God Sodom en Gomorra omgekeer het.” JESAJA 13:19 AFR53

OPENBARING 16:20-21 AFR53

En alle eilande het gevlug, en berge is daar nie gevind nie; en groot hael, omtrent 'n talent swaar, het uit die hemel op die mense geval; en die mense het God gelaster oor die plaag van die hael, omdat sy plaag ontsettend groot was.”

Die laaste twee verse van die hoofstuk beskryf hoe die sewende skaal eindig. Die aardbewing is so erg dat die eilande en die berge almal nie meer is nie.

Dan, asof dit nie genoeg is dat die hele aarde rondeskud word en verander word nie, val daar hael op die aarde neer. Nie haelkorrels nie, nee haelstene wat elk ongeveer 50 kg weeg en die hael val op die mense.

Die mense wat die aardbewing en die hael oorleef het, laster God nog steeds omdat die plaag so groot was.

Openbaring 17



OPENBARING 17:1 AFR53

“En een van die sewe engele met die sewe skale het gekom en met my gespreek en vir my gesê: Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit,

Een van die sewe engele wat die sewe skale op die aarde uitgegooi het praat met Johannes en sê vir hom dat hy nog iets vir Johannes wil wys. Na die vreeslike vinnige pas van die sewe skale en hul uitwerking, staan ons nou weer terug vir ‘n geskiedenis les en ‘n ‘big picture’ verduideliking.

Die AFR53 vertaling kom kras voor met die gebruik van die woord ‘hoer’ in teenstelling met die AFR83 vertaling wat die woord ‘sedelose vrou’ gebruik. ‘n Beter op die oor woord is moontlik ‘prostituut’, maar al die woorde beteken nog steeds dieselfde: ‘n vrou wat seksueel losbandig is! Die engel praat van die groot hoer - dus ‘n beskrywing in die oortreffende trap wat spreek vanself.

Die waters waarop sy sit word verder in die hoofstuk in vers 15 verduidelik - volke en menigtes en nasies en tale, dus al die bewoners van die wêreld.

OPENBARING 17:2 AFR53

met wie die konings van die aarde gehoereer het, en die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn van haar hoerery.

Die losbandige vrou in die hoofstuk is ‘n voorstelling van die nuwe wêreld godsdiens wat in die Verdrukking tydperk deur die vals profeet beoefen en afgedwing word.

Die wêreld godsdiens waar die dier aanbid word, word beoefen deur almal wat die dier en later sy merk aanneem.

Die konings van die aarde koop in om die dier te aanbid, en die bewoners van die aarde hou nie terug nie. Wêreldwyd aanvaar die mense die vals profeet se nuwe vals wêreld godsdiens met so ‘n oorgawe dat dit vergelyk word met mense wat dronk word van wyn.

In die Ou Testament word die mense wat ontrou word aan God vergelyk met 'n vrou wat 'n prostituut is.

“Hoerery en wyn en mos neem die hart weg. My volk raadpleeg sy hout, en sy staf moet hom die inligting gee; want 'n gees van hoerery het hulle verlei, en deur hulle hoerery het hulle van hul God afvallig geword.” HOSEÁ 4:11-12 AFR53

OPENBARING 17:3 AFR53

En hy het my in die gees weggevoer na 'n woestyn, en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings.

Johannes word deur die engel in die gees weggevoer na 'n woestyn waar hy die volgende gesig sien. Hy sien 'n vrou (die nuwe vals wêreld godsdiens) wat sit op 'n skarlakenrooi dier (die Antichris) en natuurlik het die dier godslasterlike name.

“O die vrou wat owerspel bedrywe! Terwyl sy onder haar man staan, het sy vreemdes aangeneem.” ESEGIËL 16:32 AFR53

Die dier het sewe koppe en tien horings. Die sewe koppe is sewe geskiedenis en toekoms tydperke en die tien horings is tien konings soos Daniel ons gewys het. Ons leer meer hiervan in die volgende verse.

Let op dat die vrou óp die dier sit. Die vrou of die nuwe vals wêreld godsdiens is dus op die stadium op die voorgrond en nie die dier of die Antichris nie.

OPENBARING 17:4 AFR53

En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol gruwels en die onreinheid van haar hoerery;

Die rol van die vrou in 'n huweliks opset gee vir ons 'n mooi uitbeelding van die simboliek in die hoofstuk. Net soos die bruid van Jesus 'n simbool is van die Nuwe Testament kerk, en die vrou van God 'n simbool is van die nasie Israel, so is die prostituut 'n simbool van die vals wêreld godsdiens van diegene wat wegdraai van God.

Die vrou is bekleed in die koninklike kleure van purper en skarlaken en is versier met duur goud en kosbare stene en pêrels. 'n Vertoon van rykdom en mag!

Die goue beker blyk kosbaar te wees en aangenaam om te aanskou. Die goue beker is ook in gebruik as gereedskap in God se tempel. Hierdie een is egter 'n namaaksel, gevul met afskuwelike dinge.

“Babel was in die hand van die Here 'n goue beker wat die hele aarde dronk gemaak het; die nasies het van sy wyn gedrink; daarom het die nasies rasend geword.” JEREMIA 51:7 AFR53

OPENBARING 17:5 AFR53

en op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde.

Hier volg 'n paar eienskappe van die vrou wat op die dier sit.

'n Bybelse verborgenheid in die Nuwe Testament is iets wat vir die Ou Testament mense versteek was, maar in die Nuwe Testament geopenbaar word.

Babilon is van die vroegste tye al die hoofkwartiere van Satan - ons ken almal die verhaal van die toring van Babel!

Die moeder van die hoere toon dat sy nie alleen is nie, sy het kinders - 'n nageslag. Sy kom van eeue terug en haar hoofdoel was en is om mense weg te draai van God.

OPENBARING 17:6 AFR53

En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien.

Die vals kerk van die Verdrukking tydperk gaan help, of nee, gaan in beheer wees van die marteling van die gelowiges. Ons het geleer in vorige hoofstukke dat diegene wat Jesus gaan aanvaar in die Verdrukking tydperk gemartel gaan word en Johannes sien dit nou voor hom afspeel.

“Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.” OPENBARING 2:10 AFR53

“En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het.” OPENBARING 6:9 AFR53

“En aan elkeen van hulle is wit klere gegee; en aan hulle is gesê dat hulle nog 'n klein tydjie moes rus totdat ook hulle medediensknegte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees.” OPENBARING 6:11 AFR53

OPENBARING 17:7 AFR53

Toe sê die engel vir my: Waarom het jy jou verwonder? Ek sal jou die verborgenheid van die vrou vertel en van die dier met die sewe koppe en die tien horings, wat haar dra.

Die engel vra vir Johannes hoekom hy hom verwonder en vertel verder vir Johannes dat hy nou 'n verduideliking gaan gee oor wat al die simbole en tekens van hierdie hoofstuk beteken.

Johannes gaan nou meer insig kry oor die verborgenheid van die volgende:

- die vrou, en
- die dier met die sewe koppe en die tien horings.

OPENBARING 17:8 AFR53

Die dier wat jy gesien het, was en is nie en sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar; en die bewoners van die aarde wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe geskryf is nie, sal hulle verwonder as hulle die dier sien wat was en nie is nie, alhoewel hy is.

Die dier wat jy gesien het - hierdie is die Antichris waarvan ons nou praat. Onthou in hoofstuk 13 het ons geleer dat een van die dier se koppe dodelik gewond was, en die wond is genees.

“En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan. En hulle het die draak aanbid wat die dier mag gegee het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?” OPENBARING 13:3-4 AFR53

Hierdie vers gee nou dieselfde feite net anders gestel.

- Wat was (lewendig)
- en is nie (dodelik gewond),
- alhoewel hy is (word genees)!

Die mense, die wie se name NIE in die boek van die lewe is NIE, bly verwonderd oor die dier.

OPENBARING 17:9 AFR53

Hier kom die verstand wat wysheid het, te pas. Die sewe koppe is sewe berge waar die vrou op sit.

Die sewe koppe van die dier is sewe berge. Hierdie is regerings wat oor die hele wêreld van hul tyd geregeer het en word as volg geïdentifiseer.

1. Egipte

Die eerste groot regering van die Ou Testament is die Egiptenare wat God se volk vir 400 jaar onderdruk het - “Daarop sê Hy vir Abram: Weet verseker dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in 'n land wat aan hulle nie behoort nie; daar sal hulle diensbaar wees en verdruk word vierhonderd jaar lank.” GÉNESIS 15:13 AFR53

2. Assirië

Die Noordelike koninkryk van Israel regeer van 931 BC tot 722 BC. In al die tyd het die mense hul rug op God gekeer en as straf is hulle in twee sarsies deur Assirië aangeval en as krygsgevangenes wegvoer - “In die negende jaar van Hoséa het die koning van Assirië Samaría ingeneem en Israel in ballingskap weggevoer na Assirië en hulle laat woon in Halag en aan die Habor, die rivier van Gosan, en in die stede van Medië.” II KONINGS 17:6 AFR53

Daniel moet Nebukadneser se droom uitlê en wat hy sien is die verskillende koninkryke wat van hier af gaan heers tot en met die einde van tyd. Ons begin met die eerste drie tydperke:

3. Babilon - hoof van goud
4. Mede & Perse - bors en arms van silwer
5. Grieke - lendene van koper

“Wat die beeld betref, sy hoof was van goeie goud, sy bors en sy arms van silwer, sy buik en sy lendene van koper.”. DANIËL 2:32 AFR53

Die Romeinse Ryk was aan bewind toe Jesus op aarde was en is nooit deur 'n ander regeerder oorwin nie. Die Romeinse Ryk het stil stil verdwyn maar gaan weer aan die einde van tyd 'n gedeelde heerskappy voer (yster en klei) met die groot doel om teen God te veg by Armageddon.

6. Rome 1 (verlede, bene van yster)

7. Rome 2 (toekoms, voete gedeeltelik yster en gedeeltelik klei)

“sy bene van yster, sy voete gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei.” DANIËL 2:33 AFR53

OPENBARING 17:10 AFR53

En hulle is sewe konings: vyf het geval en een is; die ander een het nog nie gekom nie; en wanneer hy kom, moet hy 'n kort tydjie bly.

Nou volg 'n raaisel en die antwoord word gevind in die lys van regerings in die vorige vers. Ek lys die regerings weer om dit maklik te maak.

- 1) Egipte,
- 2) Assirië,
- 3) Babilon,
- 4) Mede & Perse,
- 5) Grieke,
- 6) Rome Verlede,
- 7) Rome Toekoms

Sewe Konings : Egipte tot Rome Toekoms (1 - 7)

Vyf het geval : Egipte tot Grieke (1 - 5)

Die een is : Rome verlede - Verlede vir ons, huidige tyd vir Johannes (6)

Die ander het nog nie gekom nie: Rome toekoms, ons wag ook nog (7)

Wanneer hy kom, kom hy vir 'n kort tyd : Die sewe jaar Verdrukking tydperk!

OPENBARING 17:11 AFR53

En die dier wat was en nie is nie, is self ook die agtste, en hy behoort by die sewe en gaan na die verderf.

Ons weet nou dat die dier wat was en nie is nie, dit is die Antichris homself. Hy behoort by die sewe, so hy het dieselfde eienskappe as die sewe en word hier die agtste genoem. In lyn met die raaisel van tevore is hy dus die agtste wêreld regering. Dit is dus die een wêreld regering waarvan jy al gehoor het wat gedurende die Verdrukking tydperk gaan regeer.

Daniel het ook die dier gesien in sy drome - hy verwys na hom as die vierde koninkryk. Daniel se droom begin by Nebukadneser (Daniel se huidige tyd) en die vierde dier is Rome verlede en toekoms in een.

“Toe wou ek sekerheid verkry oor die vierde dier wat van al die ander verskillend was, buitengewoon vreeslik, met ystertande en met koperkloue, wat verslind, vermorsel en die oorskot met sy pote vertrap het, DANIËL 7:19 AFR53

Só het hy gesê: Die vierde dier — die vierde koninkryk sal op die aarde wees, wat verskil van al die koninkryke en die hele aarde sal verslind en dit sal vertrap en dit verbrysel. DANIËL 7:23 AFR53

En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd.” DANIËL 7:25 AFR53

OPENBARING 17:12 AFR53

En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier.

Die tien horings is tien toekomstige regeerders want hulle het nog nie hul koningskap ontvang nie. Die konings was toekomstig vir Johannes en hulle is toekomstig vir ons ook.

Dit gaan of die wêreld wees wat in tien verskillende streke opgedeel gaan word, of tien persone wat elkeen vir 'n tydperk gaan regeer, of iets heeltemal anders - ons weet nie!

Wat ons wel weet is dat hul saam met die dier gaan regeer.

OPENBARING 17:13 AFR53

Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier.

Die tien regeerders het een gesindheid, hulle dink dus almal dieselfde en het dieselfde doel voor oë. Hulle sal hul mag en krag aan die dier oorgee nadat hulle elkeen hul beurt gehad het om te regeer. Daniel het ook die Antichris met die tien regeerders gesien.

“Daarna het ek in die naggestigte gesien, en kyk, daar was 'n vierde dier, vreeslik en skrikwekkend en baie sterk, en dit het groot ystertande gehad; dit het verslind en vermorsel en die oorskot met sy pote vertrap; en dit was verskillend van al die diere wat voor hom gewees het, en dit het tien horings gehad.” DANIËL 7:7 AFR53

OPENBARING 17:14 AFR53

Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin — want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings — en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou.

Hierdie vers is so positief vir elke Christen, want ons wen die oorlog en wie wil nie aan die wenkant wees nie.

Die Antichris en sy konings voer oorlog teen die Lam, en die Lam sal hulle oorwin!

Hoekom? Want, Jesus is die Here van die here en die Koning van die konings!!

Ons wat saam met Jesus is, oorwin ook. Ons wat die voorreg het om geroep te wees, uitverkore is en getrou gebly het aan God.

OPENBARING 17:15 AFR53

En hy sê vir my: Die waters wat jy gesien het, waar die hoer op sit, is volke en menigtes en nasies en tale.

Vers 1 van die hoofstuk het gesê dat die engel ons gaan vertel van die oordeel van die groot hoer wat op baie waters sit. Die waters word hier verduidelik as volke, menigtes en nasies en tale.

Dan verder sit die hoer ook op 'n dier. Die dier gee vir ons die 'gentile' tydperke van Egipte tot die Groot Verdrukking.

As ons die hoofstuk vinnig opsom, dan sien ons dat die hoer 'n voorstelling is van die vals gelowe van die wêreld van Egipte se tyd tot die Groot Verdrukking tydperk wat die mensdom in haar mag het.

OPENBARING 17:16 AFR53

En die tien horings wat jy op die dier gesien het, hulle sal die hoer haat en haar verlate maak en naak, en haar vlees eet en haar met vuur verbrand.

Die tien horings van die dier, of die tien konings van die Antichris gaan die hoer of die wêreld se godsdienstige organisasies tot niet maak.

Verlate maak - die priesters van hul preekstoele verwyder

Naak maak - stroop die organisasies van hul rykdom

Haar vlees eet - godsdienstige praktyke en leringe uitroei

Haar met vuur verbrand - brand hul 'kerke'

Ons bereik nou die middel van die Verdrukking tydperk waar die Antichris self in beheer gaan wees, waar almal sy merk moet neem en sy beeld moet aanbid.

OPENBARING 17:17 AFR53

Want God het dit in hulle harte gegee om sy bedoeling uit te voer en een bedoeling uit te voer, en hulle heerskappy aan die dier te gee totdat die woorde van God volbring is.

God het dit in die harte van die tien konings gegee om Sy bedoelings uit te voer. Die tien konings het almal een bedoeling om uit te voer, en dit is om hul heerskappy aan die dier te gee.

Daniel verduidelik vir ons hoe God werk. God stel konings aan en Hy stel hulle af. God besluit wie regeer om Sy planne tot vervulling te bring.

“Hy tog verander die tye en die geleenthede; Hy sit konings af en stel konings aan; Hy verleen wysheid aan die wyse manne en kennis aan die wat insig het;” DANIËL 2:21
AFR53

God maak dit moontlik vir die dier om aan die einde van tyd in die Verdrukking tydperk te regeer, sodat God se planne tot vervulling kan kom.

OPENBARING 17:18 AFR53

En die vrou wat jy gesien het, is die groot stad wat heerskappy voer oor die konings van die aarde.”

Die vrou wat Johannes gesien het is ook ‘n stad of die hoofkwartiere van die vals wêreld geloof.

Net soos Mecca die hoofkwartiere van die Muslims is, en Rome die hoofkwartiere van die Katolieke is, net so gaan ‘n toekomstige stad die hoofkwartiere van die wêreld geloof wees.

Openbaring 18



OPENBARING 18:1 AFR53

“En ná hierdie dinge het ek 'n engel sien neerdaal uit die hemel, met groot mag, en die aarde is verlig deur sy heerlikheid.

En na hierdie dinge - watter dinge? Na die sewe skale van hoofstuk 16.

Die vorige hoofstuk (17) was 'n tussenpose om vir ons 'n oorsig te gee van die vals godsdienste wat deur al die tydperke en veral die Groot Verdrukking tydperk die mense van die aarde in haar mag het.

Na hierdie dinge (die sewe skale) sien Johannes 'n engel wat neerdaal uit die hemel en die aarde verlig met sy heerlikheid.

OPENBARING 18:2 AFR53

En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls,

Babel of Babilon, die hoofstad van Satan, het sy ontstaan in Genesis 10 en 11 en die eerste heerser van die ryk was Nimrod.

“Hy was 'n geweldige jagter voor die aangesig van die Here. Daarom sê hulle: Soos Nimrod, 'n geweldige jagter voor die aangesig van die Here. En die begin van sy ryk was Babel en Ereg en Akkad en Kalne in die land Sinear.” GÉNESIS 10:9-10 AFR53

Nimrod was koning van die eerste eenwêreld koninkryk, en die hele aarde het dieselfde taal gepraat.

“En die Here sê: Daar is hulle nou een volk en het almal een taal! En dit is net die begin van hulle onderneming: nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees van wat hulle van plan is om te doen nie.” GÊNESIS 11:6 AFR53

Nou, in die vers aan die einde van die Verdrukking tydperk, word Satan se hoofstad Babilon vernietig soos vele profete deur die loop van die Bybel geprofeteer het.

“So sal dan Babel, die sieraad van die koninkryke, die trotse pronkstuk van die Chaldeërs, wees soos toe God Sodom en Gomorra omgekeer het.” JESAJA 13:19 AFR53

OPENBARING 18:3 AFR53

omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid.

Hierdie vers gee vir ons drie aanklagtes teen die stad Babilon,

Die stad het 'n korrupte invloed op die wêreld van daardie dag ... spesifiek die wêreld se aanbidding van die dier.

Babilon is die setel van mag van al die korrupte konings wat op die stadium heers.

Die handelaars van die wêreld trek ook voordeel uit die Antichris se heerskappy in Babilon want die Antichris reguleer alle handel volgens die merk van die dier. Sy materiële rykdom en finansiële beheer word 'n ander manier om mense te onderdruk en te beheer.

OPENBARING 18:4 AFR53

En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie.

Daar is 'n beginsel in die Bybel dat wanneer God Sy oordeel uitstort, Hy diegene wat aan Hom behoort, beskerm.

“die Here weet om die godsaliges uit versoeking te verlos en die onregverdiges te bewaar vir die dag van oordeel om gestraf te word;” II PETRUS 2:9 AFR53

Nou hoor Johannes 'n stem in die hemel wat 'n waarskuwing gee aan God se volk wat in die stad Babilon is. Gaan uit haar uit, sodat julle nie deel is van die stad se sondes nie, en dan ook nie die stad se straf ontvang nie.

Hierdie waarskuwing laat ons dink aan God se waarskuwing vir aan Lot en sy vrou en kinders.

“En toe die dag begin breek, het die engele by Lot aangedring en gesê: Maak jou klaar, neem jou vrou en jou twee dogters wat by jou is, dat jy weens die ongeregtigheid van die stad nie omkom nie.” GÊNESIS 19:15 AFR53

OPENBARING 18:5 AFR53

Want haar sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregtighede onthou.

Genesis 11 vertel die verhaal van die toring van Babel waar die mense bakstene uit grond en klei gemaak het uit protes teen God se vloed, om 'n toring te bou wat tot aan die hemel sou reik.

“En hulle sê: Kom, laat ons vir ons 'n stad bou en 'n toring waarvan die spits tot aan die hemel reik; en laat ons vir ons 'n naam maak, sodat ons nie oor die hele aarde verstrooid raak nie.”
GÉNESIS 11:4 AFR53

Net soos die toring se spits in Genesis tot aan die hemel sou reik, so reik die mense se sondes tot aan die hemel in Openbaring.

Die vers sê vir ons dat God haar of Babilon se sondes onthou, dus die opgehoopte sondes vanaf Genesis gebeur tot en met die eindtye waar Babilon nou finaal deur God vernietig word.

OPENBARING 18:6 AFR53

Vergeld haar soos sy ook julle vergeld het, en verdubbel dit vir haar volgens haar werke. Skink vir haar dubbel in die beker waarin sy geskink het.

Die engel praat nog steeds hier en hy sê dat Babilon vergeld moet word soos sy Israel vergeld het. Verdubbel haar straf volgens haar werke!

Hier word nie meer gespeel nie, Babilon se straf word dubbel geskink in die beker van wraak.

Romeine leer vir ons dat die beloning vir sonde die dood is, en dit is presies wat Babilon nou hier ondervind, net in 'n dubbel dosis.

“Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.” ROMEINE 6:23 AFR53

OPENBARING 18:7 AFR53

Namate sy haarself verheerlik het en weelderig geleef het, na dié mate moet julle haar pyniging en droefheid aandoen. Omdat sy in haar hart sê: Ek sit as koningin en is geen weduwee nie, en droefheid sal ek nooit sien nie —

Die engel beskryf nog steeds hier hoe Babilon gestraf moet word. Daar moet gekyk word hoe die stad haarself verheerlik het en hoe weelderig sy geleef het en in dieselfde mate van haar weelde en haar verheerliking moet die stad gepynig word en droefheid aangedoen word.

Babilon se hoogmoed ken geen perke nie. Sy sit as koningin en nie as 'n weduwee nie, sy sê dat sy nie droefheid sal sien nie. Die Bybel leer egter dat dit nie so werk nie, hoogmoed word altyd gevolg deur ondergang!

“Op hoogmoed volg ondergang, op selfverheffing volg die val.” SPREUKE 16:18 AFR83

OPENBARING 18:8 AFR53

daarom sal haar plaë op een dag kom: dood en droefheid en honger; en met vuur sal sy verbrand word, want sterk is die Here God wat haar oordeel.

Hier leer ons hoe God die stad gaan vernietig. Babilon se val gaan vinnig gebeur - haar plaë sal op een dag kom.

Dood, droefheid, honger en met vuur verbrand - so sal Babilon se oordeel wees, want sterk is die Here God wat haar oordeel!

Hierdie is nie die eerste stad wat God verwoes nie, ons lees in Genesis van Sodom en Gomorra wat ook met vuur verwoes is.

“Toe het die Here swael en vuur van Hom af, uit die hemel uit, laat reën op Sodom en Gomorra. En God het die stede en die hele vlakte verwoes en al hulle inwoners om die lewe gebring; selfs die plante in die omgewing is uitgeroei.” GENESIS 19:24-25 AFR83

OPENBARING 18:9-10 AFR53

En die konings van die aarde wat met haar gehoereer en weelderig geleef het, sal oor haar ween en oor haar weeklaag wanneer hulle die rook van haar verbranding sien, terwyl hulle ver weg staan uit vrees vir haar pyniging, en sê: Wee, wee jou, o groot stad Babilon, o sterk stad, want in een uur het jou oordeel gekom!

Die konings is die eerste van drie groepe mense wat ween en weeklaag oor die stad Babilon wat verwoes is. Die verwysing na 'koningen van die aarde' dui op heersers wêreldwyd: konings, presidente, eerste ministers en diktators.

Hierdie politieke heersers het dit finansiële voordelig gevind om met Babilon saam te werk en die stad se ondergang veroorsaak ook hul eie finansiële ondergang.

Die konings is die eerste om te bevestig dat Babilon in een uur verwoes word.

OPENBARING 18:11-14 AFR53

En die handelaars van die aarde sal ween en rou bedrywe oor haar, omdat niemand hulle koopware meer koop nie, koopware van goud en silwer en edelgesteente en pêrels en fyn linne en purper en sy en skarlaken; en allerhande geurige hout en allerhande voorwerpe van ivoor en allerhande voorwerpe van die kosbaarste hout en van koper en yster en marmer en kaneel en reukwerk en salf en wierook en wyn en olyfolie en fynmeel en koring en grootvee en skape; en van perde en waens en slawe en mensesiele. En die vrugte wat jou siel begeer, het van jou gewyk, en al die blinkende en die skitterende dinge het van jou gewyk, en jy sal dit nooit weer kry nie.

Die handelaars van die aarde is die tweede van die drie groepe mense wat ween en rou oor die stad se ondergang, want hul eie finansiële welstand word beïnvloed. Niemand koop meer hul produkte nie. Wat is die mooi afrikaanse spreekwoord? As die armoede by die voordeur inkom, dan loop die liefde by die agterdeur uit - die handelaars voel die pyn!

‘n Lys van die produkte wat die handelaars nie meer kan verkoop nie word in groepe hier gelys:

- Goud, silwer, edelgesteentes en pêrels,
- Fyn linne en purper en sy en skarlaken,
- Hout, ivoor, koper, yster en marmer,
- Kaneel, reukwerk, salf en wierook,
- Wyn, olyfolie, fynmeel en koring,
- Groot vee, skape, perde en waens,
- Slawe en mensesiele,
- Vrugte wat jou siel begeer en
- Blinkende en skitterende dinge.

OPENBARING 18:15-16 AFR53

Die handelaars in hierdie dinge, wat van haar ryk geword het, sal ver weg staan uit vrees vir haar pyniging, terwyl hulle ween en rou bedrywe en sê: Wee, wee die groot stad wat bekleed was met fyn linne en purper en skarlaken en versierd met goud en edelgesteente en pêrels, omdat in een uur soveel rykdom verwoes is!

Die handelaars van al die verskillende produkte staan ver weg uit vrees vir die stad se pyniging, terwyl hulle ween en rou! Die rouproses is nie net vir die stad nie, maar ook vir hul eie finansies wat daarmee heen is.

Die handelaars bevestig nou vir die tweede keer dat die stad in een uur verwoes word.

Hulle kyk met heimwee na die stad wat bekleed was met fyn linne, purper, skarlaken, goud, edelgesteentes en pêrels. Wee, wee die groot stad, omdat in een uur soveel rykdom en ook hul eie rykdom verwoes is!

OPENBARING 18:17-19 AFR53

En elke stuurman en die hele menigte op die skepe, en die matrose en almal wat die see bevaar, het ver weg gaan staan en het uitgeroep toe hulle die rook van haar verbranding sien, en gesê: Watter stad is soos die groot stad?

En hulle het stof op hul hoofde gegooi en onder geweën en weeklag uitgeroep en gesê: Wee, wee die groot stad waarin almal wat skepe op die see het, deur haar kostelike skatte ryk geword het; want dit is in een uur verwoes!

Die stuurmanne van die skepe, die matrose en almal wat die see bevaar is die derde groep mense wat ween en uitroep omdat Babilon verwoes word. Hulle staan almal ver weg en kyk na die rook wat opstyg uit die verbrande stad.

Hierdie groep het ook ryk geword deur haar kostelike skatte. Hulle gooi nou stof op hul hoofde omdat hul rou en ween want hul rykdom word saam met die stad verwoes.

Die seevaarders bevestig vir die derde keer dat die stad in een uur verwoes word.

OPENBARING 18:20-23a AFR53

Verbly jou oor haar, o hemel, en o heilige apostels en profete, omdat God julle oordeel aan haar voltrek het! En een sterk engel het 'n klip opgetel soos 'n groot meulsteen en dit in die see gegooi en gesê: So, met 'n vaart, sal Babilon, die groot stad, neergegooi word en nooit meer gevind word nie. En die stem van sitterspelers en sangers en fluitspelers en basuinblasers sal nooit meer in jou gehoor word nie, en geen kunstenaar van enige kuns sal ooit weer in jou gevind word nie, en die geluid van die meul sal nooit meer in jou gehoor word nie. En die lig van 'n lamp sal nooit meer in jou skyn nie, en die stem van bruidegom en bruid sal nooit meer in jou gehoor word nie;

Vir die eerste keer in die boek Openbaring word daar aangesê om verheug te wees. Verbly jou oor Babilon want God het julle oordeel aan haar voltrek!

‘n Sterk engel gooi ‘n klip so groot soos ‘n meulsteen met ‘n vaart in die see en sê: So, met ‘n vaart, sal Babilon die groot stad neergegooi word en nooit meer gevind word nie.

Nou gee die engel ‘n lys van goed wat nie meer in die stad gaan plaasvind nie:

- Die stem van sitterspelers en sangers en fluitspelers en basuinspelers sal nooit meer gehoor word nie,
- geen kunstenaar van enige kuns sal gevind word nie,
- die geluid van die meul sal nooit meer gehoor word nie,
- die lig van ‘n lamp sal nie weer skyn nie
- die stem van ‘n bruidegom en bruid sal nooit weer gehoor word nie

OPENBARING 18:23b-24 AFR53

want jou handelaars was die grotes van die aarde; want deur jou towery is al die nasies verlei. En die bloed van profete en heiliges is in haar gevind, en van almal wat op die aarde gedood is.

Babilon die stad wat Satan se hoofstad was, is finaal vernietig.

Die stad wat die grootste handelaars gehad het is vernietig.

Die stad wat al die nasies van wêreld met towery verlei het is vernietig.

Die stad wat gevul was met die bloed van profete en heiliges en van almal wat op die aarde gedood is, is vernietig.

Geval, geval het die groot Babilon!

Openbaring 19



OPENBARING 19:1 AFR53

“En ná hierdie dinge het ek iets soos 'n groot stem van 'n groot menigte in die hemel gehoor wat sê: Halleluja, die heil en die heerlijkheid en die eer en die krag aan die Here onse God!

En na hierdie dinge - na die val van die een wêreld geloof, en die val van Babilon - hoor Johannes 'n groot stem van 'n groot menigte in die hemel. Nie net een stem nie maar die stem van 'n groot menigte wat in die hemel is.

Halleluja! Hierdie hoofstuk open met vier halleluja's in teenstelling met die trane van die vorige hoofstuk omdat die groot stad Babilon vernietig is. Die woord halleluja verskyn 24 keer in die Ou Testament boek Psalms, maar verskyn net 4 keer in die Nuwe Testament, en al vier die kere is in hierdie hoofstuk.

Halleluja bestaan in Hebreeus uit twee woorde.
Hallel = Loof, prys;
uja is die verkorting van Yahweh = Here.
Dus, die betekenis van halleluja = Loof die Here!

Loof die Here, want die heil en die heerlijkheid en die eer en die krag behoort aan die Here onse God!

OPENBARING 19:2 AFR53

Want sy oordele is waaragtig en regverdig; want Hy het die groot hoer geoordeel wat die aarde met haar hoerery verderf het, en Hy het die bloed van sy diensknegte op haar gewreek.

Hoekom? Hoekom moet ons die Here loof?

1. Want Sy oordele is waaragtig en regverdig!
2. Die Here het die groot hoer wat die aarde met haar hoerery verderf het, geoordeel; en
3. Die Here het die bloed van sy diensknegte op haar (die groot hoer) gewreek!

OPENBARING 19:3 AFR53

En vir die tweede maal het hulle gesê: Halleluja! En haar rook gaan op tot in alle ewigheid.

Die tweede halleluja word uitgeroep omdat Babilon vernietig is. Die rook wat opgaan uit die stad beklemtoon dat die stad totaal vernietig is.

Babilon was dwaas, en haar dwaasheid het gelei tot haar oordeel. Kyk na die twee waarskuwings van Jesus.

“En Hy sê vir hulle: Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorfloed van sy besittings nie.” LUKAS 12:15 AFR53

“Maar God het aan hom gesê: Jou dwaas, in hierdie nag sal hulle jou siel van jou afeis; en wat jy gereedgemaak het, wie s'n sal dit wees? So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is in God nie.” LUKAS 12:20-21 AFR53

OPENBARING 19:4 AFR53

En die vier-en-twintig ouderlinge en die vier lewende wesens het neergeval en God aanbid wat op die troon sit, en gesê: Amen, Halleluja!

Die derde halleluja word deur twee groepe uitgeroep, en ons het hulle in hoofstuk 4 ontmoet.

- Die vier en twintig ouderlinge, en
- Die vier lewende wesens.

Hulle almal val neer en aanbid God wat op die troon sit, en sê: Halleluja

OPENBARING 19:5 AFR53

En 'n stem het uit die troon uitgegaan en gesê: Prys onse God, al sy diensknegte, en julle wat Hom vrees, klein en groot!

Die stem wat uit die troon uitgaan gee 'n bevel. Al die diensknegte van God, en almal wat God vrees, klein en groot, moet God prys! Die klem hier is op ALMAL!

Die woord dienskneg in die vers is die Griekse woord douloi en beteken soos die vers hieronder verduidelik, slawe (vrywillige slawe) van Christus. Hierdie is 'n omskrywing van ons as Christene, en net nog 'n bewys dat ons reeds in die hemel is saam met Jesus en voor Jesus se tweede koms.

“Want die slaaf wat in die Here geroep is, is 'n vrygemaakte van die Here; so is ook hy wat as vryman geroep is, 'n slaaf van Christus.” I KORINTHIËRS 7:22 AFR53

OPENBARING 19:6 AFR53

En ek het iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar.

Johannes hoor stemme en geluide in die hemel met die vierde halleluja en dit klink soos:

- die stem van 'n groot menigte,
- die geluid van baie waters, en
- die geluid van sterk donderslae!

In die hemel word verklaar dat die Here God, die Almagtige, Sy koningskap aanvaar!

Hiermee word die profesieë vervul wat deur die Ou Testament profete uitgespreek is, en waarvan hier twee voorbeelde is:

“Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek vir Dawid 'n regverdige Spruit sal verwek, en as Koning sal Hy regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid doen in die land. In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word: DIE HERE ONS GEREKTIGHEID.” JEREMIA 23:5-6 AFR53

“Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevoers —”. JESAJA 9:5 AFR53

OPENBARING 19:7 AFR53

Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak.

Ons word vertel om bly te wees, om ons te verheug en aan Hom, Jesus, heerlikheid te gee. Ons, die kerk, was weggerraap as die bruid van die bruidegom Jesus, maar nou word ons gereed gemaak as die vrou van die Lam.

Om te verstaan wat hier gebeur kyk ons weer na die Joodse huwelik.

- Bruidegom reis na gewenste bruid se huis - Mense leer van Jesus en Sy verlossing
- Huweliksaanbod word aanvaar of verwerp - Mense aanvaar of verwerp Jesus se verlossing.
- Betaal 'n duur prys vir die bruid - Jesus sterf aan die kruis vir ons sondes.
- Huwelikskontrak / wettig afdwingbare kontrak - Wanneer ons Jesus aanvaar word ons die kerk of anders gestel die bruid van Jesus. Die Nuwe Testament is die kontrak.
- Bruidegom keer terug na sy vader se huis om sy eie huis te bou - Jesus vaar op na die hemel na Sy Vader se huis om vir ons 'n plek voor te berei.
- Vader stuur seun terug om bruid te kry wanneer die huis gereed is - God alleen weet wanneer Hy Jesus gaan terugstuur om ons te kom haal.
- Die strooijonker kondig die bruidegom se koms aan - Die stem van die aartsengel en die klank van die basuin
- Die bruid word onmiddelik deur die bruidegom weggevoer na die huis wat hy gebou het - Die kerk / bruid van Jesus word Weggerraap na die plek wat Jesus voorberei het by Sy Vader se huis.
- Die bruidspaar is vir sewe dae in die bruidskamer - Die kerk is in die hemel gedurende die sewe jaar Verdrukking
- Die bruilofsmaal van die Lam vind plaas aan die einde van die sewe dae - Die kerk is teenwoordig vir die bruilof en die bruilofsmaal van die Lam na die sewe jaar Verdrukking.

OPENBARING 19:8 AFR53

En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige daade van die heiliges.

Aan haar, die vrou van die Lam, is gegee klere van rein en blink fyn linne, en die fyn linne is die regverdige daade van die heiliges.

Wat is regverdige daade? Dit is die goeie werke wat ons op aarde gedoen het. Die werke het ons nie in die hemel gekry nie, nee, net geloof in Jesus kan dit doen.

“Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.” EFÉSIËRS 2:8-10 AFR53

Die wat in Jesus glo, is geskape om goeie werke te doen, en dié werke gaan beoordeel word.

“Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad.” II KORINTHIËRS 5:10 AFR53

“Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele; want so het hulle die profete vervolg wat voor julle gewees het.” MATTHÉÛS 5:12 AFR53

OPENBARING 19:9 AFR53

Toe sê hy vir my: Skryf — salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God.

Die engel sê vir Johannes om die waaragtige woorde van God neer te skryf.

Salig of geseënd is die mense wat uitgenooi is na die bruilofsmaal. Ons het reeds bepaal dat die kerk, die bruid is by die bruilofsmaal, so wie is die gaste wat genooi is?

Die gaste, die ander mense wat in die hemel is, maar wat nie die kerk is nie, moet die volgende groepe wees. Die Ou Testament heiliges van Adam tot Johannes die Doper, en die Heiliges wat uit die Verdrukking tydperk kom. Die twee groepe het nog nie hul verheerlikte liggame ontvang nie.

OPENBARING 19:10 AFR53

En ek het voor sy voete neergeval om hom te aanbid; maar hy het vir my gesê: Moenie! Ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God. Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie.

Johannes is so oorweldig deur wat hy sien dat hy neerval voor die engel wat met hom praat om hom te aanbid. Die engel is egter baie gou om Johannes reg te help. Moenie, sê die engel, ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders, en het ook die getuienis van Jesus.

Aanbid God !!!

Jesus deur Sy gees is die bron van die openbaring en die engel is slegs die boodskapper.

OPENBARING 19:11 AFR53

Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.

Johannes sien hoe die hemel oopmaak, en Jesus vertel in Mattheus al vir ons wat die mense op aarde gaan sien. Die aarde gaan donker wees want die son word verduister, die maan het geen glans en die sterre val en dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn.

“En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word. En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid.” MATTHÉÛS 24:29-30 AFR53

Vêrder sien Johannes 'n wit perd. Die tweede wit perd van die boek Openbaring wat vir ons aandui dat die wit perd simbolies is van 'n regeerder. In die begin van die boek was dit Satan, maar nou is dit Hy wat genoem word Getrou en Waaragtig.

Jesaja het in die Ou Testament al geprofeteer oor Jesus se doel met Sy eerste en tweede koms.

Jesus se eerste koms was om 'n blye boodskap te bring, die gebrokenes van hart te help en die gevangenes vry te laat, maar Jesus se tweede koms het heeltemal 'n ander doelwit. Jesus se tweede koms word beskryf as die dag van wraak van onse God om al die treurendes te troos.

“Die Gees van die Here Here is op My, omdat die Here My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis; om uit te roep 'n jaar van die welbehag van die Here en 'n dag van die wraak van onse God; om al die treurendes te troos;”.
JESAJA 61:1-2 AFR53

OPENBARING 19:12 AFR53

En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self.

Johannes gebruik dieselfde omskrywing van Jesus as wat ons in Openbaring 1 gesien het, met Jesus se oë wat lyk soos 'n vuurvlam.

“Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos 'n vuurvlam,”
OPENBARING 1:14 AFR53

Op Jesus se hoof was baie krone. Die krone is diadems (koninklike gesag) en nie stephanos (wedstryd wen) krone nie.

“En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.” MATTHEÛS 28:18 AFR53

Jesus se Naam ken net Hyself, ons word vertel dat niemand die naam ken nie.

OPENBARING 16:12 AFR53

“En die sesde engel het sy skaal uitgegooi op die groot rivier, die Eufraat, en sy water het opgedroog, sodat die pad van die konings wat van die ooste af kom, reggemaak kon word.”

Openbaring 19 gee vir ons Jesus se tweede koms uit 'n hemelse oogpunt. Ek wil net meer inligting gee en kyk wat gebeur terselfdetyd op die aarde. So ons gaan 'n ompad loop deur die boeke van die Bybel en later terugkom na Openbaring hoofstuk 19.

Die sesde skaal droog die Eufraatrivier op en sodoende lok God die Antichris en sy magte om van Babilon in die Ooste, na Jerusalem in die Weste te beweeg, tot by die laagte van Jisreël. Hierdie laagte staan ook bekend as die vallei van Megiddo wat ons nou ken as Armageddon.

Hierdie is die eerste fase van die oorlog van Armageddon.

OPENBARING 18:21 AFR53

“En een sterk engel het 'n klip opgetel soos 'n groot meulsteen en dit in die see gegooi en gesê: So, met 'n vaart, sal Babilon, die groot stad, neergegooi word en nooit meer gevind word nie.”

Terwyl hulle, die Antichris en sy magte, in die Jisreëlvallei versamel is, begin die tweede fase van die oorlog van Armageddon in die stad Babilon.

Na die inval, bring die Here die laaste oordeel oor die stad, en verminder dit tot as en vernietig die indringers. Met die geliefde stad van die Antichris nou in puin, het hy geen ander keuse as om voort te gaan om Jerusalem in te val nie - presies volgens God plan!

DANIËL 11:41 AFR53

“Hy sal ook kom in die Pragtige Land, en baie sal struikel; maar hierdie volke sal uit sy hand vryraak: Edom en Moab en die beste deel van die kinders van Ammon.”

Die volgende fase van Armageddon vind plaas in Israel en Daniël bevestig dat die Antichris die Pragtige Land inval en baie struikel. Ons lees verder dat drie volke uit sy hande gered sal word: Edom, Moab en Ammon.

Hierdie is die antieke name vir ongeveer dieselfde streek, die hedendaagse Jordanië, 'n strook grond oos van die Jordaanrivier wat ook die streek Bosra insluit.

Ons het in Openbaring 12 geleer dat die Jode wat Jesus as Verlosser aanvaar het, beskerming kry gedurende die tweede helfte van die Verdrukking en wel in Bosra, of soos ons dit vandag ken as Petra.

“maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, 'n tyd en tye en 'n halwe tyd.” OPENBARING 12:14 AFR53

SAGARÍA 13:8-9 AFR53

“En in die ganse land, spreek die Here — twee-derdes sal daarin uitgeroei word, sal sterwe, maar een-derde daarin oorbly. Dan sal Ek die derde deel in die vuur bring en hulle smelt soos 'n mens silwer smelt en hulle toets soos 'n mens goud toets. Hulle sal my Naam aanroep, en Ek sal hulle verhoor. Ek sê: Dit is my volk! En hulle sal sê: Die Here, my God!”

Die laaste van die ongelowige Jode op aarde is in Jerusalem, en met die Antichris se inval in Jerusalem, word twee derdes van die Joodse volk uitgeroei. Hierdie is die tyd wat genoem word die benoudheid vir Jakob of in engels ‘the time of Jacob’s trouble’

“Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word.” JEREMIA 30:7 AFR53

Die derde van die volk wat oorbly word deur God getoets soos ‘n mens goud toets en hulle aanvaar Jesus, elkeen individueel en almal as ‘n nasie, net soos Sagaria in die Ou Testament geprofeteer het.

“Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smeking; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos 'n mens rouklaag oor 'n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind.” SAGARÍA 12:10 AFR53

ROMEINE 11:25-27 AFR53

“Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het; en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend; en dit is van my kant die verbond met hulle as Ek hulle sondes wegneem.”

Paulus leer vir ons in die vers ‘n verborgenheid of ‘n geheim wat nie voorheen bekend was nie. Hy leer dit vir ons sodat ons nie eiewys mag wees nie. Israel se verharding om Jesus nie as Verlosser te aanvaar nie, is net daar vir ‘n tydperk. Die tydperk kom tot ‘n einde wanneer die volheid van die heidene ingegaan het.

Wat sou dit beteken? Tien dae na Jesus opgevaar het na die hemel is die Heilige Gees uitgestort en ‘n nuwe groep mense het uit die heidene ontstaan, naamlik die Christene of die kerk.

Die kerk is dus die 'heidene' waarvan Paulus hier praat - in Engels klink dit beter want daar word na ons verwys as Gentiles.

Die volheid van die heidene gebeur wanner die laaste heiden persoon op aarde Jesus as Verlosser aanvaar, en ons dan weggeraap word. Dan sal die hele Israel gered word. Wanneer Israel as 'n nasie dus Jesus as Verlosser aanvaar, dan sal Jesus vir die tweede keer terugkom en die goddelooshede van Jakob afwend, of anders gestel Sy volk Israel kom red.

MIGA 2:12-13 AFR53

“Gewis sal Ek jou geheel en al versamel, o Jakob! Gewis sal Ek vergader die oorblyfsel van Israel; almal bymekaarbring soos skape in 'n kraal, soos 'n kudde in sy weiveld; en dit sal dreun van mense. Die deurbreker sal optrek voor hulle uit: hulle sal deurbreek en deur die poort intrek en daardeur uittrek; en hulle koning sal voor hulle uit gaan, en die Here heeltemal vooraan.”

Net soos die Israeliete van ouds wat uit Egipteland uit die slawehuis uitgetrek het en in die woestyn geskuil het terwyl God gesorg het vir manna uit die hemel, so gaan God weer Sy volk op arendsvlerke na die woestyn bring om vir hulle te sorg vir 'n tydperk van tyd, tye en 'n halwe tyd. Ons weet nou die plek waar God se volk gaan skuil is die dorp Petra (Bosra) in die suide van Jordanië.

Miga vers 13 gee nou vir ons wat gebeur met die gelowige Jode aan die einde van die Verdrukking. Die deurbreker (Jesus) sal voor hulle optrek en deur die poort (van Petra), eers intrek (in die middel van die Verdrukking) en dan daardeur trek met Jesus se tweede koms. Hulle koning (Jesus) sal voor hulle uitgaan, en die Here heeltemal vooraan.

OPENBARING 19:13 AFR53

En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God.

Jesus is bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop is. Hierdie is nie die bloed van Jesus se kruis nie, nee, hierdie is die bloed van Jesus se vyande. Jesaja verduidelik vir ons in hoofstuk 63 wat gebeur. Met Jesus se tweede koms is Sy eerste stop in Bosra (Petra) waar Sy volk (die Joodse volk) beskerm word, en Jesus se oordeel begin hier. Van hier af is Jesus se volgende stop, Jerusalem.

“Wie is dit wat daar aankom uit Edom, met bloedrooi klere uit Bosra? Hy daar, pragtig in sy gewaad, wat agteroor buig in die volheid van sy krag? Dit is Ek wat in geregtigheid spreek, wat magtig is om te verlos. Waarom is u gewaad so rooi, en u klere soos dié van een wat die wynpers trap? Ek het die pers alleen getrap, en van die volke was niemand by My nie; en Ek het hulle getrap in my toorn en hulle vertrap in my grimmigheid, sodat hulle lewensap op my klere gespat en Ek my hele gewaad bevlek het. Want die dag van wraak was in my hart, en die jaar van my verlossing het gekom. ” JESAJA 63:1-4 AFR53

Alhoewel Jesus 'n nuwe naam kry wat niemand ken nie, sal Hy nog steeds genoem word: Die Woord van God.

OPENBARING 19:14 AFR53

En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne.

Die leërs in die hemel bekleed met wit en rein fyn linne, volg Jesus op wit perde. Wie is die weermag wat bekleed is met wit en fyn linne. Ons het in vers 8 gesien dat die vrou van Jesus wat vir die bruilofsmaal gereed gemaak is die wit en rein fyn linne dra. Vêrder het ons bepaal dat dié groep die kerk is wat weggeraap is.

Hier dus kom Jesus, nie in die lug om Sy mense te kom haal nie, maar Jesus kom terug aarde toe gevolg deur Sy leër, om Sy vyande te oorwin.

Ons vergesel ons Verlosser en Koning in sy triomfantelike terugkeer om te regeer, en hoewel ons 'n leër genoem word, neem ons nie deel aan die geveg nie.

OPENBARING 19:15 AFR53

En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige.

Jesus kom terug aarde toe, voorbereid vir die geveg en om as Koning te regeer. Heeltemal die teenoorgestelde van Sy eerste koms waar Sy doelwit was om redding te verkondig en om barmhartigheid en vergifnis te betoon. Jesus se wederkoms sal wees om te oordeel en om te regeer.

“..... maar Hy sal die aarde slaan met die roede van sy mond en met die asem van sy lippe die goddelose doodmaak.” JESAJA 11:4b AFR53

“en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdag en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak,” II THESSALONICENSE 2:8 AFR53

“U sal hulle verpletter met 'n ysterstaf, U sal hulle stukkend slaan soos 'n erdepot.” PSALMS 2:9 AFR53

OPENBARING 19:16 AFR53

En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here.

Jesaja gee vir ons 'n profesie wat begin by Jesus se geboorte en eindig by Jesus se Koningskap, alles vervat in een klein sin.

“Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevoers —”. JESAJA 9:5 AFR53

Niemand op die aarde of in die hemel sal ooit weer Jesus se heerskappy betwis nie, want alle gesag sal voor Hom neerbuig.

“Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.” FILIPPENSE 2:9-11 AFR53

Jesus sit op Sy wit perd, en almal sien Hom in die geopende hemel, en vêrder sien hulle die woorde op Sy klere: Koning van konings en die Here van die here!

SAGARÍA 14:2-3 AFR53

“Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem; en die stad sal ingeneem en die huise geplunder en die vroue onteer word, en die helfte van die stad sal uitgaan in ballingskap; maar die orige deel van die bevolking sal nie uit die stad uitgeroei word nie. En die Here sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog.”

Hierdie vers gee vir ons ‘n beknopte opsomming om die groot prentjie te sien uit Jerusalem se oogpunt.

- Die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem.
- die stad (Jerusalem) word ingeneem, die huise word geplunder, en die vroue word onteer.
- die helfte van die stad sal uitgaan in ballingskap (die gelowige Jode wat in Petra skuil)
- die orige gedeelte van die bevolking sal nie uitgeroei word nie (die ongelowige Jode wat agterbly)

Die orige gedeelte of anders gestel, die hele Israel, aanvaar Jesus as Verlosser en roep uit na Jesus om hulle te kom red!

“en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend;”. ROMEINE 11:26 AFR53

Nadat Jesus in Petra die gelowige Jode versamel het, is Sy volgende stop Jerusalem om die stryd te voer teen die nasies - die dag van die oorlog het aanbreek!

SAGARÍA 14:4-5 AFR53

“En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeel gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide. En julle sal vlug in die dal van my berge — want die dal van die berge sal loop tot by Asal — en julle sal vlug soos julle gevlug het vir die aardbewing in die dae van Ussía, die koning van Juda. Dan sal die Here my God kom, al die heiliges met U!”

Jesus arriveer in Jerusalem saam met al die heiliges en staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê. Ons het nou vir Jesus aan die ooste, die Antichris aan die weste en Jerusalem in die middel tussen hulle.

Jesus verander nou die landskap met ‘n aardbewing en die Olyfberg skeur middeldeel, die een helfte noorwaards en die ander helfte suidwaarts met ‘n dal wat tussenin vorm.

Dan sal die Jode in Jerusalem vlug in die dal wat gevorm is in die rigting van Jesus in die ooste. Hierdie laat ons terugdink aan Moses toe hy die water gekloof het om na links en na regs oop te maak sodat die Israëliete veilig kon deurbeweeg.

OPENBARING 19:17 AFR53

En ek het een engel sien staan in die son; en hy het met 'n groot stem uitgeroep en vir al die voëls gesê wat in die middel van die lug vlieg: Kom hierheen en versamel julle tot die maaltyd van die grote God,

Johannes sien ‘n engel wat in die son staan. Uit ‘n hemelse oogpunt kyk ons nou af op wat op die aarde gebeur. Die engel roep al die voëls in die middel van die lug om hulle te versamel.

Hulle moet versamel want daar wag ‘n groot maaltyd vir hulle, ‘n maaltyd wat deur God voorberei gaan word.

Esegiel het ook die maaltyd vooruit gesien.

“En jy, mensekind, so spreek die Here Here: Sê vir die voëls van allerhande vere en vir al die wilde diere van die veld: Kom bymekaar en kom aan, versamel julle van alle kante by my slagoffer wat Ek vir julle slag, 'n groot slagoffer op die berge van Israel; en eet vlees en drink bloed! Vlees van die helde sal julle eet en bloed van die vorste van die aarde drink — ramme, lammers en bokke en stiere, vetgemaakte diere van Basan almal saam — vet sal julle eet totdat julle versadig is, en bloed drink totdat julle dronk is, van my slagoffer wat Ek vir julle geslag het.” ESÉGIËL 39:17-19 AFR53

OPENBARING 19:18 AFR53

dat julle kan eet die vlees van konings en die vlees van owerstes oor duisend en die vlees van sterkes en die vlees van perde en van die wat daarop sit, en die vlees van almal, vrymense sowel as slawe, klein sowel as groot.

Die maaltyd se spyskaart word mooi uiteengesit.

Die voëls se maaltyd bestaan uit die vlees van die volgende:

- konings
- owerstes oor duisend
- sterkes
- perde en die wat daarop sit
- almal, vrymense sowel as slawe
- klein sowel as groot.

OPENBARING 19:19 AFR53

En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër.

Die mense wie se vlees deel gaan uitmaak van die voëls se spyskaart is almal versamel om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit en teen Sy leër.

Johannes sien die dier, die konings van die aarde en hulle leërs wat gereed is om oorlog te voer teen Jesus en Sy leërs.

OPENBARING 19:20 AFR53

En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand.

Die dier en die valse profeet, twee van die onheilige drie-enigheid, word gevange geneem.

Die valse profeet is die een wat tekens in die teenwoordigheid van die dier gedoen het. Hierdie tekens het die mense wat die dier se merk gekry het verlei en die mense daartoe gelei om die dier se beeld te aanbid.

Die dier en die valse profeet se beloning vir hul onheilige werk is om lewend in die vuurpoel gegooi te word waar hul tot in alle ewigheid met swawel verbrand en gepynig gaan word.

“En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.”
OPENBARING 20:10 AFR53

OPENBARING 19:21 AFR53

En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees.”

Die ander, die wat saam kom oorlog voer het, is gedood met die swaard wat uit Jesus se mond uitgaan, en die voëls is versadig geëet aan hul vlees.

“Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.” HEBREËRS 4:12 AFR53

“en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdag en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak, hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen” II THESSALONICENSE 2:8-9 AFR53

Openbaring 20



OPENBARING 20:1 AFR53

En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand.

Johannes sien 'n engel wat uit die hemel neerdaal, en die engel het 'n sleutel en 'n groot ketting in sy hand. Hierdie sleutel is vir die slot van die afgrond of in Engels 'the bottomless pit' en in Grieks 'abyssos'.

Hierdie afgrond is nie die hel of die doderyk nie, hoewel dit soortgelyk is. Dit is 'n plek in die dieptes van die aarde waar God die demone gevange hou tot en met die dag van hul oordeel. Op 'n toekomstige punt sal die afgrond leeggemaak word en alle demone sal hul finale oordeel in die poel van vuur kry.

OPENBARING 20:2 AFR53

En hy het die draak gegryp — die ou slang wat die duiwel en die Satan is — en hy het hom gebind duisend jaar lank,

In die vorige hoofstuk is die dier en die valse profeet lewend in die vuurpoel gegooi waar hul tot in alle ewigheid met swawel verbrand en gepynig gaan word.

Nou gaan ons sien wat gebeur met die draak, of die ou slang van die tuin van Eden, of anders gestel die Satan wat die derde entiteit van die onheilige drie-enigheid is.

Die vers vertel vir ons dat Satan gebind gaan word vir een duisend jaar, en hierdie is 'n letterlike 1000 jaar.

OPENBARING 20:3 AFR53

en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word.

Die Satan word bietjie anders hanteer as die dier en die valse profeet, want daar is nog 'n taak wat op hom wag na die duidend jaar wat hy gebind was.

Maar, vir eers word hy in die afgrond gewerp, of in die 'bottomless pit' ingegooi, en dan word die afgrond toegesluit en verseël sodat hy nie kan ontsnap om die nasies te verlei nie.

Met die Satan wat nou vir 'n duidend jaar gebind is, gaan ons weereens wegstap van Openbaring en kyk wat die res van die Bybel vir ons leer oor hierdie letterlike duisend jaar tydperk.

Millenium se betekenis: mille - latyn vir duisend; annum - latyn vir jaar; dus duisend jaar!
Die millenium is 'n letterlike periode van 'n duisend jaar wat geskeduleer is vir die toekoms, na Jesus se tweede koms aan die einde van ons geskiedenis om Sy ewige koninkryk op te rig.

JESAJA 9:5-6 AFR53 - Watter inligting gee die Bybel oor die Millenium tydperk!

“Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors — tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die Here van die leërske sal dit doen.”

Jesaja 9 gee vir ons 'n profesie wat met Jesus se eerste en tweede koms vervul word.

Die eerste vervulling (blou gemerk) is ons Kersfees verhaal - 'n Kind is vir ons gebore!

Die tweede vervulling (rooi gemerk) gaan vir ons 'n Koning gee wat vir ewig oor Sy koninkryk, die ganse wêreld gaan regeer! Die Seun Jesus wat ook genoem word Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors!

SAGARÍA 14:10 AFR53

“Die hele land sal soos die Vlake word, van Geba tot by Rimmon, suid van Jerusalem; maar Jerusalem self sal hoog wees en woon op sy plek, van die poort van Benjamin af tot by die plek van die vorige poort, tot by die Hoekpoort, en van die toring Hanáneël tot by die parskupe van die koning.”

Ons het reeds gesien dat 'n aarbewing plaasvind met Jesus se tweede koms wat die topografie van Jerusalem radikaal gaan verander.

Sagaria gee meer detail van hoe dit na die aardbewing gaan lyk - die hele land suid van Jerusalem gaan soos 'n vlakte word, maar Jerusalem self sal hoog wees.

JESAJA 2:1-2 AFR53

“Die woord wat Jesaja, die seun van Amos, gesien het met betrekking tot Juda en Jerusalem. En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die Here vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom.”

Jesaja vertel dat die huis van die Here of die tempel aan die einde van dae sal vasstaan op die berg in Jerusalem. 'n Berg hoër as al die ander berge en heuwels en al die nasies sal daarheen stroom.

JESAJA 11:9-10 AFR53

“Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die Here soos die waters die seabodem oordek. En in dié dag sal die nasies vra na die wortel van Ísai, wat daar staan as 'n banier van die volke, en sy rusplek sal heerlik wees.”

Die nasies sal vra na koning Jesus (die wortel van Isai) en niemand sal die tempel wat op die berg staan kwaad aandoen of vernietig nie, en die aarde sal vol wees van die kennis van die Here net soos die waters die seabodem oordek.

JEREMIA 30:9 AFR53

“Maar hulle sal die Here hulle God dien en hulle koning Dawid wat Ek vir hulle sal verwek.”

Israel sal God alleen dien en Dawid sal sy plek as koning van Israel inneem.

“En Ek sal een enkele herder oor hulle verwek, en hy sal hulle laat wei, naamlik my kneg Dawid; hy sal hulle laat wei, en hy sal vir hulle 'n herder wees. En Ek, die Here, Ek sal vir hulle 'n God wees, en my kneg Dawid 'n vors in hulle midde. Ek, die Here, het dit gespreek.” ESÉGIËL 34:23-24 AFR53

JESAJA 2:3 - 4 AFR53

“En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die Here, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die Here uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspraak oor baie volke en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie.”

Jerusalem is die hoofstad waar die regsbank van God gesetel is, want van daar sal die wet en die Woord van God uitgaan, en die volke sal daarheen gaan om die weë van God te leer.

Daar sal geen oorlog meer wees nie, nasies sal in vrede met mekaar leef. Swaarde sal in pikke verander en spiese in snoeimesse.

JESAJA 65:20 AFR53

“Daarvandaan sal nie meer kom 'n suigling van 'n paar dae of 'n grysaard wat sy dae nie vol uitlewe nie; want 'n seun sal sterwe honderd jaar oud, en wie sondig, sal, honderd jaar oud, deur die vloek getref word.”

Ouderdomme vir die persone in hul menslike liggame gaan nie meer gemeet word soos ons dit nou ken nie. Honderd jaar word as jonk gesien, so mense wat gebore word (van persone in hul menslike liggame) in die millenium kan honderde jare oud word.

Daar is ongelukkig nog steeds mense wat sondig in die millenium en op die jong leeftyd van 100 jaar sal hul deur die vloek getref word.

Vier groepe mense sal in die millenium teenwoordig wees.

A: Persone wat in hul verheerlikte liggame teenwoordig gaan wees.

1. Die Ou Testament gelowiges.
2. Die Christene wat voor die Groot Verdukking weggeraap is - die wat reeds dood is en die wat op daardie stadium gelewe het.
3. Martelare wat gedurende die Groot Verdukking gesterf het.

B: Persone wat in hul menslike liggame teenwoordig gaan wees.

4. Persone wat Jesus as Verlosser aanvaar het tydens die Groot Verdrukking en wat nog lewe met Jesus se tweede koms.

JESAJA 65:21-22, 25 AFR53

“En hulle sal huise bou en bewoon, en wingerde plant en die vrug daarvan eet: hulle sal nie bou dat 'n ander dit bewoon nie; hulle sal nie plant dat 'n ander dit eet nie; want die dae van my volk sal wees soos die dae van die bome, en my uitverkorenes sal die werk van hulle hande self geniet.”

“Die wolf en die lam sal saam wei, en die leeu sal strooi eet soos 'n bees, en stof sal die voedsel van die slang wees; hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie, sê die Here.”

Die mense sal elk hul eie huise bou en bewoon, en hul eie wingerde plant en hul eie vrugte eet, hulle gaan nie plant dat ander kan eet nie.

Diere sal in vrede met mekaar leef, en nie meer mekaar eet nie. Die wolf en die lam sal saam wei en selfs die kinders sal die leeus en vetgemaakte vee saam aanjaag.

“Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja. Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os;” JESAJA 11:6-7 AFR53

“en die suigling speel by die gat van 'n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basilisk.” JESAJA 11:8 AFR53

MATTHÉÛS 6:9-10 AFR53

“Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;”.

DANIËL 2:44 AFR53

“Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan —”.

Wanneer ons die Onse Vader bid, dan vra ons dat Jesus se koninkryk moet kom - dit is die koninkryk wat in die millenium begin en dan vir ewig voortduur!

Daniel vertel vir Nebukadneser wat sy droom beteken - die laaste deel van die droom se uitleg wys dat God 'n koninkryk gaan oprig wat nooit vernietig gaan word nie. Die koninkryk sal nie deur 'n ander vervang word nie, en sal vir altyd bestaan. Dié koninkryk begin die millenium tydperk.

OPENBARING 20:4 AFR53

En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank.

Johannes sien trone en hulle sit daarop, en aan hulle is die oordeel gegee. Wie is die 'hulle' wat op die trone sit. Hierdie is dieselfde siele wat Johannes in Openbaring 6 onder die altaar gesien het, wat nou voltallig is, en hulle het die volgende kenmerke:

- die siele is onthoof oor hul getuienis van Jesus en oor die Woord van God,
- hulle het die dier en sy beeld nie aanbid nie, en
- hulle het NIE die dier se merk op hul voorhof of op hul hand ontvang NIE.

“En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het. En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie? En aan elkeen van hulle is wit klere gegee; en aan hulle is gesê dat hulle nog 'n klein tydjie moes rus totdat ook hulle medediensknegte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees.” OPENBARING 6:9-11 AFR53

Hierdie siele, die mense wat in die Verdrukking gedood is, leef en regeer as konings (daarom die trone) saam met Christus vir een duisend jaar.

OPENBARING 20:5 AFR53

En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding.

Johannes sien in die vorige vers die siele wat in die Verdrukking gesterf het, en nou in die vers sê Johannes die ander dode herlewe eers aan die einde van die millenium.

Deur 'n proses van eliminasië verwys die "ander dode" slegs na die ongelowiges. Die ongelowiges se opstanding is dus eers aan die einde van die millenium.

“En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik.” DANIËL 12:2 AFR53

Die 'eerste opstanding' sluit diegene in wat tydens die wegraping opgewek word tesame met hierdie Verdrukking gelowiges, tot die ewige lewe. Diegene wat deel uitmaak van die 'tweede opstanding' of die 'ander dode' soos die vers vertel, het slegs oordeel wat wag.

OPENBARING 20:6 AFR53

Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.

Die vers sê salig of geseënd en heilig is hulle wat deel het aan die eerste opstanding, want hulle sal almal saam met Jesus regeer as konings vir 'n duisend jaar en hulle sal ook priesters van God en van Christus wees.

Die tweede dood het nie mag oor hulle wat in die eerste opstanding is nie.

Die eerste dood gebeur met almal, hetsy gelowig of ongelowig. Die fisiese dood verteenwoordig die skeiding van liggaam en siel. Die tweede dood is egter net vir die ongelowiges en is 'n geestelike dood waar jou siel vir ewig van God geskei word. Die tweede dood gebeur aan die einde van die duisend jaar tydperk.

anastasei: "om op te staan"; 'n liggaamlike opstanding. Die trone is letterlik; die martelare is letterlik; Jesus is letterlik; die opstanding is letterlik; die duisend jaar is letterlik.

"Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling." JOHANNES 5:28-29 AFR53

"en 'n hoop op God het, 'n hoop wat hulle self ook verwag, dat daar 'n opstanding sal wees van die dode, regverdiges sowel as onregverdiges." HANDELINGE 24:15 AFR53

OPENBARING 20:7 AFR53

En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word;

Aan die einde van die millenium of aan die einde van die duisend jaar van vrede, gaan die Satan uit sy gevangenis losgelaat word.

Hoekom? Sy vrylating is nie bedoel om te sien of tronkstraf hom hervorm het nie, want dit kan nie gebeur nie. Satan se vrylating word gedoen om te sien of die mense wat gedurende die millennium gebore word, hul harte ten volle vir Jesus gee.

Die millennium is 'n tydperk van vrede en oorvloed, maar dit maak nie dat mense nou sommer hul harte vir koning Jesus gaan gee nie. 'n Volmaakte omgewing waarborg nie 'n perfekte verhouding met God nie, ons het dit gesien met Adam en Eva wat in 'n perfekte omgewing gewoon het en nog steeds gesondig het.

OPENBARING 20:8 AFR53

en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see.

Satan se hoofdoel, selfs aan die einde van die millenium, bly om die nasies te verlei en hy gaan uit na die vier hoeke van die aarde om mense te versamel vir sy finale oorlog.

Die Gog en Magog hier moet nie verwar word met Ezeziel 38-39 se oorlog wat van die noorde af kom en voor Jesus se tweede koms plaasvind nie.

Ongelukkig is daar selfs in die millenium baie mense wat hul rug op God draai, want die getal mense wat die Satan versamel is so baie soos die sand van die see.

OPENBARING 20:9 AFR53

En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind.

Die duisende mense wat so veel is as die sand van die see kom in hul massas op oor die breedte van die aarde. Hul hoofdoel is om die laer van die heiliges en die geliefde stad (Jerusalem) te omsingel vir hul oorlog.

En 'n oorlog is presies wat hulle kry, maar nie soos hulle dit voorgestel het nie. Die oorlog wis Satan se navolgers uit in die tweede helfte van 'n kort sin met die woorde: die vuur van God daal uit die hemel neer en verslind hulle - net so!

OPENBARING 20:10 AFR53

En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.

Die duiwel, of die Satan wat al die mense verlei het, wat gebeur met hom nadat al sy navolgers met vuur verslind is?

Hy word in die poel van vuur en swawel gewerp waar sy twee vriende die dier en die valse profeet op hom wag. Nou is al drie entiteite van die onheilige drie-enigheid waar hul moet wees, naamlik in die poel van vuur en swawel. In Engels noem hulle die plek: the lake of fire!

Die drie word van hier af tot in alle ewigheid dag en nag gepynig !!!

OPENBARING 20:11 AFR53

En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie.

Johannes sien 'n groot wit troon met Jesus wat daarop sit. Jesus is deur Sy Vader aangestel om die oordeel uit te voer.

“Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee,” JOHANNES 5:22 AFR53

“En Hy het ons bevel gegee om aan die volk te verkondig en met krag te betuig dat dit Hy is wat deur God bestem is as Regter van lewende en dode.” HANDELINGE 10:42 AFR53

Die groot wit troon moet nie verwar word met die Regterstoel van Christus nie.

“Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad.” II KORINTHIËRS 5:10 AFR53

Gelowiges word beoordeel na die Wegrapping, gedurende die sewe jaar Verdrukking en voor die Millenium. Elke gelowige sal belonings ontvang volgens wat hy of sy tydens sy aardse lewe gedoen het, of dit goed was of kwaad.

“Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.” ROMEINE 8:1 AFR53

OPENBARING 20:12 AFR53

En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.

Johannes sien die dode, klein en groot, voor God staan. Alle ongelowiges, klein en groot, van die begin tot die einde van tyd, staan nou voor God. Johannes sien ook die boeke (meervoud) wat geopen is en hy noem spesifiek die boek van die lewe. Dit is die boek waar al die gelowiges se name ingeskryf is.

“Ja, ek vra jou ook, getroue medewerker, wees hierdie vroue behulpsaam. Hulle het saam met my die stryd gevoer in diens van die evangelie, net soos Klemens ook en my ander medewerkers, wie se name in die boek van die lewe staan.” FILIPPENSE 4:3 AFR83

‘n Christen word nie op sy werke geoordeel nie. Die Bybel leer ons: uit genade is ons gered, deur geloof, die redding is ‘n gawe van God. Ons werke gaan slegs vir ons verskillende krone beteken wanneer ons reeds in die hemel is.

“Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God.” EFESIËRS 2:8 AFR83

Ongelowiges aan die ander kant kry nie Jesus se genade nie, maar hulle word geoordeel volgens hul werke wat in die boeke opgeskryf is.

OPENBARING 20:13 AFR53

En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke.

Waar kom al die dode vandaan wat Johannes sien? Waar was hul al die tyd? Eers moet ons kyk wat gebeur wanneer ‘n persoon sterf. ‘n Mens bestaan uit ‘n gees, ‘n siel en ‘n liggaam. Ons gees en siel leef vir ewig, terwyl ons liggaam tydelik en sterflik is. Wanneer ons sterf, sterf ons liggaam en keer na stof terug, maar ons siel en gees leef voort in een van twee toestande.

Vir heiliges is die bestemming van ons siel troos, en die presiese ligging wissel afhangende van wanneer ons in die geskiedenis gesterf het. Voor Christus het gelowiges na Abraham se Boesem gegaan om op die Messias se koms te wag. Nadat Christus gesterf het en die gevangenes vrygelaat het, gaan die siel van ‘n gelowige direk hemel toe om by Jesus te wees.

In die eerste opstanding ontvang gelowiges van alle tye nuwe liggame en is hulle vir ewig by Jesus, maar vir ongelowiges was en is die bestemming van hul siel nog altyd dieselfde plek: marteling in die doderyk (of die hel), gevolg deur die poel van vuur.

In vers 13 kry ons die plekke waar hierdie dooies opgewek sal word. Die dood en die doderyk gee hul dode wat elke ongelowige persoon sedert Kain se tyd verteenwoordig.

Die see gee ook sy dooies op, en dit is die plek (die afgrond) waar die demone of goddelose engele opgesluit word. Die afgrond is vir demone gereserveer, maar die dood en die doderyk is gereserveer vir mense.

Elkeen van die dode word geoordeel, elkeen volgens sy werke.

OPENBARING 20:14 AFR53

En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood.

Nadat die dode wat van die dood en doderyk kom geoordeel is, word elkeen in die poel van vuur gewerp om vir ewig saam met die Satan, die dier en valse profeet gepynig te word.

Dit is die tweede dood, wanneer jou siel van God geskei word!

OPENBARING 20:15 AFR53

En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.

Die mense wie se name nie in die boek van die lewe is nie, hulle eindbestemming is die poel van vuur.

“Laat hulle uitgedelg word uit die boek van die lewe en nie saam met die regverdiges opgeskrywe word nie.” PSALMS 69:29 AFR53

“Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie. En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liever gehad as die lig; want hulle werke was boos.” JOHANNES 3:18-19 AFR53

Openbaring 21



OPENBARING 21:1 AFR53

En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie.

Johannes sien 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan. Die eerste verskil tussen die oue en die nuwe, is dat die nuwe nie 'n see het nie.

Ons is gewaarsku dat die aarde soos ons dit ken sal vergaan.

“en: U, o Here, het in die begin die aarde gegrondves en die hemele is werke van u hande. Hulle sal vergaan, maar U bly; en hulle sal almal soos 'n kleed verslyt,” HEBREËRS 1:10-11 AFR53

“Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie.” MATTHÉÛS 24:35 AFR53

“Want kyk, Ek skep nuwe hemele en 'n nuwe aarde, en aan die vorige dinge sal nie gedink word en hulle sal in die hart nie opkom nie.” JESAJA 65:17 AFR53

OPENBARING 21:2 AFR53

En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is.

Johannes sien die heilige stad, die nuwe Jerusalem wat van God uit die hemel neerdaal.

“Want hy het die stad verwag wat fundamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is.

Maar nou verlang hulle na 'n beter een, dit is 'n hemelse. Daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle 'n stad berei.” HEBREËRS 11:10, 16 AFR53

Almal op aarde sal die klaargeboude stad sien neerdaal uit die hemel. Net soos 'n bruidegom vir die eerste keer sy bruid sien afstap in die kerk, so sal die mense die stad sien wat uit die hemel neerdaal.

OPENBARING 21:3 AFR53

En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.

'n Stem sê vir Johannes dat die tabernakel van God by die mense is, en God sal by hulle woon. Dit verduidelik vir ons die tabernakel en die tempels wat deur die eeue heen gebou is.

God met ons!

Omdat sonde die mens van God geskei het, het God die tempel gebruik om by Sy mense te woon.

Kom ons kyk na die tempels deur die geskiedenis terug en in die toekoms.

Moses se tabernakel: God self is teenwoordig in die tabernakel deur die wolkkolom bedags en die vuurkolom snags vir die veertig jaar wat die Israeliete in die woestyn getrek het.

Die **1ste tempel** (Salomo se tempel): Die heerlikheid van God het die tempel gevul op die dag wat die tempel ingehuldig is.

Die **2de tempel** (Herodus se tempel): Die heerlikheid van God was nooit in die tempel teenwoordig nie, maar Jesus self het Sy lewe lank 'n nou verbintenis met die tempel gehad.

Ek is 'n tempel van God: Jesus het vir Sy dissipels gesê hulle moet wag vir die Helper. Tien dae na Jesus se hemelvaart kom die Helper, die Heilige Gees en vul Jesus se volgelinge. Die heerlikheid van God is dus in elkeen van ons wat Jesus as Verlosser aanvaar!

Die **3de tempel** (Groot Verdrukking tempel): Ek weet nie of die heerlikheid van God in die tempel gaan wees nie. Indien die verbondsark gevind word, is dit moontlik dat die heerlikheid van God vir die eerste 3,5 jaar wel teenwoordig sal wees. Wat ons wel weet is dat Satan in die helfte van die sewe jaar Verdrukking homself in die tempel as god gaan verklaar.

Millenium tempel: Die heerlikheid van God kom deur die poort aan die oostekant van die tempel in en klink soos die geruis van baie waters. Esegël staan in die voorhof van die tempel en sien hoe die heerlikheid van die Here die tempel vul.

OPENBARING 21:4 AFR53

En God sal al die tranen afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweene en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.

Die nuwe aarde is gereinig van sonde en al die gevolge van die sonde - alles is nou in 'n perfekte toestand herstel.

Al die negatiewe gevolge van Adam se sonde en die gevolglike vloede is nou reggestel. Daar is nou geen tranen, geen dood, geen rou, geen huil, geen pyn ... alles wat bestaan het as gevolg van sonde was nie deel van God se perfekte skepping nie.

OPENBARING 21:5 AFR53

En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar.

Hy wat op die troon sit praat met Johannes. Die Hy wat praat is Jesus, en Hy sê vir Johannes om die woorde neer te skryf want die woorde is waaragtig en betroubaar.

Die Engelse KJV vertaal die woorde waaragtig en betroubaar as: true and faithful.

Waaragtig - die volle waarheid.
Betroubaar - kan vertrou daarop.

Jesus bevestig hier dat Hy alles nuut maak. Uit met die ou en in met die nuut, en dit is die waarheid waarop ons kan vertrou!

OPENBARING 21:6 AFR53

En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet.

Jesus sê vêrder vir Johannes: Dit is verby!

- die sonde van die wêreld is verby
- die strawwe van Openbaring is verby
- hartseer, verdriet, pyn is verby.....

Jesus bevestig weer soos in Openbaring hoofstuk 1 dat Hy die Alfa en die Omega is, wat beteken die begin en die einde! In hoofstuk 1 moes Johannes skryf wat hy gaan sien, en nou bevestig Jesus dat dit wat hy gesien het, verby is.

“Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.” OPENBARING 1:8 AFR53

“wat sê: Ek is die Alfa en die Oméga, die eerste en die laaste, en skryf wat jy sien in 'n boek en stuur dit na die sewe gemeentes wat in Asië is: na Éfese en Smirna en Pérgamus en Thiatíre en Sardis en Filadelfía en Laodicéa.” OPENBARING 1:11 AFR53

Jesus bevestig vêrder wat Hy deur Sy lewe op aarde vir ons geleer het. Hy gee vir die wat dors het, water uit die fontein van die water van die lewe, en dit wat Hy gee is gratis en verniet.

“maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe.” JOHANNES 4:14 AFR53

OPENBARING 21:7 AFR53

Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees.

Oorwinnaars, die wat Jesus as Verlosser aanvaar het, sal ALLES erf, en God sal met hulle wees en hulle sal seuns van God wees! In die begin van Openbaring kry elkeen van die kerke se oorwinnaars ook 'n beloning.

Efese: Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne-in die paradys van God is.” OPENBARING 2:7 AFR53

Smirna: Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie.” OPENBARING 2:11 AFR53

Pergamus: Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge manna, en Ek sal hom gee 'n wit keursteen, en op dié steen 'n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang.” OPENBARING 2:17 AFR53

Thiatire: “En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee,” OPENBARING 2:26 AFR53

Sardis: “Wie oorwin, sal bekleed word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele.” OPENBARING 3:5 AFR53

Filadelfia: “Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam.” OPENBARING 3:12 AFR53

Laodicea: “Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het.” OPENBARING 3:21 AFR53

OPENBARING 21:8 AFR53

Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars — hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.

Maar, die verloorders, die wat Jesus verwerp het, hulle beloning is die poel van vuur om te brand met vuur en swawel. God is nie met hulle nie, en hulle is nie seuns van God nie, nee - hulle is vir ewig geskei van God - dit is die tweede dood!

Die verloorders word hier gelys:

- vreesagtiges
- ongelowiges
- gruwelikes
- moordenaars
- hoereerders
- towenaars
- afgodedienaars
- leuenaars

OPENBARING 21:9 AFR53

En een van die sewe engele wat die sewe skale gehad het, vol van die sewe laaste plae, het na my gekom en met my gespreek en gesê: Kom hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam.

Johannes hoor 'n bekende stem wat met hom praat. Een van die sewe engele wat die sewe skale gehad het, vol van die sewe laaste plae. Die engel sê vir Johannes - kom hierheen sodat ek vir jou die bruid kan wys, die vrou van die Lam.

Hierdie engel is moontlik dieselfde engel wat vir Johannes die vrou getoon het wat op 'n skarlakenrooi dier sit.

“En een van die sewe engele met die sewe skale het gekom en met my gespreek en vir my gesê: Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit, met wie die konings van die aarde gehoereer het, en die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn van haar hoerery. En hy het my in die gees weggevoer na 'n woestyn, en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings. OPENBARING 17:1-3 AFR53

Die eerste vrou het Babilon, die stad van die dier verteenwoordig. Die vrou in Openbaring 21 verteenwoordig God se stad, die Nuwe Jerusalem.

Ons sien hier die kontras tussen ongeregtigheid en geregtigheid, onreinheid en reinheid, kwaad en goed, wat vir vernietiging gemerk is en wat vir ewig bly.

OPENBARING 21:10 AFR53

En hy het my in die gees weggevoer op 'n groot en hoë berg en my die groot stad getoon, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van God neerdaal;

Johannes word in die gees weggevoer na 'n groot en hoë berg, en die engel wys vir Johannes die groot stad, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van God neerdaal.

Abraham het vêr terug in die Ou Testament die stad waarvan God die boumeester is verwag.

“Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as 'n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom. Deur die geloof het hy as vreemdeling gaan woon in die land van belofte soos in 'n vreemde land en in tente gewoon met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte. Want hy het die stad verwag wat fondamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is.” HEBREËRS 11:8-10 AFR53

OPENBARING 21:11 AFR53

en dit het die heerlijkheid van God gehad, en sy lig was soos 'n baie kosbare steen, soos die kristalhelder jaspissteen.

Die heerlijkheid van God vul die heilige stad Jerusalem en dit skyn kristalhelder soos 'n kosbare edelsteen. Die heerlijkheid van God is God se teenwoordigheid in die stad, net soos God teenwoordig was in Moses se tabernakel en Salomo se tempel.

“Toe het die wolk die tent van samekoms oordek, en die heerlijkheid van die Here het die tabernakel vervul, sodat Moses nie in die tent van samekoms kon ingaan nie, omdat die wolk daarop gerus en die heerlijkheid van die Here die tabernakel vervul het.” EXODUS 40:34-35 AFR53

“En net toe Salomo sy gebed voleindig het, het die vuur uit die hemel neergedaal en die brandoffer en die slagoffers verteer, en die heerlijkheid van die Here het die huis vervul; en die priesters kon nie in die huis van die Here ingaan nie, want die heerlijkheid van die Here het die huis van die Here vervul.” II KRONIEKE 7:1-2 AFR53

OPENBARING 21:12 AFR53

En dit het 'n groot en hoë muur met twaalf poorte gehad, en by die poorte twaalf engele, en name daarop geskrywe, naamlik dié van die twaalf stamme van die kinders van Israel.

Die stad word nou vir ons in detail beskryf.

Die stad het 'n groot en hoë muur met twaalf poorte of ingange. Voor elk van die twaalf poorte of ingange is daar 'n engel, dus is daar twaalf engele om die stad.

Elke poort het ook 'n naam wat op die poort geskryf is, en die name is die twaalf stamme van die kinders van Israel wat die Ou Testament verteenwoordig.

OPENBARING 21:13 AFR53

Aan die oostekant was daar drie poorte, aan die noordekant drie poorte, aan die suidekant drie poorte, aan die westekant drie poorte.

Die poorte van die stad se ligging word nou gegee, en hier het ons die eerste indikasie dat die stad vierkantig is.

Drie poorte aan die oostekant
Drie poorte aan die noordekant
Drie poorte aan die suidekant
Drie poorte aan die westekant

OPENBARING 21:14 AFR53

En die muur van die stad het twaalf fondamente gehad, en daarop was die name van die twaalf apostels van die Lam.

Die muur van die stad het twaalf fondamente, en elke fondament is vernoem na een van die twaalf apostels van die Lam. Die fondamente verteenwoordig die Nuwe Testament.

“gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees.” EFESIËRS 2:20-22 AFR53

OPENBARING 21:15 AFR53

En hy wat met my gespreek het, het 'n goue meetroede gehad, om die stad en sy poorte en sy muur te meet.

Die engel wat met Johannes praat het 'n goue maatstaf waarmee hy die stad, sy poorte en sy muur meet. Johannes het vroeër self die afmetings van die Verdrukking tempel gemeet.

“En 'n riet soos 'n stok is aan my gegee, en die engel het gestaan en gesê: Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die wat daarin aanbid.” OPENBARING 11:1 AFR53

God is 'n God van orde, en die feit dat die engel hier in hoofstuk 21 'n maatstaf het om die stad, sy poorte en die mure te meet, toon dat die Nuwe Jerusalem 'n letterlike stad is en nie 'n mistieke stad nie. As dit 'n suiwer simboliese idee was, of slegs 'n metafoor, sou dit onmoontlik wees om dit te meet.

OPENBARING 21:16 AFR53

En die stad het vierkantig gelê, en sy lengte was net so groot as sy breedte. En hy het die stad met die meetroede gemeet op duisend-vyfhonderd myl; sy lengte en breedte en hoogte was gelyk.

Die engel gee vir Johannes die afmetings van die stad. Die stad is vierkantig met die lengte, breedte en hoogte wat dieselfde is - elk 2,414 km.

Die Allerheiligste vertrek, die vertrek waar God se heerlijkheid teenwoordig is, was nog altyd 'n volmaakte kubus. 'n Kubus is 'n vierkant waar die lengte, breedte en hoogte dieselfde afmetings het.

Die afmetings van die verskillende tempels se Allerheiligste vertrek:

- Moses se tabernakel: 5 x 5 x 5 meter
- Salomo se tempel: 10 x 10 x 10 meter
- Herodus se tempel: 10 x 10 x 10 meter
- 3de tempel: ons weet nie
- Millenium tempel: 10 x 10 x 10 meter

Die nuwe Jerusalem se afmetings is ook die van 'n volmaakte kubus, maar dis nie 'n klein vertrek van 10 x 10 x 10 meter nie, dis 'n enorme konstruksie van 2,414 km x 2,414 km x 2,414 km. In die ewigheid waar ons nie meer sonde het nie, kan ons saam met God woon in die gebou waar Sy heerlijkheid teenwoordig is.

Haleluja - dit is iets om na uit te sien!

OPENBARING 21:17 AFR53

En hy het sy muur gemeet op honderd-vier-en-veertig el, volgens 'n mens se maat, wat die maat van 'n engel is.

In die vorige vers het ons die stad se lengte, breedte en hoogte gekry, en nou in die vers gee die engel die muur se dikte en dit is 144 el of 65.83 meter.

Ons het in vers 14 gelees dat die stad se muur twaalf fondamente het.

En die muur van die stad het twaalf fondamente gehad, en daarop was die name van die twaalf apostels van die Lam. OPENBARING 21:14 AFR53

OPENBARING 21:18-20 AFR53

En die boustof van sy muur was jaspis, en die stad was suiwer goud soos suiwer glas. En die fondamente van die muur van die stad was versierd met allerhande edelgesteentes. Die eerste fondament was jaspis, die tweede saffier, die derde chalcedoon, die vierde smarag; die vyfde sardoniks, die sesde sardius, die sewende chrisoliet, die agtste beril, die negende topaas, die tiende chrisopraas, die elfde hiasint, die twaalfde ametis.

Die boustof van die muur en die eerste fondament is dieselfde, naamlik Jaspis. In vers 11 het ons ook gesien dit is die kleur van God se heerlijkheid.

“en dit het die heerlijkheid van God gehad, en sy lig was soos 'n baie kosbare steen, soos die kristalhelder jaspissteen.” OPENBARING 21:11 AFR53

Die res van die fondamente is elk van verskillende kleure edelgesteentes wat sekerlik 'n pragtige gesig gaan wees om te aanskou.

OPENBARING 21:21 AFR53

En die twaalf poorte was twaalf pêrels; elkeen van die poorte was uit een pêrel, en die straat van die stad was suiwer goud soos deurskynende glas.

Elkeen van die nuwe stad Jerusalem se ingange of poorte is 'n pêrel. Dus, twaalf pêrel poorte om die stad. Dit is waar die spreekwoordelike 'pearly gates' vandaan kom.

Die straat van die stad is van suiwer goud, soos deurskynende glas. Duidelik gaan die kleure en die prag en praal van hierdie stad nie van hierdie wêreld wees nie.

OPENBARING 21:22 AFR53

En 'n tempel het ek nie daarin gesien nie, want die Here God, die Almagtige, is sy tempel, en die Lam.

Die heerlijkheid van God is oor die stad en Sy lig is soos 'n kosbare edelsteen. Dit beteken God met ons soos Hy was met Moses se tabernakel, Salomo se tempel, in elkeen van ons as Christene vandag en die Millenium tempel van die toekoms. Dus is daar geen nut vir 'n tempel in die ewigheid nie, en Johannes sê ook vir ons dat hy nie 'n tempel sien nie.

“en dit het die heerlijkheid van God gehad, en sy lig was soos 'n baie kosbare steen, soos die kristalhelder jaspissteen.” OPENBARING 21:11 AFR53

OPENBARING 21:23 AFR53

En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlijkheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp.

In die begin in Genesis toe God die wêreld geskape het, was die wêreld woest en leeg en in duisternis gehul, en God het gesê laat daar lig wees, en daar was lig.

“In die begin het God die hemel en die aarde geskape. En die aarde was woest en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters. En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig.” GÊNESIS 1:1-3 AFR53

Hierdie lig was teenwoordig nog voordat God die son, maan en sterre geskape het. Hier in die boek Openbaring aan die einde van tyd keer ons weer terug na God se lig wat God se heerlijkheid is en nie 'n son, maan en sterre nodig het om lig te maak nie.

OPENBARING 21:24 AFR53

En die nasies van die wat gered word, sal in die lig daarvan wandel, en die konings van die aarde bring hulle heerlijkheid en eer daarin.

Die nasies wat gered is woon buite die stad en wandel ook in God se lig.

Die konings van die aarde bring ook hul heerlijkheid en eer in die lig wat beteken dat die konings ook aan God onderdanig is.

OPENBARING 21:25-26 AFR53

En bedags — want nag sal daar nie meer wees nie — sal sy poorte nooit gesluit word nie; en hulle sal die heerlijkheid en die eer van die nasies daarin bring.

Nag is daar nie meer nie, net dag want God se lig hou nie op om te skyn nie.

Omdat daar nie nag is nie, hoef die poorte nie gesluit te word nie. Daar is nie meer enige gevaar nie, so die poorte kan oop bly. Al wat nou in die stad inkom is die heerlijkheid en eer van die nasies.

OPENBARING 21:27 AFR53

En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam.

Niks wat die stad verontreinig of enige gruwelikheid of leuen kan ooit weer in die stad inkom nie.

Net die wat in die boek van die lewe van die Lam ingeskryf is, net hulle sal in die stad kan inkom!

Openbaring 22



OPENBARING 22:1 AFR53

“En hy het my getoon 'n suiwer rivier van die water van die lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van God en van die Lam.

Die engel is nog steeds 'n toergids en wys vir Johannes nou die besienswaardighede van die Nuwe Hemel en die Nuwe Aarde.

Johannes sien die suiwer rivier van die water van die lewe. Die water is kristalhelder, en dit stroom uit die troon van God en van die Lam.

Ons het al geleer van die water van die lewe in verskillende Bybel verse.

“maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe.” JOHANNES 4:14 AFR53

“O Here, Verwachting van Israel! almal wat U verlaat, sal beskaamd staan; wie van My afwyk, sal op die aarde geskryf word; want hulle het die Here, die fontein van lewende water, verlaat.” JEREMIA 17:13 AFR53

OPENBARING 22:2 AFR53

In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies.

Johannes sien nou 'n straat en in die middel van die straat en aan weerskante van die rivier is die boom van die lewe. Die laaste keer wat ons die boom van die lewe gesien het was in Genesis in die tuin van Eden, eers voor die sondeval....

“Ook het die Here God 'n tuin geplant in Eden, in die Ooste, en daar aan die mens wat Hy geformeer het, 'n plek gegee. En die Here God het allerhande bome uit die grond laat uitspruit, begeerlik om te sien en goed om van te eet; ook die boom van die lewe in die middel van die tuin, en die boom van die kennis van goed en kwaad.” GÉNESIS 2:8-9 AFR53

..... en toe na die sondeval, toe Adam en Evan uit die tuin verban is, en gerubs met swaarde as wagte geplaas is om toegang tot die boom te beskerm.

“Toe sê die Here God: Nou het die mens geword soos een van Ons deur goed en kwaad te ken. As hy nou maar nie sy hand uitsteek en ook van die boom van die lewe neem en eet en lewe in ewigheid nie! Toe stuur die Here God hom weg uit die tuin van Eden om die grond te bewerk waaruit hy geneem is. So het Hy dan die mens weggedrywe en gérubs aan die oostekant van die tuin van Eden laat woon, met die swaard wat vlam en flikker, om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak.” GÉNESIS 3:22-24 AFR53

God het verhoed dat Adam en Evan as sondige mense van die boom van die lewe eet, en dan in die toestand vir ewig lewe en verdoem sou wees. Maar, noudat ons in die hemel is, kan ons van die boom van die lewe eet om sodoende vir ewig te lewe.

Die boom dra vêrder maandeliks vrugte wat as ‘n tydmeganisme dien in die Nuwe Hemel en die Nuwe Aarde. Die tyd gaan verby en word gemeet, maar dit word slegs gemeet in maande, nie jare nie.

OPENBARING 22:3 AFR53

En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie, en die troon van God en van die Lam sal daarin wees, en sy diensknegte sal Hom dien.

Die aarde is in Genesis vervloek omdat die mens gesondig het.

“En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie — vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe.” GÉNESIS 3:17 AFR53

Maar nou is die vervloeking verby. Die vers gee vir ons die bevestiging - daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie.

Wat daar wel gaan wees is die troon van God en van die Lam, en al die diensknegte gaan God en die Lam dien.

OPENBARING 22:4 AFR53

En hulle sal sy aangesig sien, en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees.

Vir die eerste keer ooit sal mense God se aangesig kan sien, en God se Naam sal op almal se voorhoofde wees. Matteus vertel vir ons dat die wat rein van hart is, God sal sien.

“Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien.” MATTHÉÛS 5:8 AFR53

OPENBARING 22:5 AFR53

En nag sal daar nie wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die Here God hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid.

Hier is weer bevestiging soos in die vorige hoofstuk dat daar nooit weer nag sal wees nie. Geen lamp of sonlig is nodig nie want God self is die lig wat ewigdeur skyn.

En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp. OPENBARING 21:23 AFR53

Vêrdere bevestiging word gegee dat ons saam met God en die Lam as konings gaan regeer.

“Dit is 'n betroubare woord; want as ons met Hom gesterf het, sal ons ook met Hom lewe. As ons verdra, sal ons met Hom regeer. As ons Hom verloën, sal Hy ons ook verloën.” II TIMÓTHEÛS 2:11-12 AFR53

“en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen.” OPENBARING 1:6 AFR53

OPENBARING 22:6 AFR53

En hy het vir my gesê: Hierdie woorde is betroubaar en waaragtig; en die Here, die God van die heilige profete, het sy engel gestuur om sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur.

Die engel sê vir Johannes soos ook God in die vorige hoofstuk, dat hierdie woorde betroubaar en waaragtig is.

“En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar.” OPENBARING 21:5 AFR53

Watter woorde is waar? Die hele profesie van Openbaring wat ons deurgewerk het. Die vers sê dat die Here, die God van die heilige profete, Sy engel gestuur het om aan Sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur. Hierdie woorde het ons aan die begin van Openbaring gelees.

“Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het,” OPENBARING 1:1 AFR53

OPENBARING 22:7 AFR53

Kyk, Ek kom gou. Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar.

God self sê: kyk, Ek kom gou! Die sin word drie keer herhaal in die hoofstuk. Hierdie vers, en verse 12 en 20.

Salig of geseënd is hy (elkeen wat hier lees) wat die profesie van hierdie boek bewaar. Weereens bevestiging soos in hoofstuk een, dat die studie van die boek Openbaring en die bewaring van die woorde in jou hart, 'n seëning vir sy leser belowe.

“Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby.” OPENBARING 1:3 AFR53

OPENBARING 22:8-9 AFR53

En dit is ek, Johannes, wat dit gesien en gehoor het; en toe ek dit gehoor en gesien het, het ek neergeval om te aanbid voor die voete van die engel wat my hierdie dinge getoon het. Toe sê hy vir my: Moenie! want ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders, die profete, en van hulle wat die woorde van hierdie boek bewaar. Aanbid God.

Johannes vertel vir ons dat hy die een is wat die woorde van die profesie van Openbaring ontvang het, en dat hy voor die voete van die engel wat hom die dinge getoon het, neergeval het.

“En ek het voor sy voete neergeval om hom te aanbid; maar hy het vir my gesê: Moenie! Ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God. Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie.” OPENBARING 19:10 AFR53

Ek is nie seker of Johannes net teruggedink, en of hy weer voor die engel neergeval het nie, maar die uiteinde is: Moenie! Aanbid God alleen.

OPENBARING 22:10 AFR53

En hy het vir my gesê: Moenie die woorde van die profesie van hierdie boek verseël nie, want die tyd is naby.

Johannes moet nie die woorde van die boek Openbaring verseël nie, want die tyd is naby.

Hierdie is 'n totaal ander boodskap as wat Daniel in die Ou Testament gekry het, toe hy die woorde van sy profesie wel moes verseël. Daniel se profesie was nog in die verre toekoms.

“En die gesig van die aande en die môres waarvan gespreek is, dit is waarheid; en jý, hou die gesig geheim, want dit sien op 'n verre toekoms.” DANIËL 8:26 AFR53

“En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe; baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder.
En hy het gesê: Gaan heen, Daniël, want die woorde bly verborge en verseël tot die tyd van die einde toe.” DANIËL 12:4, 9 AFR53

OPENBARING 22:11 AFR53

Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word.

Johannes word daaraan herinner dat, die feit dat hierdie boek in ons tyd verstaan kan word, nie beteken dat ongelowiges daaruit voordeel sal trek nie.

Inteendeel, die engel sê dat ongelowiges sal voortgaan om hul sondige weë te volg.

Slegs wanneer en as die Gees daardie weg onderbreek deur vir hulle reddende geloof te bring, sal dit verander.

Intussen sal diegene wat die waarheid het, tot die einde toe in Christus se hand bly.

OPENBARING 22:12 AFR53

En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.

Ek kom gou! Die tweede keer in die hoofstuk wat die woorde uitgespreek word.

Jesus praat met ons, die gelowiges en sê Sy koms is gou en Hy bring Sy beloning vir elkeen om te ontvang volgens ons werke. Ons kan dus nie lui raak omdat ons weet Jesus se koms is naby nie, ons moet soos Paulus wees. Stry die goeie stryd, voltooi die wedloop, en behou jou geloof!

“Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou.” II TIMÓTHEÛS 4:7 AFR53

OPENBARING 22:13 AFR53

Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste.

Jesus beklemtoon weereens wie Hy is: die Alfa en die Omega, die begin en die einde, die eerste en die laaste. Hierdie woorde is op drie ander geleenthede in Openbaring geuiter.

“Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.” OPENBARING 1:8 AFR53

“wat sê: Ek is die Alfa en die Oméga, die eerste en die laaste, en skryf wat jy sien in 'n boek en stuur dit na die sewe gemeentes wat in Asië is: na Éfese en Smirna en Pérgamus en Thiatíre en Sardis en Filadelfía en Laodicéa.” OPENBARING 1:11 AFR53

“En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet.”
OPENBARING 21:6 AFR53

OPENBARING 22:14 AFR53

Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.

Geseënd is die wat God se gebooie doen! Die mense het die reg om te eet van die boom van die lewe, en kan ingaan deur die poorte in die stad.

Daar is sewe saligspreuke in die boek Openbaring, en hierdie een is die sewende. Hiermee ‘n lys van die ander ses saligspreuke.

“Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby.” OPENBARING 1:3 AFR53

“En ek het 'n stem uit die hemel aan my hoor sê: Skryf — salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid, en hulle werke volg met hulle.”
OPENBARING 14:13 AFR53

“Kyk, Ek kom soos 'n dief. Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie.” OPENBARING 16:15 AFR53

“Toe sê hy vir my: Skryf — salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God.” OPENBARING 19:9 AFR53

“Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.” OPENBARING 20:6 AFR53

“Kyk, Ek kom gou. Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar.”
OPENBARING 22:7 AFR53

OPENBARING 22:15 AFR53

Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen.

Maar buite..... buite God se wil, dus die wat nie soos in die vorige vers God se gebooie doen nie, is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen.

“Let op die honde; let op die slegte arbeiders; let op die versnyding.” FILIPPENSE 3:2
AFR53

OPENBARING 22:16 AFR53

Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester.

Jesus gee bevestiging van dit wat ons reeds geleer het. Jesus het Sy engel gestuur om al die dinge van die profesie in Openbaring aan die gemeentes te betuig.

“Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het,” OPENBARING 1:1 AFR53

Dan vêrder gee Jesus vir ons Sy geslagsregister, Hy is die wortel en van die geslag van Dawid.

“Maar daar sal 'n takkie uitspruit uit die stomp van Ísai, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra;”. JESAJA 11:1 AFR53

“Die geslagsregister van Jesus Christus, die seun van Dawid, die seun van Abraham:”. MATTHÉÛS 1:1 AFR53

OPENBARING 22:17 AFR53

En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.

Die Gees en die bruid nooi die wat hoor, en die wat dors het, en die wat wil, om verniet die water van die lewe te neem.

Hierdie is ‘n finale uitnodiging aan almal om Jesus as Verlosser te aanvaar!

“Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.” EFÉSIËRS 2:8-9 AFR53

OPENBARING 22:18 AFR53

Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is.

Johannes praat nou met almal wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor, dus die boek Openbaring. Die waarskuwing wat gegee word is baie duidelik.

As iemand by hierdie dinge iets byvoeg, dan sal God oor hom die plaë byvoeg waarvan in Openbaring geskryf is.

Moses het in Deuternomium dieselfde waarskuwing aan die Israeliete gegee.

“Julle mag by die woord wat ek julle beveel, niks byvoeg nie, en julle mag daar niks van weglaat nie; sodat julle die gebooie van die Here julle God mag onderhou, wat ek julle beveel.” DEUTERONÓMIUM 4:2 AFR53

OPENBARING 22:19 AFR53

En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is.

In aansluiting met die vorige vers word die waarskuwing uitgebrei. As iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God die persoon se deel wegneem

- uit die boek van die lewe, en
- uit die heilige stad, en
- uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is.

So dit is baie duidelik: Moet nie iets byvoeg of wegneem van die profesie wat hier gegee is nie, want daar wag slegte gevolge op die persoon wat nie luister nie.

OPENBARING 22:20 AFR53

Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus!

Jesus getuig finaal dat Hy weer terugkom met: Ja, Ek kom gou.

En Johannes antwoord daarop: Amen, ja kom, Here Jesus!

OPENBARING 22:21 AFR53

Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle almal! Amen.”

Johannes spreek 'n finale seën uit oor sy lesers:



‘Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle almal! Amen.’



Baie dankie aan almal wat die reis deur Openbaring met my meegemaak het.

Groete in Christus, Regina Torre!